
# Daniël

## Visie vir die Toekoms



Louis Nel

# Visie vir die Toekoms

## Oordenkinge oor Daniël

## Louis Nel

**November 2009**

Voorblad:

**Gedeelte van 'n skildery deur Rubens ca. 1600**

Saamgestel deur

Mosbolletjie Publikasies

louis@dagstukkie.co.za

082 771 4925

www.dagstukkie.co.za

# Inhoud

0  Voorwoord

1  Daniël – Visie vir die Toekoms

2 God Is In Beheer

3 As ‘n Koning Droom

4 Gebed en Lofprysing

5 Die Standbeeld

6 Die Koning se Beeld

7 Gered uit die Vuur

8 ‘n Seder Val

9 Die Dronkpartytjie

10 Die Skrif is aan die Muur

11 Darius se Dekreet

12 Darius in die Sop

13 Saam met die Leeus

114 Daniël se Visioen

15 Die Engel Verduidelik

16 Twee Ramme

17 Die Wilde Horing

18 Gabriël Praat

19 Die Engel Verduidelik

20 Puinhope van Jerusalem

21 Here, Vergewe....

22 Hoor tog, Here!

23 Gabriël kom Aangevlieg

24 Die Luggeveg Oor Juda

25 Die Engel by die Tigris

26 Hemelse Geveg

27 Oorlog in die Lug

28 Konings Wik, God Beskik

29 'n Slinkse Troonjagter

30 Konings Konkel

31 Afvalligheid

32 Antiochus, die Epifanes
33 Antiochus se Vlammetjie Geblus
34 Profetiese Perspektief
35 God se Bepaalde Tyd
36 Gewaarborgde Oorwinning

# Voorwoord

Daar is talle boeke geskryf oor die boek Daniël. En soveel boeke as wat daar is, soveel uitlegte is daar vir Daniël se professieë. Ek dink nie daar sou enige nut wees om nóg ‘n kommentaar of Bybelstude van hierdie boek te maak nie, omdat daar reeds soveel daaroor geskryf is, en ook omdat daar soveel bespiegelinge is oor sekere omstrede gedeeltes in hierdie boek.

Daarom het ek geensins gepoog om dit as ‘n Bybelstudie aan te bied nie. Ek het eerder probeer om die nodige agtergrond te gee waarteen dit geskryf is, en dan ‘n boodskap uit die betrokke gedeelte te haal wat op

ons moderne lewe van toepassing is. Die resultaat is ses en dertig oordenkinge wat ‘n mens dikwels diep laat dink, maar wat ook vir die gelowige as troos dien in die moeilike en goddelose tye waarin ons leef.

My innige bede is dat hierdie reeks oordenkinge vir jou ook soveel sal beteken as wat dit vir my beteken het terwyl ek dit geskryf het.

Louis Nel

# 1 Daniël - Visie vir die Toekoms?

## Daniël - Inleiding

Suid Afrika se politiek was seker nog nooit so deurmekaar as juis nóú nie. Daar is ‘n verkiesing op hande, en die grootste party in die land is op die punt om te skeur - of is hy? Die staatspresident is so pas afgedank, en ‘n nuwe aangestel. Die persoon wat in die tou staan om aanstaande jaar president te word, staar ‘n reuse hofsaak in die gesig - wat gaan daar gebeur? Gaan Zuma verkies word as president? In ons buurland, Zimbabwe, weet ons steeds nie of daar ooit ‘n oplossing gaan kom vir die astronomiese krisis nie. Terselfdertyd ervaar ons ‘n

ekonomiese krisis in die wêreld soos ons nog nooit beleef het nie - superbanke speel bankrot; die aandelemarkte tuimel ineen - ‘n groot gemors, en niemand kan voorspel waarheen dit werklik op pad is nie. Boonop sit ons met ‘n ander krisis op hande: die wêreld se klimaatstoestande is besig om teen ‘n skrikwekkende tempo te verander. In gister se Beeld is daar ‘n berig, dat die kenners reken dat die Noordpool se see-ys binne slegs vyf jaar totaal gaan verdwyn in die somermaande. Wat gaan dit aan ons klimaat doen? Gaan dit veroorsaak dat seevlakke drasties styg? Wat gaan word van ons eie land se landbou?

# Onsekerhede, onsekerhede……

Te midde van sulke onsekerhede gryp mense na enige strooihalmpie om te kan sien wat gaan gebeur. Wat hou die toekoms vir ons in? Die mens het ‘n natuurlike vrees vir die onbekende, en dikwels maak ‘n mens vir jouself voorspooksels oor wat gaan gebeur. Ek onthou nog baie goed, toe ek op skool was, toe die Russe met ‘n skeepsvrag wapens na Kuba op pad was, en die Amerikaners gedreig het om hulle op te blaas. Dag na dag het ons kinders asem opgehou vir wat sou gebeur, want Rusland het gedreig om Amerika aan skerwe te blaas met atoombomme as hulle die skip

sou aanval, en Amerika was weer op sy beurt gereed om Rusland te disintegreer. “Die derde wêreldoorlog gaan uitbreek!”, het ons vir mekaar gesê. Dis skip het omgedraai, en die oorlog het toe nooit gebeur nie. Die feit is dat alle mense ‘n behoefte het in vastigheid. Ons wil graag die versekering hê dat wat op ons lewenspad gaan kom, voorsien is.

Dit is in sulke oorgangstye en te midde van hierdie soort onsekerhede dat mense na steunpilare soek waaraan hulle kan vashou. En as hierdie steunpilare dan boeke is wat die toekoms haarfyn “voorspel”, dan verkoop

hulle soos soetkoek - mense raap hulle op en verslind die inhoud. Sulke boeke plaas die gebeure op hande in ‘n netjiese patroon, en dit is wat mense wil hê. Hal Linsey se boek, “Die groot planeet aarde - wat is sy toekoms?”, het soos soetkoek verkoop. Lindsay was van mening dat die wêreldgebeure aan die einde van die twintigste eeu haarfyn in die Bybel voorspel is. Siener van Rensburg, wat gedurende die Anglo-Boereoorlog as siener opgetree het, is veral onder die Afrikaanssprekende mense baie gewild. Hy het die gebeure in Suid-Afrika aan die einde van die twintigste eeu voorspel. Nog ‘n baie gewilde “profeet”, was die sestiende-

eeuse geneesheer en astroloog, Nostradamus. Hierdie Fransman se voorspellings word vandag nog steeds opgeslurp deur baie mense.

‘n Mens moenie mense se behoeftes aan sekerheid en vastigheid sommer ligtelik opneem nie. G’n mens kan immers sinvol leef in totale chaos en anargie nie!

Die skrywer van die boek Daniël het hierdie behoefte aan sekerheid onder die gelowiges van sy tyd raakgesien, en daarom het hy ‘n boek geskryf wat hulle kon help om sin te maak van die dinge wat rondom hulle afgespeel het. Wie die skrywer was, weet ons ongelukkig nie, maar dit was geskryf in die

tweede eeu vC. Vir hierdie skrywer was dit baie belangrik dat sy lesers hulle nie sou blindstaar teen die chaotiese gebeure rondom hulle nie. Hulle moes vir God raaksien! Hy is immers die Een wat saam met hulle die toekoms ingaan en wat uit hierdie oënskynlike chaos weer orde kan skep.

Waar ek en jy vandag in ‘n tydperk staan van “totale chaos” (so lyk dit vir ons), kan hierdie inspirerende boek uit die Ou Testament vir ons in die een en twintigste eeu steeds troos bied en vastigheid in ons lewe gee. Baie mense wil die boek Daniël sien as ‘n profetiese boek wat die gebeure vandag vir ons voorspel.

Ons moenie allerhande dinge in Daniël probeer lees wat daar nie is nie. Saam met die skrywer moet ons liewer die troos vind dat God met ons is - maak nie saak wat die omstandighede nie. Ons moet terdeë besef dat daar geen nag is - hoe donker ookal - waarin God nie by ons is nie!

Vir my is die boek Daniël ‘n uitdaging. Ons is so geneig om slegs die “stories” in die boek te lees, en wanneer ons by hoofstuk 7 tot 12 kom, dan blaai ons liewers verby, want dit is te hoog vir ons. Ek nooi jou uit om saam met my sin te maak van hierdie heerlike boek. Ek gaan die Bybellennium van Prof. Wil

Vosloo en Fika van Rensburg gebruik as handleiding - as jy een het, trek hom gerus ook nader!

**Gebed:**

**Here, dankie dat ek vanoggend die versekering het dat U elke oomblik by my is, selfs al lyk dit soms of chaos my oorval het.**

# 2 God Is In Beheer

# Daniël 1:1-21

Ek het dít teen hedendaagse rolprente: Vir die eerste halfuur sit jy en wonder waaroor die fliek nou eintlik gaan, en dan, as dit klaar te laat is, dan begin die storie eers so half en half sin maak. In die ou flieks was daar ‘n goeie inleiding, sodat jy sommer dadelik geweet het waarvoor jy jou moet voorberei, en van die begin af maak die storie sin. Nou-ja, Daniël is soos een van hierdie goeie ou flieks, met ‘n behóórlike inleiding om jou presies te vertel wat die agtergrond is, sodat jy agteroor kan sit en die verhaal geniet. Nou hoef jy nie te sit en

wonder waaroor dit gaan, terwyl die verskillende intriges afspeel nie, en jy kan ál jou aandag wy aan dít wat op daardie tydstip belangrik is.

Daniël se verhaal begin toe koning Nebukadnesar van Babel die stad Jerusalem beleër het. Die ou Joodse volkie het nie antwoord gehad met hierdie magtige ryk nie, en hulle is oorrompel. Die pragtige tempelgereedskap is gebuit, en boonop het hulle van die mense ontvoer na Babel. Dit is opvallend dat die skrywer hier sê dat hulle na Sinar geneem is, maar daar was ‘n doel daarmee. In Gen. 10:8-10 word daar vertel van Nimrod, die dapper jagter van Sinar, en later, in Gen. 11

word die verhaal vertel van dit toring van Babel. Die skrywer wou sy lesers herinner aan hierdie dinge, en hy wil dit ook duidelik stel dat Daniël en sy vriende hulle in ‘n stad met ‘n groot reputasie bevind. Wat gaan daar van hulle word? Gaan hierdie jong Joodjies dit oorleef? Gaan hulle nie dalk swig voor die druk van hierdie beroemde stad nie?

Vier jong manne wat uittroon bo die ander adellike krygsgevangenes word deur Aspenas, die hoofpaleisbeampte, uitgesoek. Hulle moet vir drie jaar onderrig word in die Babiloniese skrif en taal, en hulle moet koninklike kos gevoer word sodat hulle geestelik en liggaamlik

sterk kan word. Die groot rede is egter om almal gelyk te stel: hulle moes nes die ander jong manne van Babilon word. Hulle kry selfs nuwe name sodat hulle Joodse agtergrond in die vergetelheid sal verdwyn, en hulle van hulle Joodse wortels vervreem sou raak. Ja, in Nebukadnesar se paleis verloor jy jou identiteit en gedra jy jou soos ‘n Babiloniër. “In Rome maak jy soos die Romeine”, lui die bekende spreekwoord. As jy anders wil wees, is jy in die sop!

Daniël waag dus sy lewe deur te versoek dat hulle ander kos kry. Dit sou absoluut teen sy grein as Jood in gaan om nou te moet onrein diere

eet - iets wat die wet van Moses uitdruklik verbied. Slim man wat hy is, stel hy ‘n “proeftydperk” voor, en Aspenas val daarvoor. Die groot risiko wat Daniël en sy vriende bereid is om te loop, weerspieël iets van hulle Godsdienstige toewyding. Vir my en jou is die boodskap hierin: **Leef jou oortuigings uit. Moenie maar net met die stroom saamgaan nie**.

Die verhaal sluit af met die gedagte dat hierdie vier manne uitmuntend uitgestaan het bo die res, na hulle drie jaar van opleiding. En Daniël? Hy was in diens van die paleis tot aan die einde van die eerste regeringsjaar van koning Kores, dus

vanaf 604 vC tot 539 vC - ‘n volle 65 jaar.

As ons ‘n bietjie agter die skerms van hierdie verhaal gaan kyk, dan sien ons ‘n paar merkwaardige dinge. Die skrywer vertel vir ons dat die **HERE** vir koning Jojakim in Nebukandnesar se hand oorgegee het. Hiermee wil hy sê dat God aan die stuur van sake staan, selfs as daar soms onaangename dinge in jou lewe gebeur. Niks gebeur buite God se toedoen nie. Later (in vers 9) skryf hy weereens dat dit **God** is wat die hoofpaleisbeampte simpatiek gestem het teenoor Daniël se versoek. En in vers 17 sien ons weereens die hand van God, want

dit is **HY** wat hierdie vier jongmanne die verstand en insig en wysheid gegee het. Hiermee wil die skrywer beklemtoon dat God gelowiges seën wat getrou hulle godsdienstige oortuigings uitleef, sodat hulle bo ander uittroon.

Ons sien egter duidelik dat hierdie manne nie maar net gaan terugsit het, en hulle lot gelate aanvaar het nie, maar dat hulle werkgemaak het van hulle situasie. Geestelike groei kom deur sélf skouer aan die wiel te sit. Gary Player het eenmaal ‘n baie goeie golfhou geslaan, en iemand het opgemerk dat hy “gelukkig” was, waarop Gary se antwoord was, dat hoe harder ‘n mens oefen, hoe

“gelukkiger” word jou houe. Wanneer ons die verhaal van Daniël lees, sien ons deurentyd dat dit van hom volharding gekos het, en harde werk om staande te kon bly in Babel, en boonop uit te troon bo almal. Ons sien ook dat hy onvoorwaardelik op God moes vertrou - die verhale van die vuuroond en die leeukuil beklemtoon dit. Maar ons sien ook God se beskerming wanneer hy al sy vertroue op God plaas.

Die boodskap van Daniël vandag vir jou en my, is dat ons ons nie moet blindstaar teen die gevare wat ons moet trotseer nie, maar dat ons God onvoorwaardelik moet vertrou, en

rustig voortgaan om ons geloof voluit te leef. God is getrou - Hy sal voorssien - dikwels op die mees asemrowende manier!

**Gebed:**

**Here, dankie vir hierdie versekering vanoggend, dat U in beheer is in alle omstandighede.**

# 3 As ‘n Koning Droom

# Daniël 2:1-13

Het jy al ‘n ontstellende droom in jou lewe gehad wat by jou bly spook? ‘n Rukkie gelede het iemand my ‘n e-pos gestuur, en vertel van so ‘n droom, en sy wou weet of ek dit dalk vir haar kon uitlê. Wat sou dit beteken? Natuurlik is ek nie ‘n Josef of ‘n Daniël nie, en van sulke dinge weet ek niks! Het drome ooit ‘n betekenis? Toe ek kind was, het die oumense ‘n betekenis geheg aan elke droom - as jy sús droom, dan sou só gebeur. En dikwels was mense bitter ontsteld, want daar sou dood in die familie kom omdat iemand iets gedroom het wat dit

kwansuis sou voorspel. Het drome énige betekenis?

Die antwoord hierop is: “Ja” én “Nee”. “Nee”, omdat drome maar net ‘n ontlading is van jou onderbewussyn, en dat jy verder absoluut géén waarde daaraan kan heg nie. Dit gaan byvoorbeeld nie vir jou die toekoms voorspel nie! Maar dan moet ek dadelik byvoeg, dat God almagtig is, en dat Hy op wonderbaarlike wyses kan werk. Op verskeie plekke in die Bybel lees ons van gevalle waar God in ‘n droom met mense gepraat het. Moet asseblief nie God se stem in elke droom sien nie - hierdie is raar gebeurtenisse, en daar het dikwels

honderde jare verloop tussen die geleenthede waar God só met mense gepraat het. Dit was slegs by uitsonderlike geleenthede, en wanneer iets van uiterste belang sou gebeur.

Nebukadnesar het so ‘n droom gehad - ‘n Godgegewe droom.

Maar nou is daar eers ‘n ander sakie wat ons moet oplos - ‘n “teenstrydigheid” in die verhaal. Hierdie perikoop begin deur te vertel dat die gebeurtenis in die tweede jaar van Nebukadnesar se regering plaasgevind het. Uit die vorige hoofstuk weet ons dat Daniël eers drie jaar opleiding gekry het - dit maak nie sin nie! Verder lyk dit asof

Daniël totaal onbekend was in die paleis - net ‘n Judese balling. Ons moet onthou dat hierdie boek geskryf is meer as 300 jaar na Daniël geleef het. Dit was vertellings en oorlewerings wat tóé eers geboekstaaf is. Ons moet ook baie goed besef dat hierdie boek nooit bedoel was as ‘n geskiedenisboek om Daniël se geskiedenis te vertel nie - hy was slegs die aanknopingspunt van die verhaal. Hierdie boek handel oor God en nie oor Daniël nie. Ons moet dan ook elke perikoop in die boek op sy eie lees wat die geskiedenis betref, en baie dieper kyk as net ‘n storie - dan sal ons vir God agter die storie sien. Eers dán sal Daniël vir ons sin

maak.

As ons dit hierbo in ag neem, dan sien ons dat die boodskap wat die skrywer in hierdie verhaal vir ons wil tuisbring, behels dat “die God van die Hemel” absoluut alles weet, en dat Hy alles beheer en dat Hy reddend kan ingryp. Dit is die troos wat die skrywer aan sy lesers wou bied terwyl hulle onder vreemde oorheersing moes leef. Geskiedenis troos mense nie - dit is gewoonlik totaal te mistroostig! Wat wél waar is, is dat verhale mense kan troos. Aangrypende verhale kan mense weer sin gee in die lewe, en vir hulle hoop gee. Die skrywer van hierdie boek het dit terdeë besef. Jesus het

natuurlik ook mildelik gebruik gemaak van sulke verhale om sekere waarhede vas te lê - en met baie groot sukses. Die vraag wat dalk by 'n mens opkom is: Was hierdie dan net 'n storie? Geensins! Dit is 'n ware verhaal, maar moenie dit as geskiedenis lees nie!

Die skrywer kom en bou die verhaal stelselmatig op na 'n klimaks. Eers word al die Babiloniese droomuitlêers bymekaargeroep. Dit is asof die koning sy net so wyd as moontlik gooi. Hierdie droom van hom pla hom, en nét miskien is daar iemand wat dit kan uitlê. "Ek wil weet wat die droom beteken", gooi hy eers die aas uit. "Aag, dis

maklik!", het die wyse manne seker gedink, maar dan los die koning die bom: "Gee my die droom én die uitleg". "Maar dis onregverdig!", hyg hulle - hoe kan hy dit van hulle verwag? Mens kan tog nie 'n droom uitlê as jy nie eers weet waaroor die droom gaan nie! Dis soos om vir 'n dokter te sê om iemand gesond te maak sonder dat hy die pasiënt sien of vertel word wat hom makeer. Dis onlogies en absurd! Maar die koning bulder voort: "Die droom, anders is julle dood!". "Maar daar is geen mens op aarde wat dit kan doen nie", kerm hulle, "ons is mense, nie gode nie! Wees asseblief redelik!"

Die opdrag word gegee dat die hele

lot wreedaardig doodgemaak moet word. Daniël en sy vriende se lewe is natuurlik ook in die gedrang, aangesien hulle ook onder die koning se raadgewers tel. Die donkerste nag in die lewe van die raagewers het aangebreek. So bitter, bitter onregverdig!

Maar dit berei die verhoog voor, dat God se almag aan die heidene bekend gestel word. Dikwels is dit in die héél donkerste nag waar God se lig die helderste skyn. Wanneer dit menslik lyk asof daar absoluut géén uitkoms is nie - dan sê God: “Ek is in beheer! Ek het hierdie duisternis toegelaat om My almag te demonstreer!”

## Gebed:

**Here, dankie vir hierdie wonderlike verhaal van Daniël, en vir die troos wat dit selfs vandag nog vir ons bied.**

# 4 Gebed en Lofprysing

## Daniël 2:14-23

Hier kom moeilikheid, groot, gróót moeilikheid! Generaal Arjok, die hoof van die koninklike lyfwag, het opdrag gekry om ontslae te raak van al die koninklike raadgewers. Hulle ware kleure het gewys, en Nebukadnesar het agtergekom dat hierdie 'n spul bedriërs is wat hom om die bos probeer lei met mooi praatjies. Nie 'n enkele een van hierdie sogenaamde "wyse manne" kon hom eers vertel wat sy droom behels het nie! Daniël en sy drie maters is bitter bekommerd - natuurlik word hulle gereken onder die slim manne, en hulle doppie is

so te sê geklink.

Dan besluit Daniël dat hy mos nie sommer so kan sit en wag om doodgemaak te word nie. Hy keer vir Arjok voor: “Waarom is die koning so genadeloos?”, wil hy weet. En Arjok verduidelik. Hierna is Daniël na die koning, en hy vra dat Nebukadnesar asseblieftog nog so ‘n bietjie sal uitstel met sy teregstelling. Ek dink die magtige koning was dalk ‘n bietjie gefassineerd met hierdie brawe jong Joodjie, en hy besluit: “Watwo! ‘n Rukkie uitstel kan nie kwaad doen nie. Wie weet, dalk verras die mannetjie hom nog!”

Daniël haas hom na sy vriende toe:

"Ons het grasie!", hyg hy, "Nou moet ons ernstig bid!" En hulle innige smeekgebed om genade, sodat die geheim van die koning se droom vir hulle opgelos sou word, styg op na God. Sou die Here hulle genadig wees? Sou Hy hulle gebed antwoord?

Die viertal het uiteindelik gaan slaap. Maar daardie nag kom daar 'n droom na Daniël - 'n droom só helder en duidelik asof dit die werklikheid is. Hy skrik wakker met 'n bonsende hart. En dan weet hy: hierdie was nie sommer net 'n droom nie - nee, hierdie was 'n visioen wat God in Sy groot genade vir hom laat sien het. En nou weet

hy presies wat om vir die koning te gaan sê. “Loof die Here!”, jubel Daniël dit uitgelate uit. Sy vriende wil nog wonder oor wat aan die gang is, maar dan sien hulle dat Daniël in ekstase is. God het die koning se droom aan hom geopenbaar. “Mag die Naam van God altyd geprys word!”, jubel Daniël dit uit, “Hy aan wie die wysheid en mag behoort”. ‘n Spontane loflied vul die vertrek, en ek is seker dat sy vriende daar, in die middernagtelike ure, rondgedans het van blydskap. “Ek loof en prys U, God van my voorvaders, omdat U aan my wysheid en mag gegee het.”

Vers 17-23 - die gesprek van Daniël met sy vriende en die lofprysing, is

die as waarom hierdie hele hoofstuk draai. As Daniël sien dat hulle in die moeilikheid is, vra hy sy vriende om saam met hom te bid. Die skrywer gebruik hier doelbewus die Hebreeuse name van Daniël se vriende. Ja, hulle is dalk in dieselfde bootjie as die ander raadgewers, maar hulle is tóg totaal anders, want hulle aanbid die Lewende "God van die hemel". Met hierdie beskrywing van God word Sy absolute verhewenheid beklemtoon. Maar al is Hy so hoog verhewe, kan hulle steeds na Hom gaan in gebed, en Hy is nie te ver om hulle smeekgebede te verhoor nie. Inderdaad was hulle gebed skaars van hulle lippe af, toe verhoor God

hulle smeking, en Hy gee aan Daniël die koning se droom sowel as die uitleg daarvan, so helder soos daglig.

Wat gebeur as Daniël wakker word? Hy bars uit in ‘n lofprysing! Gebedsverhoring en lofprysing loop hand-aan-hand. Hulle hoort bymekaar. Eintlik is Daniël se woorde baie meer as net ‘n lofprysing - dit is ook ‘n belydenis wat sê hoe hy God beleef. Nie alleen is Hy die God van Daniël se voorvaders nie, maar Hy is die Een wat oor wysheid en mag beskik. Ja, die Here is betrokke by die verloop van die geskiedenis, want Hy is die Een wat tye en omstandighede

verander - Hy sit konings af en stel ander aan. Inderdaad stel hierdie belydenis ook vir Nebukadnesar in die regte perspektief: al is hy die magtige koning wat die wêreld met ‘n ysterhand regeer, regeer hy eintlik slegs deur die genade van God, al sal hy dit nooit herken nie. Hierdie belydenis van Daniël stel natuurlik ook ons eie regering in perspektief. Elke leier - hoé arrogant en selfversekerd hy ookal mag wees - is in daardie posisie slegs omdat God hom daar toelaat.

Daniël stel vir my en jou ‘n voorbeeld van hoe om God te beleef. Gebed moet ‘n integrale deel van ons lewe vorm. Maar dit is nie

waar dit moet eindig nie: lofprysing is van kardinale belang. Lofprysing is nie iets wat Sondagaande by die kerk gedoen word nie, maar dit behoort ‘n integrale deel van ‘n gelowige se lewe te wees. “Wat die hart van vol is, loop die mond van oor”, lui ‘n bekende spreekwoord. As God in jou hart is, sal jou lewe (en jou mond!) daarvan oorloop. ‘n Borrelende, stralende gelowige se blydskap en lof vir God is absoluut aansteeklik. Dit gee mede-gelowiges nuwe hoop wanneer die lewe druk, maar dit is ook ‘n “Bybel” vir ongelowiges, want hierin lees en beleef hulle dat God liefde is, en dit gee hulle ‘n honger om ook te wil hê wat daardie gelowige het.

## Gebed:

**Here, ek loof en prys U vir alles wat U vir my gedoen het, en steeds elke dag doen. My dankbaarheid kan nooit genoeg wees vir al U wonderlike genade nie.**

# 5 Die Standbeeld

# Daniël 2:24-49

Het jy al by so ‘n situasie in jou lewe gekom, waar jy bid vir leiding om ‘n sekere ding te doen, maar wanneer dit by die uitvoer daarvan kom, dan twyfel jy? Natúúrlik het jy - dit het my al vele kere oorgekom! Ek vra die Here om vir my wysheid te gee, maar dan vertrou ek die Here nie genoeg in die saak nie, en wanneer dit by die doen van die ding kom, dan bewe my broek skielik, en my woorde raak weg. Dis verskriklik! Maar die ergste hiervan is dat jy eintlik vir God sê: “Ek vertrou U nie……” ‘n Suksesvolle sakeman laat eenmaal sy seuntjie op die dak lim,

en toe sê hy vir hom: “Spring Seun, Pappa sal jou vang.” Die seuntjie het gespring, en sy pa staan eenkant toe sodat die outjie hom ten barste val. Toe die outjie al huilend uit die stof opstaan, sê die pa: “Goed Seun, dit was jou eerste les in die sakewêreld - hier moet jy nie eers jou eie pa vertrou nie!”

God is anders: Hom kan jy ten volle vertrou. Dit het Daniël geweet, en hy het onvoorwaardelik sy vertroue op God geplaas. Na daardie droom van hom, het hy nie eers gewonder of dit werklik God was wat hom ‘n visioen laat sien het, en of dit maar net sy verbeelding was nie. Vol selfvertroue stap hy na Arjok toe, en sê vir hom:

“Vat my na die koning!”. Onthou: Daniël het geweet dat as hy hier sou verbrou, dan vas nie alleen sy eie lewe nie, maar dié van al die ander raadgewers s’n op die spel. ‘n Reuse las het op Daniël se skouers gerus toe hy agter Arjok aan stap na die magtige Nebukadnesar toe.

Arjok sien hier ook vir homself ‘n geleentheid, en wanneer hulle by die koning kom, sê hy nie vir hom dat dit Daniël se versoek was nie. Hy probeer die kalkig steel deur aan te kondig: “Ek het ...... ‘n man gekry wat die droom kan uitlê.” Nebukadnesar, aan die ander kant, wonder in die stilligheid of hierdie Judeërtjie werklik kan doen wat al sy

slim manne nie kon regkry nie. “Die dróóm sowel as die uitleg wil ek hê!”, herinner hy vir Daniël. Wanneer Daniël begin praat, val hy nie sommer met die deur in die huis nie, maar hy maak dit eers baie duidelik dat dit nie binne sy vermoë is om drome te kan uitlê nie. Dit is nie iets wat mense kan doen nie. Die raadgewers was daar reg, maar hulle het gesê dat slegs die “gode” sulke magte het. Daniël sê egter dat slegs die ware God (die God van die hemel) daardie mag het.

Dan begin Daniël vir die koning sy droom vertel. Hy stel dit duidelik dat hierdie eintlik ‘n visioen is. Ek dink ou Nebukadnesar se mond het

oopgehang toe die die mannetjie haarfyn vir hom vertel wat hy gedroom het. “Hoe het hy dit geweet?”, het hy seker gewonder. Daardie droom het bly knaag aan hom - die ongewone, reuse, blink standbeeld met ‘n kop van goud, bors en arms van silwer, maag en heupe van brons, bene van yster en dan die voete wat ‘n mengsel was van yster en klei. En dan daardie skrikwekkende toneel, waar die groot klip asof uit die niet verskyn en aangerol kom - onstuitbaar. Nebukadnesal ril by die gedagte. Die klip tref die standbeeld dáár waar dit die swakste is - teen sy onstabiele voete. Grootoog sien hy weer hoe die voete verkrummel, en

dan disintegreer die ganse groot standbeeld, sodat dit soos stof wegwaai. Aaklig!

Nebukadnesar word teruggeroep tot die werklikheid: “U is die groot koning;”, hoor hy vir Daniël sê. En dan verduidelik hy van die verskillende koninkryke, en die geleidelike agteruitgang, totdat God uiteindelik die ganse ryk vernietig. Nebukadnesar is duidelik baie beïndruk - soveel so, dat hy vir Daniël en sy vriende aanstel in die top poste in die Koninkryk.

Die vraag wat onmiddelik by ‘n mens opkom is: waarom hierdie eienaardige verhaal? ‘n Mens vertel nie ‘n storie om dowe neute nie. Jy

doen dit óf vir vermaak, óf om iemand te beïnvloed, óf om iemand te laat dink. In hierdie verhaal staan die onvergelykbaarheid van God en die ondergang van wêreldryke so voorop dat ons dit nie kan ignoreer nie. Die ondergang van die vierde ryk word só beklemtoon, dat dit duidelik bedoel was om die gelowige Jode van daardie era hoop en troos te gee.

‘n Goeie verhaal is egter nie tyd- en kultuurgebonde nie. Hierdie is juis een van daardie tydlose verhale wat selfs vandag nog vir ons iets beteken. Dalk voorspel dit nie spesifieke gebeure in ons eie era nie, maar dit sê vir ons dat God nog

steeds onvergelykbaar is. Dit sê vir ons vandag in geen onduidelike terme nie, dat politieke maghebbers - hoé magtig hulle ookal mag voorkom - steeds in die hand van God is, en dat hulle baie beslis nie die enigste sê in die lewe het nie. In Suid-Afrika leef ons moontlik in die tyd waar die regering se voete ‘n mengsel van yster en klei is. Die verdeeltheid en twis gee ‘n mens nagmerries. Dit is egter Gód wat in beheer is van die situasie. Hy is die Een wat sal bepaal wat die uiteinde gaan wees. Ek en jy kan dus maar net in verwondering toekyk, met die wete dat ook óns lewens in Sy bekwame hande is.

## Gebed:

**Here, dankie dat ek my nie hoef te bekommer oor die toekoms nie, maar dat ek ten volle op U kan vertrou.**

# 6 Die Koning se Beeld

## Daniël 3:1-18

Nebukandesar moes seker maar aan grootheidswaan gely het. Hy wou só graag ‘n bietjie (?!) erkenning kry, en hy wou dóódseker maak dat almal - tot in die laaste geslag - hom sal onthou. Hy besluit dus om ‘n afgodsbeeld te laat bou, maar nie sommer só ‘n ou hierjy-se beeldjie nie - hierdie een was ‘n volle dertig meter (tien verdiepings) hoog, en dit was van Goud. Dit moes ‘n asemrowende stukkie werk gewees het. Maar wat is dan die nut van ‘n afgodsbeeld as dit nie aanbid word nie! Dus word daar ‘n dekreet uitgevaardig dat al die Koninkryk se

amptenare moes bymekaarkom om sy beeld te kom aanbid.

Op ‘n subtiele manier dryf die skrywer die spot met Nebukadnesar se grootheidswaan, deur die koning se instruksies tot in die fynste detail te vertel, en dan weer te herhaal. Hy gee die volledige lys van amptenare wat teenwoordig moes wees met die groot openingsdag.

En toe breek die groot dag aan. Dit moes seker ‘n vreeslike grênd affêre gewees het, want hooggeplaaste amtenare van regoor die wêreld het spesiaal vir hierdie geleentheid opgedaag. En natuurlik was almal daar - buiten miskien ‘n paar jong Joodjies. ‘n Doodse stilte sak neer,

en dan, die onthulling. Die orkes speel - verskriklik dramaties: Trompette, fluite, siters, liere, harpe.Volgens die koning se uitdruklike instruksies val die skare van hooggeplaastes soos een man neer voor die indrukwekkende beeld. Nebukadnesar moes seker baie trots gewees het op homself. Nou sal hy vir ewig onthou word!

Maar alles was nie wel in die Koninkryk nie. Iemand kom fluister vir die koning in die oor dat van sy hooggeplaaste amtenare sy bevel verontagsaam het. Daar is dwarstrekkers in sy Koninkryk! Met ‘n groot omhaal van woorde word daar vir Nebukadnesar vertel van

hierdie drie Jode, Sadrag, Mesag en Abednego, wat hulle nie steur aan sy bevele nie, en dat hulle weier om sy goue beeld te aanbid.

Die koning is woedend: hoe durf hulle sy opdrag ignoreer? Hulle word summier nadergesleep om te kom verduidelik. Nebukadnesar het gereken dat hierdie drie dalk net ‘n bietjie moedswillig was, en daarom besluit hy om hulle nog ‘n kans te gee, maar hy maak dit vir hulle baie duidelik dat as hulle aanhou met hulle nonsens, dan is daar vir hulle net een paadjie, en dit is die vuuroond. “**En watter god sal julle uit my mag kan red?**”, spog hy propvol selfversekering.

‘n Mens kan nie anders nie as om op hierdie stadium te wonder: Waarop gaan hierdie konfrontasie uitloop? Gaan die drie hulle trots sluk en maar buig voor die beeld? Doen hulle dit nie, dan is dit tiekits met hulle!

Die verrassing is dat die drie nie eers probeer speel vir tyd nie, maar hulle onmiddelike reaksie is: “**U verwag tog sekerlik nie van ons ‘n antwoord nie? U behoort tog teen hierdie tyd te weet wat ons standpunt is. Ons het ons God vir wie ons dien**” Ek dink ou Nebukadnesar het amper van sy troon af geval toe hy hierdie arrogante antwoord hoor. Sy

bloeddruk skiet die hoogte in, maar die drie gaan rustig voort: “**Ons God het die mag om ons te red uit die brandende oond, en Hy sal ons ook red uit u mag.**” Nebukadnesar kook van woede, maar die Jode is steeds nie klaar nie: “**Selfs as God ons nie red nie, moet u weet dat ons u god nie sal dien nie!**”. Al sou God hulle nie red nie, is hulle steeds bereid om getrou te bly aan hulle beginsels, om God alleen te aanbid.

Die koning is buite homself van woede - ‘n wrede teregstelling is wat hy nou wil sien vir sulke arrogansie! Wat sou van hierdie manne word? Sou hulle daarin kon slaag om die koning se woede te ontkom? Sou

God hulle red? DV kyk ons Maandagoggend na die res van die verhaal.

Wat vir ons vandag belangrik is, is om te kyk na die manier waarop hierdie manne by hulle beginsels bly staan het. Wanneer daar groot druk op ‘n mens kom, is dit so maklik om kompromiëe te maak. Eintlik kon hulle baie maklik toegegee het aan die koning se eise, en maar net gemaak het asof hulle die beeld aanbid. Sou dit verkeerd wees? Hulle sou mos nie rêrag bid nie? Maar die feit is dat die oë van die ganse wêreld op daardie oomblik op hulle was om te sien wat hulle sou doen. God se Naam was op die

spel, en hulle wou die boodskap ten alle koste uitdra dat daar slegs een ware God is.

As ek en jy vandag stilbly wanneer God se heilige Naam belaster word deur mense wat dit ligsinnig misbruik, dan swig ons voor die woede van “Nebukadnesar”. As gelowiges moet ons standpunt inneem en streng daarby hou. Die einde van die jaar het aangebreek, en daarmee saam Kerspartytjies. As jou werk ‘n partytjie reëel waar jy weet mense hulle te buite sal gaan - gaan jy maar meedoen? Of gaan jy die “nat waslap” wees wat sê: “Nee dankie, sulke dronkpartytjies is teen my beginsels?”. Dit kan jou dalk

duur te staan kom as jy nie meedoen nie - is jy bereid om die gevolge te dra?

**Gebed:**

**Here, daar is soveel wêreldse druk op ons lewens. Gee my asseblief die moed om op te staan vir my geloof.**

# 7 Gered uit die Vuur

# Daniël 3:19-30

Vrydag het ons die verhaal gelees van koning Nebukadnesar se reuse goue afgodsbeeld, en van die drie Judese manne, Sadrag, Mesag en Abednego wat geweier het om voor die beeld te buig. Selfs toe Nebukadnesar gedreig het om hulle te laat verbrand, was hulle antwoord: “Ons durf dit nie doen nie, en God sal ons beskerm as jy ons wil straf. Maar selfs al beskerm Hy ons nie, sal ons steeds aan Hom gehoorsaam bly!”

Nebukadnesar het wit geword van woede: “Hoe durf hulle! Sulke

uitdagende woorde beseël hulle lot!”. Hy gee opdrag dat die vuuroond sewe maal so warm gestook word, en die drie manne word vasgebind. Die spanning van die verhaal loop hoog: Gaan God hulle red? Gaan Hy ‘n wonderwerk laat gebeur sodat hulle nie in die vuur beland nie. ‘n Mens is half teleurgesteld as dit nie gebeur nie en die drie in die vuur geslinger word. In die proses verbrand die wagte wat hulle ingooi. Dit moes ‘n verskriklike hitte gewees het. Ek het al ‘n paar gróót kampvure in my lewe gemaak, en ‘n hele paar keer al my hare geskroei by die hitte. Hierdie een was sommer baie groter en warmer.

Maar dit is nie die einde van die verhaal nie. Daar gebeur iets eienaardigs: Nebukadnesar spring skielik regop - spierwit geskrik. Hy beduie na die oond: “Kyk!”, stotter hy, “Ek het drie Jode ingegooi, en nou is daar vier! En hulle is steeds lewendig!” Wie is hierdie vierde persoon? Waar het hy vandaan gekom? Eintlik verskaf Nebukadnesar sommer self die antwoord: “Dis ‘n hemelse wese!”, hyg hy doodbenoud.

Ja, Sadrag, Mesag en Abednego was nie van die vuuroond gered nie, maar God het hulle ín die oond bewaar. Só goed is hulle bewaar, dat toe Nebukadnesar hulle roep om

uit te kom, is hulle hare nie eers geskroei nie, en self hulle klere het nie eers van rook geruik nie.

Die vraag wat onmiddelik by ‘n mens opkom, is die vraag oor God se almag en beskerming. Sal God alle gelowiges wat sulke wreedhede op die lyf loop beskerm as hulle Hom daarvoor bid? Die antwoord is: Miskien, maar miskien ook nie. Ek het al talle verhale gelees van gelowiges wat op die mees wonderbaarlike, bonatuurlike wyse gered is wanneer hulle in groot gevaar verkeer. Aan die ander kant is daar talle grusame verhale van gelowiges wat wreedaardig omgekom het. Vat maar

byvoorbeeld die slagting onder gelowiges onder die regering van Nero, en die miljoene gelowiges wat in die tweede wêreldoorlog gesneuwel het of in Hitler se gaskamers omgekom het.

Hierdie verhaal, asook die verhaal van Daniël in die leeukuil, wil nie vir ons sê dat alle gelowiges op só ‘n wyse beskerm sal word nie. Hierdie drie manne het dit ook wel dééglik besef, want hulle woorde aan Nebukadnesar was, dat al sou God hulle nie beskerm nie, sou hulle Hom steeds dien. ‘n Goeie vriend van my, Martin Koster - ‘n diep gelowige, is byvoorbeeld verlede week aangeval en van sy motor

beroof. In die proses is hy gebyt en baie hardhandig behandel. Inderdaad het God hom nie gered van mishandeling nie. Maar Martin sal kan getuig dat God elke oomblik van die aanval by hom was en dat Hy hom daardeur krag gegee het om staande te kon bly.

Die drie Jode se verhaal sluit af met erkenning deur die koning: Daar is ‘n God wat Sy dienaars uit Nebukadnesar se mag kan red. Maar Nebukadnesar het ook baie groot respek gekry vir hierdie manne wat bereid was om hulle lewe op te gee vir hulle God. Hulle word beloon vir hulle geloof.

Wat hierdie drie manne gedoen het

was nie maklik nie. As dit ek of jy was wat in daardie posisie was - wat sou ons gedoen het? Sou ons geswig het voor die druk? Dikwels word ons getoets en gelouter om ons geloof sterker te maak, en kom hierdie dinge op ons pad. Eers is dit klein dingetjies, soos druk van vriende om saam te gaan na ‘n Goddelose partytjie. Sal ons nee sê en ons die spot op die hals haal? Later, wanneer jou geloof gegroei het, sal die toetse strenger word. Daar is talle grusame verhale van gelowiges wat gemartel is in tronke in Rusland. Die wonderlike verhale van hierdie mense wat staande gebly het en steeds bly vasklou het aan hulle geloof ten spyte van die

verskriklike dinge wat aan hulle gedoen is - laat 'n mens jou hande saamslaan in verwondering. Die ironie van die saak is dat die gelowiges in daardie skrikwekkende verdrukking dikwels laat weet het hoe bitter jammer hulle ons gelowiges in die vrye wêreld kry, omdat ons geloof dikwels so oppervlakkig is.

Hier is ook 'n ander, baie belangrike punt wat na vore kom: gelowiges wat sulke verdrukking deurstaan, gryp die verbeelding van ongelowiges aan. Talle mense het al tot bekering gekom as gevolg van gelowiges wat staande kon bly. Die verhale van geharde Kommunistiese

tronkbewaarders wat gelowig geword het as gevolg van hulle slagoffers, is legio. God is baie groter as enige verdrukking!

**Gebed:**

**Here, hou my asseblief staande wanneer ek moet ly vir U Naam. Help my dat ek nie sal swig voor die druk nie.**

# 8 ‘n Seder Val

# Daniël 4:1-37

Vanoggend kry ek ‘n brief in my e-pos, van ‘n dame wat vertel van ‘n ontstellende droom wat sy gehad het. Pas nadat sy wakker skrik, lui die telefoon, en toe sy haar swanger dogter se stem hoor, weet sy dat die droom ‘n waarskuwing was, en sy het geweet hoe om op te tree. Ons het reeds verlede week gesels oor drome, en gesê dat God selde met mense praat deur drome - dit is iets wat slegs by uitsondering gebeur. Tóg lees ons in die Bybel van mense wat boodskappe van God in hulle drome gekry het. Met ou Nebukadnesar het dit twee keer

gebeur, en ‘n mens sou dink dat hy geleer het van die eerste keer. Maar nee! Uiteindelik het hy tóg wel geleer op die harde manier, en die gevolg was dat hy later ‘n omsendbrief (‘n e-pos?) deur sy Koninkryk gestuur het sodat almal kon weet wat met hom gebeur het.

In die koning se omsendbrief vertel hy dat hy hierdie verskriklike droom gehad het van die reuse boom wat in die middel van die aarde staan. Dit was ‘n mooi boom wat skadu en vrugte en nesmaakplek gegee het vir ‘n magdom diere en voëls. En toe kom daar op ‘n dag ‘n engel en hy beveel dat die boom vernietig moet word, maar dat die stomp gespaar

word. Die stomp moet met ‘n metaalband gebind word.

Hy skryf verder dat hierdie droom bly maal het is sy kop, en hom verskriklik ontstel het, en dat hy al sy raadgewers laat kom het om die droom uit te lê, maar niemand kon dit doen nie. En toe onthou hy van Daniël - die man wat sy vorige droom vir hom uitgelê het, en hy laat haal hom, want “die gees van die heilige gode” is immers in hom.

Daniël was verstom toe hy die droom hoor, en vir eers was hy half bang om die droom uit te lê, want die uitleg was selfs meer ontstellend as die droom self. Nebukadnesar por hom aan, en dan vertel Daniël:

“U is daardie boom, Majesteit”, verduidelik Daniël. Hy vertel vir die koning dat God ‘n besluit oor hom geneem het. Hy sal verstoot word uit die samelewing, en sy verstand sal soos ‘n dier s’n word, sodat hy in die veld sal bly en gras vreet soos diere. Dit sal aanhou totdat Nebukadnesar erken dat God die Een is wat al die mag het. Hy pleit by die koning dat hy breek met sy sonde sodat hierdie verskriklike ding nie oor hom kom nie.

Maar Nebukadnesar het Daniël se waarskuwings verontagsaam. ‘n Jaar later sien ons hom waar hy op die dak van sy paleis staan en sy handewerk bewonder. “Kyk net wat

het ek alles in my lewe vermag", het hy tevrede gedink, "ek het hierdie stad 'n ware koningstad gemaak, en ek is stinkryk."

Maar Nebukadnesar het nie met God rekening gehou nie. Skielik hoor hy 'n stem uit die hemel wat vir hom sê dat die tyd gekom het, en dat hy soos 'n dier gaan word. Dit het presies net so gebeur! Wat 'n verskriklike ding om oor 'n magtige koning soos Nebukadnesar se lewe te kom - gestroop van al sy waardigheid - beroof van sy briljante verstand. Uiteindelik, na 'n lang tydperk het Nebukadnesar erken dat God die Een is wat al die mag het, en nie hy wat Nebukadnesar is nie.

Hy het sy verstand en waardigheid terug gekry, en hy kon getuig van die grootheid van God.

Hierdie verhaal het subtiele ondertone, en dit het absoluut ‘n immergroen boodskap. “Hoogmoed kom tot ‘n val, en nederigheid bring herstel.”, is dalk die hooftema van die verhaal, soos dit ook in Spreuke 29:23 geskryf staan. Nebukadnesar se herstel kom egter eers wanneer hy God as Oppergesag erken. Nebukadnesar was ‘n magtige wêreldheerser met ‘n baie hoë dunk van homself. Maar hy was steeds in die hande van God. Die boodskap wat die skrywer vir sy lesers wou gee, is dat die oormoedige Antiogos

IV Epifanes wat op daardie stadium oor hulle regeer het, op dieselfde wyse ook maar in God se hande was. Dit moes hulle hoop gee dat God in beheer is.

Vir my en jou vandag, is die boodskap in die eerste plek dat hoogmoed nie deel mag vorm van ‘n gelowige se lewe nie. Ek het al verskeie kere te doene gekry met gelowiges wat hulleself verhef bo die “gepeupel” - die “gewone Christene” wat nog nie bereik het wat hy in die geloof bereik het nie. Nederigheid is ‘n wonderlike deug! Ek het eenmaal die voorreg gehad om ‘n Voortrekkerkamp by te woon waar die hoofleier van die beweging by

was. Jy kon die man kry waar hy in die kombuis met skottelgoed besig was of sommer met die kinders grappies gemaak het. Nie lank daarna nie was hy aangestel as Moderator van die NG Kerk. ‘n Doodgewone, plat-op-die-aarde mens. Geen hoë posisie durf ‘n gelowige verhef bo iemand anders nie!

Die tweede boodskap wat ons vandag hieruit kry, is dat daar vandag ook troos vir ons is, waar politieke leiers hulleself verhef bo enige lewende wese. Ek was ‘n rukkie gelede byna van die pad af gery deur ‘n swart voertuig met ‘n blou liggie. Moenie moedeloos raak

nie - hulle hoogmoed sal ook tot ‘n val kom!

**Gebed:**

**Here, dankie vir die wonderlike troos uit hierdie verhaal. Maak my asseblief opreg nederig.**

# 9 Die Dronkpartytjie

# Daniël 5:1-16

Nebukadnesar word opgevolg deur koning Belsasar - ‘n man wat gewéét het van patytjie-hou. Hy hou ‘n dinee waar ‘n duisend van sy top-amptenare uitgenooi was. Natuurlik, soos op elke goeie partytjie, was daar oorgenoeg wyn, en algaande het die dinee in ‘n gesuip ontaard. Lekker aangeklam, gee Belsasar die opdrag dat die goue en silwer bekers wat sy voorganger uit die tempel in Jerusalem gebuit het, laat haal word. En dan word hierdie artikels wat bedoel was om God mee te dien, misbruik al almal op die partytjie vrolik uit dit drink. Dit is

soos om ‘n wilde partytjie te gooi, en dan die nagmaalkelkies en bekers uit die kerk te loop haal, en daaruit te suip. Nee, die kelkies is nie “heilig” nie, maar deur die aksie sê jy vir God dat jy niks vir Hom omgee nie, want dié dinge wat gebruik word om Jesus se kruisdood mee te gedenk, word terselfdertyd nou ook gebruik om die god van drank, Bacchus te vereer. En dit is presies wat gebeur op Belsasar se partytjie, want toe God se bekers uitkom, toe begin hulle die afgode aanbid. En nie net een of twee nie: Die skrywer maak dit duidelik dat hulle deur die hele kaboel draf (gode van goud, silwer, brons, yster, hout en klip). Vir almal skree hulle “Hoeraa!”, buiten

die Een Wie se bekers dit is - die enigste ware God.

Sou God daarmee tevrede wees? Sou Hy dit sommer maar net so ongesiens, ongestraf laat verbygaan?

Meteens kom daar ‘n wending in die verhaal. Skielik hou die wilde musiek op; die verleidelike danseresse staak hulle wriemelinge en daar sak ‘n geskokte stilte oor die banketsaal toe. Regoor die kandelaar het ‘n hand verskyn wat in die lug hang, en die hand begin vreemde woorde op die witgekalkte muur skryf. Belsasar skrik hom asvaal en skoon nugter. Onmiddelik besef hy dat hierdie ‘n Goddelike verskynsel is, en dat dít

wat teen die muur geskryf word alleen ‘n Goddelike boodskap kan wees.

Die koning is doodsbenoud. Hy laat roep al die sterrekykers en voorspellers en besweerders op om te kom help. Hulle moet net eenvoudig hierdie boodskap vir hom uitlê. Só benoud is Belsasar, dat hy belowe dat die een wat dit kan uitlê “’n koninklike kleed en goue halsketting” sal kry, en boonop derde in rang in die Koninkryk aangestel word.

Die slim manne het hulle oë op skrefies getrek, gekyk en wéér gekyk, maar hulle kon nie eers uitmaak wat daar geskrywe staan

nie - wat nog van die boodskap uitlê. Absoluut niks maak sin nie! Nou is Belsasar doodsbleek - wit soos ‘n laken. Wat gaan hy maak? Selfs die hoofamptenare staan verslae. Gaan hierdie boodskap vir ewig by hom spook? Gaan hy ooit iemand kry wat dit kan oplos? Vrae, vrae, vrae......

En dan kom die koningin ingestap, en sy red die hopelose situasie: “Moenie so bang en bleek wees nie.”, paai sy die bibberende koning. Daar is iemand in die Koninkryk wat dit kan oplos: Daniël! Sy vertel vir hom dat die “die gees van die heilige gode” in Daniël is, en dat hy deur Nebukadnesar gebruik is, en baie hoog aangestel is. “Laat haal vir

Daniël, en hy sal vir u die uitleg gee”, por sy vir Belsasar aan.

‘n Mens wonder dalk waarom Daniël nie op hierdie dinee was nie. Hy was immers een van die hoogste amptenare van die Koninkryk! Sou dit dalk wees dat hy hom nie wou ophou met sulke wêrledse goed nie? ‘n Gesuip het hom net eenvoudig nie aangestaan nie.

Daniël word laat haal, en die koning kry sy asem terug: “Is jy die Daniël uit die Judese ballinge?” Hy wil eers dóódseker maak dat hy die regte man hier het. Maar hy gee Daniël nie eers kans om te antwoord nie, en hy babbel voort en vertel vir hom wat gebeur het, en van al sy slim

manne wat nie kan hond haaraf maak met hierdie boodskap nie, en dat hy gehoor het dat Daniël so goed is met dinge uitlê en probleme ontrafel, en dat hy hom ‘n koninklike kleed en goue ketting sal gee en derde in die ryk aanstel as hy tóg maar net hierdie boodskap kan uitlê.

Ek dink die arme Daniël het sprakeloos daar voor die koning gestaan, en hoe harder hy probeer om ‘n woordjie in te kry, hoe meer hou die benoude koning aan babbel.

Maar hier moet ons die verhaal eers stop, want die bladsy raak vol. DV gaan ons môre verder, en sien wat Daniël se antwoord was.

Ek kan net nie help om te dink aan al die Kerspartytjies wat nou weer op hande is, as ek hierdie verhaal lees nie. Wilde kantoorpartytjies, waar daar gesuip gaan word soos visse, en waar die baas opgehemel gaan word en almal hulle oor 'n mik gaan vreet, want die kos is verniet! En intussen word Jesus Christus se heilige Naam gekoppel aan hierdie afskuwelike brassery! Kersfees is immers die Christusfees! Is dit nie dalk presies dieselfde as Belsasar se se dinee nie? Dink maar daaroor.......

# Gebed:

**Here, ons wil vanoggend bely dat ons U heilige Naam so dikwels misbruik, en U heiligheid vertrap. Vergewe ons, en lei ons op die regte pad.**

# 10 Die Skrif is aan die Muur

# Daniël 5:17-30

My pleidooi vanoggend aan jou is: weeg asseblief **AL** die gevolge voordat jy ‘n ding aanpak, en hier praat ek spesifiek oor diegene wat wil emmigreer. Vanoggend kry ek ‘n bitter droewige brief van iemand wat getrek het na die vreemde toe - dalk om weg te kom van Suid Afrika se probleme. Daar in die verre gebeur dit toe dat daar groot huweliksprobleme opduik wat sy nie kan hanteer of oplos nie. Haar familie en vriende sit almal aan die anderkant van die aarde, en die ergste is dat sy nie eers by die kerk kan aanklop vir hulp nie - daar is nie

‘n kerk of selfs ‘n predikant nie. Vir haar voel dit na die einde van die pad - moedeloos en sonder enige hulp. Iemand anders bel my verlede week uit Australië - jare gelede al getrek. Deur haar snikke heen vertel sy hoe bitter graag sy wil terugkom, maar dis te laat.

Belsasar het ook besluite geneem wat hy nie geweeg het nie. Toe die hand verskyn en teen die muur begin skryf, was dit reeds te laat vir hom om om te draai. Hy het die punt verby gesteek waar herstel enigsins moontlik was. Die walglike manier waarmee hy die spot gedryf het met die Heilige God, was die laaste spyker in sy kis.

Daniël luister die arrogante koning uit, en dan, as hy ‘n woordjie inkry, vertel hy vir Belsasar wat hy met sy geskenke kan doen. Hy wil nie sy talent gebruik om vir homself eer in te oes of te verryk nie.

Daniël begin deur vir Belsasar die agtergrond te skilder van sy voorganger, Nebukadnesar. Die Allerhoogste God het aan daardie koning mag en roem en eer gegee, en hy het groot ontsag ingeboesem by al die volke. Maar hy het gedoen net wat hy wou, en sy roem het na sy kop toe gegaan - hy het hoogmoedig en verwaand geword. En toe kom God en vat alles van hom af weg - sy koningskap; sy eer.

Hy is verstoot uit die samelewing, en hy het saam met die wilde diere geleef. "**Die Allerhoogste God het mag oor al die koninkryke van die aarde, en Hy sal daaroor aanstel wie Hy wil.**", sê Daniël.

Daniël vertel nie hierdie verhaal om dowe neute nie: Vir Belsasar was daar 'n les te leer uit Nebukadnesar se lewe, maar hy het dit geïgnoreer, want hy is selfs nog meer verwaand as sy voorganger. Die laaste strooi was toe hy die heilige dinge uit die tempel van God onteer het, en daardeur vir God 'n klap in die gesig gegee het. Die skrif is aan die muur (letterlik én figuurlik), júís oor hierdie gebeure.

Na ‘n lang inleiding kom Daniël tot die punt, en hy lees die vreemde boodskap teen die muur: “Getel, getel, geweeg, verdeel” - slegs vier woordjies wat teen die muur staan - maar vier woorde met reuse gewig en betekenis. Daniël verduidelik: God is die Een wat beskik oor die koning se lewe en die duur van sy koningskap. Hy het sy dae getel, en nou gaan Hy ‘n einde daaraan maak. Die tweede woordjie, “Geweeg”, beteken dat Belsasar baie beslis nie die swaargewig is wat hy gemeen het hy is nie. God het hom geweeg, en gans te lig gevind, want hy tree dwaas op. En dan die derde, verdoemende woord: “Verdeel” - die Babiloniese

Koninkryk gaan verdeel word en aan die Mediërs en Perse gegee word.

Die verhaal eindig waar die koning tóg besluit om vir Daniël te vereer, al wou hy nie die eer hê nie - koninklike klere, ‘n goue ketting en derde in rang in die Koninkryk. Maar dit is ook nie hééltemal die einde van die verhaal nie, want in slegs een kort sinnetjie word vertel dat Belsasar nog daardie selfde nag vermoor is. Uit die volgende hoofstuk kan ons aflei dat Darius die Mediër aan bewind gekom het, en dat die Babiloniese ryk daarmee tot ‘n einde gekom het.

By geleentheid het iemand gesê, dat die les wat ‘n mens uit die

geskiedenis leer, is dat niemand ‘n les uit die geskiedenis leer nie. Hoe waar! Mens sou dink dat Belsasar uit Nebukadnesar se geskiedenis sou leer, maar nee!

Drie van die verhale wat ons tot dusver gelees het, bevat presies dieselfde tema (met variasies), naamlik dat God bestuur en dat Hy beskik. Die feit dat dieselfde tema oor en oor gebruik word, maak ons oë oop vir ‘n baie belangrike stelling: “**God leef en regeer!**”. Ons moet vandag weet: God is betrokke by gebeure in hierdie wêreld, al is dit nie altyd vir ons duidelik of voorspelbaar nie. As die mens dink dat hy die verloop van die

geskiedenis kan bepaal, dan is hy uiters verwaand!

Ek dink dat daar ‘n ander baie belangrike ding is om te leer vir ons Suid Afrikaners: Omdat God regeer, is dit nie nodig vir ons om oorsee te vlug vir ons omstandighede nie. Ja, natúúrlik voel ek die misdaad aan my bas - net verlede week is my boshuisie se sonpanele vir die hóéveelste keer gesteel. Maar dit maak my nie minder lief vir my land nie, want God is in beheer. Iemand wat in die haglikste denkbare omstandighede in Zimbabwe bly, sê nou die dag dat hulle beslis nie sal trek nie - dit bly steeds die land waarvoor hulle lief is, en waar God

hulle plaas het met ‘n doel.

**Gebed:**

**Here, laat my asseblief nooit vergeet dat U regeer en beskik en in beheer is nie.**

# 11 Darius se Dekreet

# Daniël 6:1-11

Ek sit vanoggend met ‘n sakvol heerlike, lang, inspirerende briewe uit die land doueeer onder - Australië. Gister se dagstukkie het ‘n miernes oopgekrap, en ek dink ek het dalk die pik so ‘n bietjie te diep ingekap met harde woorde oor mense wat vlug uit Suid Afrika. Dalk is dit my eie vrese oor ons land wat leegloop van mense met kennis - en dikwels ook nie deur hulle eie toedoen nie, maar omdat hulle daartoe gedwing word. Ek vra mooi verskoning as ek iemand seergemaak het. Maar in die proses het daar ook ‘n héél ander sy van

die saak aan die lig gekom. Soos ou Daniël daar in die vreemde dikwels ‘n alleenstryd moes voer om sy geloof te laat werk, so is die Suid Afrikaners daar ‘n liggie in ‘n pikdonker geloofsnag. Volgens een brief is slegs 3% van die Australianers Christene! Elke gelowige Suid Afrikaner daar het ‘n reuse taak, om weer die lig van geloof te laat brand in ‘n land waar dit feitlik totaal uitgedoof is.

Terug by Daniël se verhaal: Koning Darius het ‘n herstrukturering van sy staatsdiens gedoen, en honderd en twinting goewerneurs-generaal aangestel, en oor hulle - drie ministers. Daniël was een van die

drie, en hy het uitgetroon bo al die ander in bekwaamheid en betroubaarheid. In die wandelgange was daar fluisteringe dat hierdie einste Daniël oor die héle Koninkryk aangestel sou word. En die manne in die hoë stoele het onder mekaar gebrom en gemor. Professionele jaloesie, noem die slim mense dit.

Hierdie verskynsel is vandag natuurlik baie prominent, veral in die politieke arena. Die afgelope paar maande het ons hier in Suid-Afrika gesien hoe die manne daar bo mekaar opvreet, want nie een wil hê dat die ander hoër as hy moet wees nie, en almal wil héél bo wees, maar dáár is net plek vir één. Allerhande

onheilighede en skelmstreke word ingespan om mekaar te probeer kelder. En nou sien ons dat hierdie soort jaloesie al uit die antieke tye kom.

Die ministers en goewerneurs-generaal het heimelik koppe bymekaar gesit om van Daniël ontslae te raak. “Wat kan ons teen hom gebruik?”, vra hulle vir mekaar. Maar Daniël se lewe is silwerskoon. Dan spring een op: “Sy Godsdiens!”. As sy mede-ringkoppe vraend na hom kyk, verduidelik hy: “Hierdie Daniël is fanaties oor sy Godsdiens! Ek weet nie of julle al opgemark het nie, maar hy gaan bid driekeer ‘n dag by sy oop venster. Maar dis nie

al nie: Ek het gehoor dat hy gladnie die gode wat ons ken aanbid nie, maar ‘Die God van die Hemel’”. “Nog nooit van Hom gehoor nie......”, wil een kêrel nog sy eiertjie lê, maar die spreker gaan voort: “As ons iets kan inbring teen hom oor sy Godsdiens, dan hét ons hom!”

“Maar wat?”, wil iemand weet. “Ek het dit!”, spring ‘n ou ringkop op, “Ons kry die koning om ‘n dekreet uit te vaardig dat almal vir ‘n maand lank slegs een god aanbid - en dan bedoel ek nie die Een van Daniël nie. As hy nie saamspeel nie, is dit tiekits met hom!”. “Ek het ‘n beter idee”, stel ‘n ander ou kêrel voor, “Kom ons smeer die koning ‘n bietjie

heuning om die mond, en laat almal hóm aanbid!"

Soos een man storm die honderd en twintig grootkoppe die koning se troonsaal in. Ek dink ou Darius het amper van sy troon afgeval oor hierdie oorweldigende, ongenooide besoekie. Nog voordat hy behoorlik tot verhaal kan kom, begin die lot al te babbel: "Mag die koning lank lewe!". En toe verduidelik een van die voorbokke vir hom dat hulle almal eenparig besluit het dat die koning 'n bietjie eer moet kry (gerieflikheidshalwe verswyg hulle die feit dat Daniël nie geken is in die saak nie). "Ons het nou gedink", sê hy, "dat as die hele Koninkryk vir 'n

volle maand lank slegs vir u, koning Darius, aanbid en vereer, sal dit wondere vir die Koninkryk beteken." Natuurlik is Darius gevlei deur hierdie "edele" voorstel. "Maar om dit gewig te gee, sal dit dalk goed wees as ons dit 'n koninklike dekreet van die Mediërs en Perse maak wat onveranderlik vas sal staan. Dit sal maak dat niemand uitgesluit sal wees nie." "En om dit interessant te maak, stel ek voor dat diegene wat nie wil saamspeel nie in die leeukuil gesmyt word!", stel 'n ander voor. Darius ril by die gedagte, maar hy plaas nogtans sy stempel op die dokument, sonder om eers navraag te doen oor die ware motief agter hierdie verering.

‘n Mens wonder waarom Darius hom so aan sy neus laat lei het - was hy dalk maar net ‘n strooipop?

Daniël het hehoor van die dekreet. Was hy ontsteld? Wie sou nie wees nie! Nogtans sien ons vir Daniël waar hy doodluiters voortgaan en doen wat hy glo reg is. Sonder vrees klim hy die trappies op na sy dakkamer. Hy maak die vensters wawyd oop, en soos sy gebruik is kniel hy daar in die oop venster wat in sy geliefde Jerusalem se rigting kyk, en met volle oorgawe aanbid hy God, en loof en prys hy Hom.

Maar valkoë hou hom fyn dop!

Ek en jy (ook hier in Suid-Afrika) het

‘n reuse taak op ons skouers, om die lig van die Evangelie te laat skyn, selfs wanneer die donderwolke oor ons saampak. Moenie bang wees om op te staan vir Jesus nie!

**Gebed:**

**Here, dikwels lyk die oormag van ongeloof so oorweldigend - hou asseblief my hand vas, en gee my die onverskrokkenheid op vir U op te staan.**

# 12 Darius in die Sop

# Daniël 6:11-19

Daar is twee soorte mense wat in die openbaar hulle Godsdiens bedryf: die een is die Fariseër waarvan Jesus vertel het - die een wat op die straathoeke gaan staan en bid het met ‘n kleurvolle woordeskat. Dit het hy gedoen sodat almal kon sien dat hy so ‘n wonderlike gelowige is. Hy het die bewondering van baie verbygangers gekry, en sy ego is gestreel. Die meeste van ons is egter te vrek bang dat iemand ons sien bid, en ons kruip liewers weg. Maar dan is daar die Daniëls van die lewe, wat aangaan om hulle ding te doen -

maak nie saak wat enigeen van hulle dink nie. Ek ken ‘n paar sulke mense - hulle is yl gesaai!

Daniël het gehoor van koning Darius se dekreet. Sy reaksie? Sou hy liwers maar ondergronds gaan? Nee, hy gaan bid daar waar hy dit elke dag doen - in sy bokamer. Hy maak die versters oop en kyk uit in die rigting van sy geliefde Jerusalem, en dan praat hy met God. En dit is dan ook net daar waar die ringkoppe hom vastrek, want hulle het gewéét. Onaangekondig storm hulle sy kamer binne en skend sy privaatheid: “Hét jou!”

Op ‘n drafstappie is hulle af na die koning se paleis - baie in hulle

noppies met wat hulle vermag het. Hulle val dan ook sommer met die deur in die huis, en hulle herinner vir Darius van sy dekreet, en dat hy moet besef dat so ‘n dekreet so nimmer as te nooit verander kan word nie. Ek dink ou Darius het toe al klaar kriewelrig begin voel, want hierdie klomp voer iets baie onheiligs in die mou. Baie saaklik antwoord Darius: “Ja, dit staan vas. Dit is ‘n onherroeplike wet van die Mediërs en Perse”. En dit is nét wat die spul aasvoëls wil hê. Baie selfvoldaan gooi hulle hulle kaarte op die tafel: ‘n volhuis skoppensboere! “Danië, een van die Joodse ballinge, steur hom nie aan u bevel en aan die dekreet wat u

uitgevaardig het nie .... Hy bid nog driekeer ‘n dag tot sy God.” (Dan 6:14).

Darius word yskoud: “So dís wat die spul skelms die hele tyd beplan het. En hy wat Darius is het pens en pootjies in die strik getrap!”, moes Darius seker gedink het. Maar nou is hy in die moeilikheid. Hierdie Daniël is vir hom goud werd - hy kan mos nie sommer so van hom ontslae raak nie. Sy plan was nog om hom aan te stel as premier oor die Koninkryk. Wat gaan hy maak? Hoe gaan hy uit hierdie een kom?

Hy stuur die klomp huistoe, en hy dink - diékant toe en dááikant toe, maar hoe harder hy probeer dink,

hoe groter lyk sy dilemma. Hy wat Darius is, het sélf hierdie dekreet uitgevaardig, en dit maak dit soveel erger. Niemand kan dit verander nie - nie eers hyself nie! Daardie nag probeer Darius nie eers slaap nie - hy dink en dink. En hy loop op en af, maar daar is net eenvoudig nie ‘n oplossing nie.

Die son is skaars uit die volgende oggend, toe storm die spul ringkoppe alweer sy paleis in. “Wat is dit nóú weer?”, wil hy vererg weet. Baie subtiel laat die spul hom mooi verstaan dat hy in ‘n skaakmat posisie is - daar is nêrens uitkomkans nie. Darius besef dat hy ‘n gevangene is van sy eie besluit.

“Ja goed”, sug hy, “Smyt hom in die leeukuil!”. Maar voordat hulle vir Daniël daar wegvat, roep Darius eers vir Daniël nader. Ja, hulle kan hom dalk keer om sy besluit te verander, maar hierdie spul kan hom beslis nie keer om eers vir Daniël voorspoed toe te wens nie. “Mag jou God wat jy met soveel volharding dien, jou red.”, hoor ons vir Darius saggies sê.

Gaan Daniël deur die leeus opgevreet word? Of sal God ingryp en hom red? Vir daardie antwoord moet ons eers wag, want die verteller wil eers nóg ‘n paar details invoeg, en so die spanning laat opbou. Daniël word in die reuse put

met uitgehongerde leeus gegooi, en die opening word met ‘n groot klip bedek sodat niks en niemand daar kan uitkom nie - nie die leeus nie, en baie beslis ook nie Daniël nie. Die amptenare dring daarop aan dat Darius se seël moet op. Die opening kry ‘n stuk gesmelte was op, en daarop word Darius se seëlring sowel as een van die amptenare s’n afgedruk, net om dóódseker te maak dat niemand hier kom peuter nie.

Nou is Daniël se lot beseël. Niks en niemand kan enigiets vir sy saligheid doen nie. Baie tevrede met hulleself is die amptenare huistoe - van Daniël sal daar nie eers ‘n stukkie vel oorbly nie! Maar die koning

beleef ‘n slapelose nag. Daardie ding van Daniël ontstel hom só dat hy nie kan eet of slaap nie. In angs sit hy en wag dat die tyd en die nag moet omgaan.

Elke keer as ek Daniël se verhaal lees, is dit vir my vars en nuut. Dit is asof ek net nie genoeg daarvan kan kry nie - die wonderlike manier wat God met mense omgaan. Is die Bybel vir jou nog ‘n vars avontuur? Gee dit jou nog ‘n tinteling in jou are wanneer jy dit lees? Ek daag jou vanoggend uit om met nuwe oë na God se Woord te kyk, en dit te verslind soos wat jy daardie interessante storieboek verslind. Laat die Heilige Gees toe om die

Bybel vir jou lewendig te maak - die lewende Woord van God.

**Gebed:**

**Here, dankie vir U Woord wat na soveel duisende jare steeds vars en nuut is.**

# 13 Saam met die Leeus

# Daniël 6:19-29

Leeus is skrikwekkende gediertes. Mooi ja, maar hulle kan vrees in ‘n man inboesem! Het jy al ooit in die veld gestap en op kraakvars leeuspore afgekom? Kyk, daardie kat het ‘n menéér van ‘n poot, en sy toonnaels is beslis nie so stomp soos myne nie! Dis daardie slag dat ‘n man loop en omkyk-omkyk, of daar nie dalk ‘n kat agter jou aansluip nie.

Marloth Park - dis nou waar my boshuisie is - het vir homself naam gemaak met sy leeustories. Baie van die inwoners het eerstehands te

doene gekry met die groot katte - sommiges bitter ongemaklik naby. Maar die groot nuus het gekom toe ‘n man deur een van hulle aangeval is. Een van die sekuriteitswagte het die aand gaan kuier op sy trapfiets, en in ‘n trop leeus vasgery. Hy was baie gelukkig om met sy lewe daarvan af te kom, maar hy het lank in die hospitaal gelê. Daarna was daar nog ‘n paar aanvalle, en die mense het begin kriewelrig raak. Maar die een wat my koue rillings gegee het, was die kêrel wat die nag deur die bos gestap het, net so ‘n entjie van my huis af. Hy was van Mosambiek, en hy het ‘n sonpaneel gesteel. ‘n Leeu het hom gegryp en opgevreet, sodat daar net ‘n voet

oorgebly het. Jy speel nie met ‘n wilde leeu nie!

Nou-ja, die arme ou Daniël is tussen die spul leeus ingesmyt, en die put se opening is geseël. Koning Darius was nou nie juis gelukkig met die toestand van sake nie, en hy het ‘n slapelose nag deurgebring. Dit het skaars begin lig word die volgende oggend, toe draf hy af na die leeukuil. Ek dink hy het ‘n knop op sy maag gehad van pure senuwees. Wat sou hy daar aantref? ‘n Hopie bene? Dalk net ‘n bloedplassie? Angstig roep hy: “Daniël....”, Aag, die arme man kon dit mos nooit as te nimmer oorleef het nie. Al wat daar uit daardie put kan kom is die eggo

van sy eie stem, en dalk die tevrede kreun van dikgevrete leeus. Maar net om sy gewete te sus, roep hy ‘n bietjie harder: “Daniël, dienaar van die lewende God, was jou God wat jy met soveel volharding dien, in staat om jou van die leeus te red?”

Was Hy in staat? Wat ‘n vraag! Is enigiets vir die Lewende God te groot? Ek dink ou Darius het hom asvaal geskrik toe hy ‘n antwoord kry uit die leeukuil uit: “Mag die koning lank lewe……”

Toe Daniël daardie middag in die stinkende leeukuil gesmyt is, het sy hart sekerlik in sy keel geklop. Wat sou hy daar aantref? Sou hulle hom onmiddellik verskeur? Sou hy baie

pyn verduur? “Here God, bewaar my asseblief”, het Daniël sekerlik gebid. As hy hardhandig op die bodem land, knyp hy sy oë styf toe, en wag vir die eerste aanval. Maar dit kom nie. Hy maak sy oë oop - in die half-donker sien hy hoe die leeus van hom wegskram. Dit wil amper lyk asof hulle bang is vir hom. “Dankie Here”, bid Daniël, want onmiddellik besef hy dat God hom weereens gered het. Sy drie vriende het ongedeerd uit die vuuroond gestap, en nou die leeus..... Deurentyd voel hy die teenwoordigheid van iemand anders saam met hom in die kuil - ‘n engel? Dit kan nie anders wees nie! God het Sy engel gestuur om die bekke van die leeus te sluit.

Dit was nou nie juis wat jy ‘n gemaklike nag sou noem nie, en Daniel was maar bitter bly toe hy die koning se stem teen dagbreek hoor.

Maar dit is nie waar die verhaal eindig nie. Darius besef dat hy aan die neus gelei is deur ‘n klomp jaloerse amptenare. Hy gee die bevel dat hulle van hulle eie medisyne terugkry, en dat hulle in die leeukuil gegooi word. Skielik is die leeus weer hulle ou selwers, en skaars vat die manne grond daar onder, of hulle word wreedaardig verskeur. Darius skryf ‘n brief aan al die volke in sy Koninkryk waarin hy opdrag gee dat God vereer moet word. Hy sluit die brief af met ‘n

loflied tot eer van God. Hiermee word die eerste afdeling van die boek Daniël ook baie gepas afgesluit.

Die verhale van Daniël was bedoel om ‘n volk ‘n boodskap van hoop te gee. Die eerste lesers van hierdie boek was vasgevang in ‘n verskriklike verdrukking onder die regering van Antiogos IV Epifanes. Die skrywer het weer die verhale van Daniël gaan opdiep om vir hulle te sê dat soos wat God die manne uit die vuuroond gered het, en vir Daniël uit die leeukuil verlos het, so sal Hy hulle uiteindelik ook verlos word van hulle onderdrukker. Hoop op God! Hy is in staat om te red.

Ook vandag loop ons rond met reuse bekommernisse - ‘n wêreldekonomie wat besig is om in duie te stort; baie mense kry finansiëel bitter swaar; aardverwarming wat besig is om ons planeet te vernietig; besoedeling wat ons aan die hart gryp; misdaad...... Ook vir óns het Daniël se verhale vandag ‘n wonderlike boodskap van hoop, want ons kan verseker weet dat God in beheer is, selfs in die mees onmoontlike situasies.

**Gebed:**

**Here, dankie vir hierdie wonderlike verhaal van hoop. Dankie dat ek ook vandag kan besef dat U tot absoluut alles in staat is.**

# 14 Daniël se Visioen

## Daniël 7:1-18

Die eerste, verhalende deel van Daniël is verby, en nou kom ons by sy visioene. Dit is interessant dat Daniël die koning se drome uitgelê het, maar dat hy iemand anders (‘n engel) nodig gehad het om sy eie drome te verklaar. Daniël se eerste droom kom nogal baie ooreen met dié van Nebukadnesar, met die verskil dat die koning oor ‘n standbeeld gedroom het, en Daniël oor diere. Die simboliek is egter dieselfde.

Ek lees vanoggend die verklaring wat die Bybellennium gee vir hierdie

gedeelte, en dit was vir my nogal baie interessant. Volgens hierdie boek moet ‘n mens die skrywer en die verteller van hierdie visioen nie met mekaar verwar nie, want dan sal jy nie verstaan waaroor dit gaan nie. Soos ons vroeër reeds gemeld het, is die boek geskryf sowat 300 jaar nadat Daniël geleef het. Daniël het dit dus beslis nie self geskryf nie.

Die skrywer van die boek maak gebruik van Daniël as hoofkarakter en laat hom visioene beleef om ‘n spesifieke boodsakp aan sy lesers oor te dra. Hy vertel dit asof dit hy sélf is wat hierdie visioene beleef. Op hierdie manier kruip die skrywer as’t ware weg agter Daniël. Die

fokuspunt van die visioene is gedurende die tyd van Antiogos IV Epifanes, wat regeer het vanaf 175-164 vC., en hy laat Daniël vertel van die gebeure wat hy en sy lesers beleef het gedurende hulle leeftyd. Die lesers bekyk dus in werklikheid deur die oë van Daniël na die geskiedenis wat hulle besig was om te beleef. Dit is ‘n briljante verteltegniek om die aandag van die lesers vas te vang, en dit was ‘n gewilde verteltegniek van skrywers van apokaliptiese werke. “Maar dan het die skrywer mos gelieg!”, sou ‘n mens dalk geskok kon sê. Allermins. Jesus het ‘n soortgelykee tegniek gebruik met Sy gelykenisse om sekere waarhede tuis te bring. So

gebruik hierdie skrywer die visioene om sy tydgenote te bemoedig en vir hulle hoop te gee.

Koning Belsasar, wat die skrywer hier meld, was nooit werklik koning van die Babiloniese ryk nie. Hy het slegs vir ‘n kort rukkie namens sy pa, Nabonidus, in Babel regeer.

Die visioen wat hier beskryf word, bestaan uit drie duidelike bedrywe. Eers sien hy vier diere wat uit die see opkom. Daarna sien hy ‘n hofsitting wat plaasvind, en in die laaste bedryf sien hy ‘n persoon wat op die wolke aankom en tot koning gekroon word.

Die eerste bedryf open met ‘n

stormwind wat oor die see waai - ‘n wind wat uit vier rigtings kom, amper soos ‘n reuse warrelwind wat die see in ‘n maalkolk omkook. Dan kom daar vier diere uit die woeste see te voorskyn: eers iets soos ‘n leeu, dan ‘n beer, ‘n luiperd en laastens ‘n skrikwekkende monster. Dit is egter die vierde dier wat al die aandag trek. Sy voorkoms is iets wat onbekend is, maar hy boesem baie ontsag in. Hy is skrikwekkend, vreesaanjaend en verskriklik sterk. Hy het ystertande en hy verslind en vermorsel alles wat voorkom. Enigiets wat nog oorbly na sy plundertog, die trap hy eenvoudig plat soos ‘n stoomroller. Op hierdie dier se kop sien Daniël tien horings.

Maar dan groei daar ‘n klein horinkie tussen hulle uit, en om plek te maak daarvoor, word drie van die horings uitgepluk. Hierdie horing het ‘n mond en oë, en hy raak allerhande verwaande dinge kwyt.

In die tweede bedryf word daar trone reggesit, want daar gaan ‘n hofsitting plaasvind. God neem stelling in as Hoofregter. Daniël beskryf Hom as Iemand wat geweldige groot gesag inboesem - ‘n verblindende Lig. Boekrolle waarop die aanklagte geskryf is, word oopgerol. Die vierde dier word doodgemaak en sy liggaam verbrand, en die ander diere se heerskappy beëindig.

Dan kom die derde bedryf, en hier sien Daniël ‘n persoon in die wolke aankom en na God gaan. Hy ontvang heerskappy, eer en koningskap wat ewigdurend is, en almal dien hom.

In die derde bedryf is Daniël baie ontsteld, want hy verstaan nie die gebeure nie. Dan stap hy na ‘n engel, en dié lê die visioen vir hom uit. Hy is baie kort en kragtig met sy uitleg: Die vier diere verteenwoordig vier koninkryke. Die persoon wat op die wolke gekom het, verteenwoordig die “heiliges van die Allerhoogste” wat uiteindelik sal triomfeer. Hulle sal heerskappy ontvang en dit vir altyd besit.

Daniël is nie tevrede met hierdie kort verklaring nie, en hy vra verder uit, veral oor die vierde dier. Oor die uitleg hiervan sal ons DV. more gesels.

Alhoewel dit nie pertinent in hierdie gedeelte genoem word nie, kan ons aanneem dat die vier koninkryke waarvan hier gepraat word, soos volg was: Die leeu is die Babiloniese Ryk; die beer die Ryk van die Mediërs; die luiperd dié van die Perse en die vierde dier, die monster, verteenwoordig die Grieks-Masedoniese Ryk.

# Gebed:

**Here, dankie vir die troos wat ek ook kan kry uit hierdie verhaal - dat U ingryp, selfs in die mees ontstellende situasies.**

# 15 Die Engel Verduidelik

## Daniël 7:19-28

Na gister se dagstukkie oor Daniël se visioen, skryf ‘n goeie ou vriend, Daan, vir my, en vra die vraag, of hierdie visioen dan slegs te doene gehad het met die geskiedenis van die skrywer se tyd? Dit lyk mos tóg of dit met die eindtye te doene het. Ek het ‘n bietjie wyer gaan lees wat ander kommentare sê hieroor, en onder andere kers opgesteek by Prof Helberg (Die boek Daniël verklaar deur J L Helberg - NG Kerk Uitgewers). Inderdaad is die boek geskryf met die doel om die wêreldgeskiedenis ten tye van Antiogos IV Epifanes se regering in

perspektief te plaas, en te wys dat God in beheer is. Hiermee wil die skrywer sy lesers troos en bemoedig. Maar dit is tegelyk ook ‘n apokaliptiese boek wat verby die huidige kyk. Ek sal probeer verduidelik: Diegene wat al in die Drakensberge gestap het sal presies weet waarvan ek praat. Jy stap, en die sak is swaar en jou voete seer, en dan sien jy jou bestemming uitsteek reg agter die hoogte hier voor jou. Jy kry sommer nuwe moed, en jy klim hom met oorgawe uit. Wanneer jy bo kom, dan sien jy tot jou konsternasie dat daar nóg ‘n berg tussen jou en die eindpunt is. Later kom jy agter dat daar in werklikheid ‘n hele paar berge voor

lê voordat jy daar kom. So is profetiese perspektief: die profeet sien en beskryf die gebeure asof dit net agter die bultjie is, maar hy kyk in werklikheid verby ‘n hele paar bergreekse wat nog tussenin lê.

Ek wil dit hier net baie duidelik stel, dat hierdie skrywe van my nooit bedoel was as ‘n volledige Bybelstudie nie, maar slegs as ‘n dagstukkie om jou in die eerste plek te bemoedig, maar ook om jou te prikkel om sélf te gaan lees wat die kommentare hieroor sê.

In die laaste deel van Daniël se visioen is Daniël nie tevrede met die beknopte uitleg wat die engel hom gee nie, en hy vra uit: “Nou wat

beteken hierdie vierde dier nou éintlik?" Hy was anders as al die ander, en hy was buitengewoon skrikwekkend - daardie ystertande en bronskloue - dis genoeg om enigeen koue rillings te gee. En al daar die horings op sy kop - veral die grootbek een wat aanmekaar net wil oorlog maak teen die gelowiges.

Die engel moet nou mooi verduidelik, en hy vertel van 'n vierde Koninkryk wat op die aarde sal ontstaan - 'n Koninkryk wat alles sal platvee en vertrap voor hom, en die ganse wêreld inpalm. Hy vertel van tien konings wat die een na die ander sal regeer. Maar dan kom daardie laaste koning wat

Godslasterlik sal optree en die gelowiges probeer vernietig.

Hier word gesinspeel op Antiogos IV Epifanes. Vir die gelowiges het dit gelyk asof hy ten volle in sy doel sou slaag om die gelowiges totaal uit te roei. Maar wat hy nie kan of wil besef nie, is dat God regeer. Wat hy nóóit sou erken nie, is dat hy slegs op die troon was omdat God hom daar toegelaat het. Sy doppie was egter geklink, want God was op die punt om in te gryp en die oordeel oor hom te voltrek. Daar is nie 'n "miskien" by betrokke nie: God het 'n bepaalde tyd vir hom toegelaat - en sy tyd loop uit.

Kom ons gaan kyk nou 'n bietjie in

perspektief na hierdie visioen: Ons kan dit kortliks opsom deur te sê dat die skrikwekkende wêreldryke uiteindelik vervang word deur die ryk van die Ware Mens en sy gelowiges. Die verbondsvolk het die eintyd betree met die Babiloniese ballingskap. Die wêreldryke tree op uit eie beweging en krag (so wil dit lyk), maar in werklikheid is dit alles vasgelê in God se groter plan. Uiteindelik sal Sy gelowiges heerskappy voer.

Hierdie wêreldryke het iets skrikwekkend dierlik in hulle, maar steeds maak God bemoeienis met hulle, en daar gaan ‘n oproep uit om bekering. Soms werk dit - so het ons

gesien hoedat konings tot inkeer kom wanneer Daniël God se Woord vir hulle uitlê. En natuurlik maak God gebruik van gelowiges soos Daniël en sy vriende om Sy boodskap oor te dra. Uiteindelik, aan die einde van die tyd, raak die wêreldryk so Goddeloos, dat die gelowiges op die punt staan om totaal uitgeroei te word. Dit is dán wat God ingryp en Iemand stuur - Iemand wat doen wat geen gewone mens kan doen nie. Hierdie Iemand is ‘n “hemelse Wese”, maar ook terselfdertyd ‘n mens. Hy neem die heerskappy oor, en laat die gelowiges daarin deel.

Vir die gelowiges van daardie tyd was daar slegs enkele jare oor

(profeties gesproke) voordat die Verlosser sou kom. Hulle het dus in die eindtyd van die Ou Bedeling geleef, en die afwagting na Jesus se koms was groot.

Vandag leef ons ook in die eindtyd, want die wederkoms van Jesus is nou baie naby. Ons sien dieselfde dinge gebeur wat in Daniël se visoen voorkom, van wêreldheersers wat totaal Goddeloos leef en die gelowiges probeer verslind. Maar soos in Daniël se tyd, weet ons dat God die eintlike regeerder is, en dat hulle slegs regeer omdat Hy dit toelaat. Hulle doppie is egter geklink, want die oordeel van God wag op hulle!

## Gebed:

**Here, U regeer! Al die lof en dank en aanbidding kom U alleen toe, want U is Koning oor alles en almal.**

# 16 Twee Ramme

## Daniël 8:1-8

Vanoggend maak ek gebruik van ‘n kommentaar oor Daniël van Ds. W ten Haaf, getitel: “Gewaarborgde Oorwinning”

Die slim mense het darem nou wonderlik slim geloop raak. Vat nou maar Google Earth - die program wat satellietbeelde van die aarde wys. Wanneer jy hom aanskakel, dan sien jy ‘n foto wat die hele aarde in al sy glorie wys. Begin jy egter inzoem (is daar ‘n ander woord?) dan sien jy die fyner detail - eers die kontinente, dan lande, en dan die berge en damme. So goed is die

detail, dat jy selfs jou eie huis op die fotos kan herken! Nee, jy sal darm nie vir Wagter op die stoep kan sien lê nie.....

Hierdie visioene van Daniël werk amper soos Google Earth. In die eerste visioen het ons die hele aarde gesien - hy het ‘n wye oorsig oor die wêreldgeskiedenis gegee. In die tweede visioen zoem hy so ‘n bietjie is, en ons sien slegs ‘n gedeelte van die geskiedenis. Hy fokus as’t ware op die botsing tussen die Ooste en die Weste wat die pad oopmaak vir die groot vyand van die volk van die Here.

Hierdie gesig wat Daniël gesien het, het twee jaar na die eerste

plaasgevind. Hierdie keer was dit egter nie in ‘n droom soos die eerste nie, maar helder oordag, terwyl hy wakker was. In die visioen bevind hy hom in die vestingstad Susan (beter bekend as Susa) by die Ulairivier. Hierdie stad bestaan vandag nog, en is geleë in die weste van Iran, naby die grens van Irak. Kyk jy na die stad op Google Earth, dan sien jy onder andere daar ‘n foto van die graf van Daniël. Die “Ulairivier” is eintlik nie ‘n rivier in die ware sin van die woord nie, maar ‘n mensgemaakte waterkanaal wat twee riviere wat parallel weerskante van die stad verbyloop verbind. In Daniël se tyd was Susa ‘n redelik onbelangrike stad, maar later, onder

die Medo-Persiese ryk, word dit die wêreldhoofstad. Die Elamprovinsie waarvan Daniël vertel, was al in Abraham se tyd ‘n berugte gebied - daarvan lees ons in Gen. 14. Ons lees ook in die Nuwe Testament (Hand. 2:9) daarvan, en dat mense van Elam saam die Pinksterwonder beleef het. Die Christendom het 1800 jaar later daarheen versprei, en die Bybel is selfs in Persies vertaal sodat die inwoners dit kon verstaan. Die opkoms van Islam het dit later egter baie moeilik gemaak, en Cristene is bitterlik vervolg - soveel so dat daar op ‘n stadium meer as 300 kerke in moskees verander is.

Daniël se visioen begin met ‘n skaapram wat hy sien staan by die Ulairivier. Hierdie ram het twee geweldige groot horings gehad. Die een het na die ander uitgekom, en die laaste een het groter as die eerste geword. Die kleinste horing wys op die ryk van die Mediërs, en die grote op dié van die Perse. Die ram stoot in drie windrigtings, en vernietig in sy dolle woede almal wat hom teenstaan. Die Medo-Persiese ryk van daardie tyd het alles en almal ingepalm - Babilonië, Sirië, Klein Asië, Armenië, en selfs so ver suid as Egipte en Etiopië. Slegs die Ooste was buite sy magsreik.

Dan kom die tweede deel van sy

visioen, wanneer hy ‘n bokram sien aankom uit die weste. Só vinnig kom hy aangestorm, dat sy pote nie eers grond raak nie. In een woedende sprong verpletter hy die skaapram. Hierdie bokram het egter net een horing tussen sy oë gehad, amper soos die mitologiese Unicorn (Eenhoring). Dit sinspeel op die berugte Alexander die Grote - eerste koning van Griekeland. In sy visioen sien Daniël hoedat Alexander (die bok) die Medo-Persiese Ryk (die skaap) by die Ulairivier vernietig. Interessant is die feit dat die Perse juis by ‘n rivier - die Granicus - finaal verpletterend verslaan is. Binne slegs tien jaar het Alexander die Grote - ‘n geniale strateeg - die hele

bekende wêreld van sy tyd, selfs tot in Indië verower. Inderdaad het hy die pad van die bokram gevolg, en nie alleen suksesvol nie, maar baie arrogant en oormoedig geword. Dit was die eerste keer in die wêreldgeskiedenis dat ‘n wêreldmag uit die Weste suksesvol kon opkom. In die einste stad Susa het Alexander ‘n reuse fees gehou wat die verbroedering van Asië met Europa moes bewerkstellig.

Alexander was slegs 33 jaar oud to hy dood is, en daarmee het die doodsklokke vir sy magtige ryk gelui. Die groot horing het afgebreek, en in sy plek het vier horings uitgekom wat na die vier windstreke toe wys.

Alexander die Grote se ryk is verdeel in vier ryke met vier heersers.

‘n Mens kan maar net in verwondering kyk hoedat diktators en tiranne hulleself verhef en groter as God wil stel. Net om te moet uitvind dat hulle ook maar ‘n baie verganklike ou lewetjie het. Selfs die grote Alexander byt in die stof in die fleur van sy lewe. Vandag kan ek en jy ook maar net met belangstelling kyk na die wêreldheersers wat oormoedig raas en blaas, en dan kan ons weet dat ook húlle tyd van afrekening sal kom. God is getrou en regverdig. Ek en jy is veilig in Sy hande.

**Gebed:**

**O Here, dankie dat ons ook uit die geskiedenis kan leer dat selfs die magtigste tiran soos klei is in U hande.**

# 17 Die Wilde Horing

## Daniël 8:9-14

Ons gaan voort met Daniël se visioen, en ons hoor hoe hy vertel van ‘n klein horinkie wat uit een van die ander horings gegroei hei. Skielik het hierdie horingkie soos ‘n wilde loot na alle kante toe begin groei (dalk soos ‘n koedoe se horing wat draai?), “na die suidekant en die ooste en na die pragtige land”. Hierdie horing het baie magtig geword.

Soos ons reeds gesien het, het Daniël se visioene te doene met die wêreldgeskiedenis van die skrywer se tyd. Dit is egter allermins ‘n

geskiedenisles: dit het baie meer te make met kerkgeskiedenis wat gesien word teen die agtergrond en verankering van die wêreldgebeure van die tyd. Toe die boek Daniël geskryf is, was die ballingskap van die Jode lankal iets van die verlede, en hulle het reeds weer in Israel gewoon. Die erediens was herstel, en die tempel was weer herbou. Maar alles was nie wel nie, want selfs die diens aan God was besoedel deur Griekse kultuur. Natuurlik het die Grieke die wêreld oorheers, en hulle soldate was oral. Dit sou maar net natuurlik wees dat hulle 'n invloed sou uitoefen op die plaaslike bevolking.

Een van die kenmerke van die Griekse kultuur was hulle gees man humanisme - menseverheerliking. Ek hoef jou dit nie eers te sê dat dit absoluut lynreg staan teenoor die ware Evangelie nie. Humanisme leer dat ‘n mens jou eie verlosser is - jy het geen God nodig nie. Nou ja, die Griekse gode was nou nie juis op pensioen gesit nie, maar die mens het al hoe meer onafhanklik van hulle begin raak. Al die gode is saam gegooi op ‘n hoop om sodoende een aanvaarbare godsdiens te kry. Klink dit nie baie bekend nie? Is dit nie wat vandag ook besig is om te gebeur nie? Islam, die Christelike Godsdiens, Hindoeïsme, Bhoeddisme - almal is eintlik

dieselfde God - so wil sommige teoloë beweer. Die vrymesselary beoefen hierdie gedagte al jare lank.

En toe kom Antiogus IV aan bewind - ‘n nietige koninkie van Sirië, en hy maak baie groot opgang. Hy noem homself Epifanes - die goddelike. Sy mag brei hy uit na Egipte, Persië en “die Pragtige Land”, Palestina. Hy was arrogant, nors, wreed en korrup. Hy het hom deur absoluut niks laat keer om sy doel te bereik nie. Hy het so magtig geword dat hy die “hemelse leërmag” aangedurf het en van die “sterre” vertrap het. Hiermee word bedoel dat hy die gelowiges van die Ou Bedeling op gruwelike maniere vervolg het. Hy is

al genoem die Antichris van die Ou Testament.

Antiochus het sy naam gestand probeer doen deur as “die goddelike” homself bo die almagtige God te verhef. Hy het die erediens en die voortdurende offers in die tempel in Jerusalem verbied. Toe gaan hy verder, en onteer die tempel: hy laat ‘n altaar vir Zeus bou bo-op die tempelaltaar. Daar het hy varvleis laat offer aan die afgod Zeus. Die tempel was sódanig ontheilig dat dit nie meer vir die Godgegewe doel gebruik kon word nie.

Natúúrlik was die Joodse volk verslae oor die gruwels wat hulle

aangedoen is. Daarom kom die trooswoorde van die profeet, wanneer hy sê dat die heiligdom weer in sy regte herstel sal word na “tweeduisend driehonderd aande en oggende”. Oor die presiese uitleg hiervan gaan ek my nie uitlaat nie, want daar is baie meningsverskil. Wat ons wél met sekerheid kan sê, is dat God sal ingryp op die tyd wat Hy bepaal het. Dit sal slegs ‘n kort tydperk duur, maar op God se tyd sal die heiligdom gerestoureer word in sy ou staat, en dit sal weer aan God geheilig word. Op hierdie wyse sal dit ‘n lofsang tot eer van God wees. Inderdaad het dit gebeur soos die profeet voorspel het, en is die verhoog gereed gekry vir die

grootste gebeurtenis van alle tye, toe die Messias gebore is.

Vandag vra ons dalk: “Waarom?”. As ons egter na die geheel-prent kyk, dan sien ons ‘n wonderlike plan wat saamkom - die Griekse taal en kultuur wat wêreldwyd versprei, en die pad oopmaak vir ‘n Paulus om in die Evangelie te kon verkondig oor die ganse bekende wêreld - almal kon Grieks verstaan, en taal was dus nie meer ‘n struikelblok nie. Die Grieke het die weg gebaan vir die Romeine wat ‘n padnetwerk gelaat het wat die vinnige verspreiding van die Evangelie sou vergemaklik. Selfs die vervolging van Christene later, het veroorsaak dat hulle die wêreld

vol gevlug het en die Evangelie saam met hulle gedra het so ver as wat hulle gegaan het.

Weereens kan ons dit net oor en oor beklemtoon dat God in beheer is, en al lyk dinge vir ons soms bitter duister, dan moet ons steeds besef dat Hy die hef in die Hand het. Toe (verpligte) Godsdiens in die skole verbied is, het dit in baie gevalle ‘n spontane honger na die Evangelie by kinders veroorsaak, en gedurende pouses het talle Christengroepies ontstaan. God is in beheer!

**Gebed:**

**Here, leer my asseblief om U wonderbare Hand te kan raaksien in die gebeure rondom my, en U te loof, selfs wanneer dit swaar gaan.**

# 18 Gabriël Praat

# Daniël 8:15-18

My Oupagrootjie, het ons eenmaal die verhaal vertel van ‘n baie vroom, Godvresende familielid wat tweekeer deur ‘n engel besoek is. Die eerste keer het die engel vir hom kom sê dat hy op ‘n sekere tyd sou sterf. Die man moes sekerlik ontsteld gewees het, maar ‘n ruk later, terwyl hy sy skaapkraal is, staan die engel skielik weer voor hom. “Die Here het besluit om jou tyd op aarde met drie maande te verleng”, het die engel vir hom gesê, en hy vertel vir hom presies op watter dag en uur hy sou sterf. Oupa het vertel dat die man rustig

voortgegaan het en al sy sake in orde gekry het, en dat die familie daardie dag kom groet het, en op die bepaalde tyd is hy hemel toe, presies soos die engel voorspel het. Ek het rede om te glo dat hierdie verhaal waar is, want Oupa Botha het nooit, ooit nonsens gepraat nie.

Die vraag is, of engele ooit nog aan mense verskyn en met hulle 'n gesprek voer?

Ons lees in die Bybel dat God met Adam gewandel het in die Tuin. Hulle het met mekaar gesels. Toe kom die eerste sonde, en Adam en sy vrou, Eva kruip vir God weg. Later lees ons dat Abraham ook met God gesels het, en dan was daar

natuurlik Moses - God het direk, met ‘n hoorbare stem met hom gepraat - eers daar uit die braambos, en later weer op die berg Sinai. God het ook daarna verskeie kere met Moses gepraat. Moses moes baie na aan God geleef het - hy moes ‘n baie besonderse mens gewees het.

Maar gaandeweg het mense verder en verder van God af wegbeweeg, sodat dit slegs by uitsondering is dat selfs ‘n engel - God se boodskapper - met mense kom praat. En wanneer dit die dag gebeur, dan skrik die persoon hom gewoonlik oorhoeks, soos wat dit met Daniël gebeur.

Ons lees in die Bybel slegs op

enkele plekke van die engel Gabriël - in Openbaring, Daniël en Lukas, en van die engel Migael in Judas, Daniël en Openbaring. Dit is dus die heel eerste keer dat ons die naam van ‘n engel sien in die Bybel, in die boek Daniël. In skrille kontras daarmee is daar talle en talle name gegee aan engele in nie-Bybelse tradisie. Soveel so, dat ‘n sekere Gustav Davidson ‘n “Dictionary of Angels” geskryf het. Dalk is dit ‘n geval van die mens wat sy onvermoë om met God te kommunikeer probeer oorbrug deur engele meer persoonlik voor te stel. Dit is so tragies dat ons as mense se sonde gemaak het dat die afstand tussen ons en die Heilige,

sprekende God byna onoorbrugbaar groot geword het.

Wanneer die engel na Daniël kom, is die oomblik so groot vir hierdie profeet, dat hy bewusteloos op die grond neerval. Selfs Daniël, wat sy Godsdiens so ernstig opgeneem het, kon die glans van God nie weerstaan nie. Die mens het die afstand tussen hom en God al groter en groter gemaak. Nogtans het God bly praat. Hier doen Hy dit deur die engel Gabriël - dieselfde engel wat later ook vir Maria die boodskap van Jesus sou bring. Natúúrlik is God die Een wat die gesprek met die mens wil voortsit. Wanneer Jesus dan Homself verneder en een van ons

word, gebeur dit vir die eerste keer sedert Adam weer dat gewone mense met God ‘n gewone gesprek kan voer. Helaas het dit slegs ‘n kort rukkie geduur dat mense van aangesig tot aangesig met Hom kon verkeer, maar die finale brug vir gesprek is gebou. Jesus het wél na die hemel opgevaar, maar in Sy Goddelike alomteenwoordigheid is Hy jou Gespreksgenoot. Hy het egter ook vir ons die Heilige Gees gegee wat in elke gelowige woon en werk en met ons praat.

Ek het al verskeie briewe gehad wat handel oor die “Stem van God”. Dit wissel van mense wat wil weet of ‘n mens werklik die Stem van God

fisies kan hoor, tot mense wat kla dat hulle vergeefs met God probeer praat, want “Hy luister nie na hulle nie”. Ek glo dat daar verskeie maniere is om die “Stem van God” te hoor. Met sommige mense praat God in visioene en drome. Maar met die oorgrote meerderheid van gelowiges praat God deur Sy Woord, die Bybel. Vir my persoonlik praat God ook met my deur dit wat ek waarneem in die natuur, en selfs soms deur doodgewone dinge wat gebeur. Nee, ek hoor nie fisies die Stem van God nie, maar daar is net ‘n bewuswording van ‘n boodskap wat opgesluit is in iets wat gebeur, of ‘n eenvoudige gedagte wat ek lees.

Wat die probleem van “God luister nie”, aanbetref: Nee, God is altyd daar om te luister. Hy is altyd bereid om met jou te praat - te kommunikeer. As daar ‘n kommunikasiegaping is, moet jy héél eerste by jouself begin soek. Druk jy nie dalk proppe in jou ore - proppe van sonde nie, sodat jy gladnie meer vir God kan hoor nie? En daardie “muur” waarteen jy vasbid - dit is ‘n muur wat jy sélf bou. God hoor jou steeds anderkant daardie muur. Dit is soos om ‘n baksteen muur te verf op ‘n stuk papier. Vir jou lyk dit solied, maar die werklikheid is dat dit slegs papierdun is. Jy staar jou dus blind teen iets wat vir jou solied lyk, maar vir God

kleinlik en nietig is. Breek (skeur?) daardie muur af met die hulp van die Heilige Gees, en kommunikeer!

**Gebed:**

**Here, help my asseblief om die mure wat ek gebou het tussen my en U, af te breek, en om die proppe uit my ore te pluk.**

# 19 Die Engel Verduidelik

## Daniël 8:18-27

Die arme Daniël het hom boeglam (letterlik en figuurlik!) geskrik toe die engel Gabriël met hom begin praat. Nadat die arme man tot sy sinne gekom het, begin Gabriël vir hom die visioen uitlê. Die skaapram verteenwoordig die agtereenvolgende konings van die Medo-Persiese Ryk, en die bokram die Griekse Ryk. Soos reeds gesien is die eerste koning van die Grieke Alexander die Grote, en na sy vroeë dood val die ryk uitmekaar in vier koninkryke. Uiteindelik kom daar 'n nuwe koning op.

Een van die kenmerke van hierdie tydperk is dat die "**sonde sy hoogtepunt bereik**" het. Onmiddellik dink 'n mens aan die heidense nasies wat nog meer heidens geraak het (?), maar dit is gladnie wat hier bedoel word nie. Hier het dit gegaan spesifiek oor die Jode - die volk van God - se afvalligheid. As ons gaan lees wat in die Makkabeër-geskrifte staan, dan kry 'n mens 'n bietjie agtergrond oor hierdie tydperk. Onder andere word daar vertel (Makk. 1:11-15) dat die Jode 'n Griekse gimnasium in Jerusalem opgerig het. "Dis vooruitgang!", sou 'n mens sê. Nee, nie werklik nie: 'n Gimnasium in daardie tyd het jong seuns of mans

opgelei in letterkunde, redenaarskuns en wysbegeerte (steeds baie edel), maar dit is beheers deur die heidense geloof in ‘n swetterjoel gode wat die toppunt van sedeloosheid uitgeleef het. Een van die hoogtepunte van die gimnasium was om die jong manne op te lei in die hantering van verskillende wapens, en om hulle fiks te maak deur verskillende sportsoorte te beoefen (steeds goed!), maar al hierdie dinge is gedoen terwyl die manne poedelnaak was. Die Joodjies het hier erg deurgeloop onder die spot van die ander, omdat hulle besny was - die volmaaktheid van die liggaam was baie hoog aangeskryf,

en besnydenis het die liggaam geskend. Só erg was dit dat van die Joodse seuns ‘n operasie ondergaan het om die besnydenis te probeer verbloem, en so hulle verbondsteken te minag.

Soos reeds gesien, is Antiochus IV Epifanes die laaste koning. Hy was nors, wreed, onbetroubaar en ‘n geslepe diplomaat in die slegte sin. In ‘n paar kort sinnetjies beskryf Gabriël hierdie ongure karakter se bloeddorstige en niks-onsiende loopbaan. Hierdie monsteragtige man sou op ongekende skaal verwoesting saai en alles vernietig wat in sy pad staan, en selfs die magtigste heersers sou net

eenvoudig swig voor sy bloedlus.

Maar Gabriël noem iets anders wat alles in perspektief stel: Antiochus kry hierdie dinge reg net om één rede, en dit is omdat God dit toelaat. Dit laat ‘n mens outomaties die vraag vra: “Ek het dan gedink dat God liefde is - waarom kan Hy sulke liefdeloosheid en wreedhied toelaat?” Vandag kan ons dieselfde vraag vra, wanneer ons sien hoe boos die wêreld om ons is, en hoedat onskuldige mense - selfs gelowiges - dikwels moet ly onder die geweld van die Goddelose. Na Antiochus was daar talle ander uiters wrede heersers wat gelowiges probeer uitroei het: Nero, Hitler,

Stalin en nog baie ander. Waarom? Die eenvoudige antwoord is dat ons net eenvoudig nie weet nie, want ons weet nie wat in God se groot raadsplan bepaal is nie. Wat ons wel weet is dat die sonde nie ongestraf bly nie, en dat die ewige verderf wag vir hierdie Goddelose mense. Gabriël kondig dan ook aan dat Antiochus 'n dood sou sterf wat alleen beskryf kan word as dat dit van God kom. Volgens buite-Bybelse geskrifte (1 Makk. 6) word Antiochus IV Epifanes siek. 'n Demoniese besetenheid neem beheer van sy lewe en dryf hom na sy dood.

Die bejaarde profeet, Daniël, is so

aangegryp deur hierdie visioen, dat hy vir dae lank siek en uitgeput was, en nie kon werk nie.

Hierdie visioen van Daniël het direk te doen met die geskiedenis van sy tyd. Of het dit? Na die bloedige Medo-Persiese en Griekse oorheersing, het daar al weer talle skaap- en bokramme gekom en gegaan. Die Romeinse oorheersing het nie baie lank daarna gebeur nie, en oor die volgende tweeduisend jaar was daar talle soortgelyke regerings wat ‘n mens se hare laat regop staan. Leef ons nou in die eindtyd? Slaan Daniël se profesie dalk op vandag as die laaste asem van die aarde? Die eindtyd is die tyd

van die Antichris - die tyd wanneer die groei en aantrekkingskrag van die sonde soveel groter word - die tyd wanneer die gelowiges se lyding op sy ergste is. Miljoene gelowiges word vandag op die verskriklikste manier vervolg.

Die troos vir ons is dat Daniël se profesie ook in ons eie tyd betekenis het: Die Godslasterlike "horing" sal op God se tyd sonder enige menslike hulp verbreek word wanneer Christus kom om te oordeel. Die visioen in Daniël 8 mag dalk spesifiek beperk wees tot die Ou Testamentiese geskiedenis, maar die boodskap hierin van God se almag is ewig. Agter die

skaduwee van die Antichris sien ons die helder lig van God se oorwinning skyn - dieselfde Lig waarvan Johannes praat in Joh. 1 en 1 Joh. 2.

**Gebed:**

**Here, weereens sien ek vanoggend dat U die Oorwinnaar is - hou my oog gevestig op U alleen, en wanneer ek die onreg om my sien - herinner my dan aan U almag.**

# 20 Puinhope van Jerusalem

## Daniël 9:1-3

Daar is ‘n nou verband tussen hoofstuk 8 en 9 van Daniël. In beide boeke tree die engel Gabriël op. Maar hierdie was nie die laaste boodskap wat Gabriël moes aflewer nie: ‘n paar honderd jaar later het dieselfde engel by Maria gestaan en die geboorte van die Saligmaker, Jesus Christus aangekondig. Hierdie engel moes aan Daniël kom openbaar dat die Ou Testamentiese geskiedenis nie sou uitloop op ‘n katestrofale einde van ‘n permanente anti-Christendom nie. Selfs die verskriklike Antiochus sou nie die einde van alles wees nie. In

hoofstuk 9 ontvang Daniël die openbaring van ‘n heerlike verlossing wat die lyne trek na die koms van Jesus. Met Jesus se koms begin ‘n totaal nuwe tyd. Die troos wat hoofstuk 9 ons vandag bied, is dat absoluut niks die koms van God se Ryk kan stuit nie. Self in ‘n pikswart, bloedstollende duisternis van onheil en die gruwelikste gebeurtenisse, bly die Here naby Sy volk.

Daniël begin die hoofstuk met ‘n datering: “die eerste regeringsjaar van Darius, seun van Ahasveros”. Dit is dieselfde Darius waarvan ons lees in hoofstuk 6. Ahasveros is egter nie dieselfde koning waarvan

ons lees in Ester nie.

Daniël het grys geword in ballingskap onder die magtiges van die aarde. Hy het Babel beleef in al sy glorie en gruwel, en hy het skrikwekking en korrupsie en bedrog op die hoogste vlak beleef. Kort-kort was daar nuwe heersers, maar elke nuwe besem het tegelyk geblink, gestink en dan gesink. Vandag moet tonne woestynsand weggegrawe word om so ‘n ietsie van die stad se eertydse glorie bloot te lê. Ek lees ‘n interessante brokkie in Wikipedia oor die stad: In 1985 het Sadam Hussein begin om die stad Babilon te herbou - bo-op die ruïnes van die ou antieke stad. Ons moet onthou

dat daar reeds vir jare argeologiese uitgrawings gedoen is in hierdie stad, en toe kom hierdie arrogante despoot en maak al die navorsing tot niet. Hy het egter verder gegaan en sy eie naam laat graveer op baie van die ou antieke stene, tot groot konsternasie van die argeoloë. Een van die inskripsies het gelees: "Gebou deur Saddam Hussein, seun van Nebukadnesar". Hy het ook 'n reuse portret van homself en Nebukadnesar laat oprig by die ingang van die bouvalle. Jy kan meer hieroor lees by **http://en.wikipedia.org/wiki/Babylon**

Daniël het een ding baie goed besef:

As jy na die geskiedenis wil kyk, dan doen jy dit in die lig van die Skrif. Calvyn het jare later gesê dat die Bybel die bril moet wees waardeur ons na alles kyk. Hoe waar! As ons vandag in die lig van wat in Openbaring opgeteken is na die wêreld rondom ons kyk, dan gaan daar vir ons ‘n groot lig op. Hoofstuk 9 van Daniël wys ons dan ook dat die belangrikste nie is om die kerk voor te berei vir die gruwels van die Antichris nie, maar ons moet eerder die heerlikheid van die finale oorwinning van die Godsryk raaksien. Eerder as om met ‘n beklemming om die hart te wag vir die bose aanslag, moet die wonderlike vooruitsig ons vul met ‘n

jubelende vreugde. Kom ons lees dus die koerante en kyk na die nuusgebeure deur ‘n Bybelse bril.

Daniël het die profetiese boek, Jeremia oopgerol en gelees, en daarin sien hy dat die Here ‘n tyd bepaal het vir die “puinhope van Jerusalem” - sewentig jaar. Nadat hulle vir sewentig jaar onder Babel se mag gesug het, sou die Jode weer terugkeer na Jerusalem. Getalle het natuurlik ‘n geweldige belanrike rol gespeel in die lewe van ‘n Jood, en in hierdie geval was dit nie alleen die einde van ‘n tydperk vir Daniël nie, maar dit het ook ‘n simboliese betekenis gehad. 3 is die getal van God, 4 die getal van die

wêreld en 7 die getal van Immanuel (3+4=7 - God + wêreld = God met ons - Immamuel)

Die getal van die Immanuel is die getal van verlossing, en hier word dit ‘n volheidsgetal omdat dit met 10 vermenigvuldig is (7*10=70). Wat dit dan in werklikheid vir Daniël sê, is dat die volheid van slawediens onder Babel aangebreek het, en dat die lig van verlossing in die stikdonker nag van Babel se tirannie helder daar voor skyn.

Wat doen Daniël as hy tot hierdie besef kom? Hy gaan nie maar rustig agteroor sit om die “sirkus” te sien verby kom nie - hy verootmoedig hom voor God, en dan gaan hy oor

in gebed. Hy trek rouklere aan, vas en gooi as op sy kop. (Rouklere in daardie tyd was ‘n gebreide bokvel met hare, wat net so oor die kaal liggaam aangetrek is. Dit herinner jou daaraan dat nie eers gerieflike klere ‘n mens se reg of voorreg is nie, en dat alles bloot genade is.) Dan stuur hierdie gryse ou Godsman ‘n hartroerende skuldbelydenis op as hy tot God bid. Maar daarvan lees ons DV. môre.

Besef ek en jy vandag ooit nog watter ongelooflike groot genade God aan ons bewys het? Besef ons ooit hoe bevoorreg ons is om vryelik te kan aanbid? Moontlik moet ons ook ‘n slaggie “rouklere” aantrek om

te besef dat ons absoluut niks van hierdie genade verdien het nie, maar dat dit alles slegs God se onmeetbare liefde is wat ons gebring het waar ons is.

**Gebed:**

**Dankie Here vir U wonderlike genade oor my. Leer my asseblief om dit waarlik te waardeer.**

# 21 Here, Vergewe....

# Daniël 9:4-14

Plagiaat! Plagiaat! So wil party mense (Bybelkritici) skree oor Daniël se gebed.

Maar kom ons begin héél voor: Wanneer Daniël Jeremia se profesieë lees, dan kom hy baie diep onder die besef dat sy volk gesondig het. Ja. hulle is weggevoer uit hulle geliefde land uit in ballingskap, maar verdien hulle nie dalk elke oomblik van hierdie verskriklike tyd nie? Wat doen Daniël - begin hy te kerm en weeklaag oor sy lot? Reël hy 'n protesoptog om die Jode te laat gaan? Stuur hy 'n petisie na tien

miljoen mense via die Internet? Nee, Daniël doen wat hy deur die jare geleer het, die enigste ding is om te doen - hy bid. Diep bewus van die feit dat daar slegs een “Persoon” is wat na hom sal luister, gaan hy na God, en stort sy hart en siel voor Hom uit.

Wanneer ‘n mens ernstige probleme in jou lewe ondervind, dan ontlont dit jou opgekropte angs/woede/frustrasie onmiddelik as jy jou hart kan uitpraat teenoor iemand wat bereid is om te luister. Die persoon hoef nie eers raad te gee of selfs te troos nie - die blote gedagte dat iemand bereid is om jou aan te hoor, is klaar genoeg. Ek kry

talle briewe van mense vir wie ek in baie gevalle absoluut geen raad het nie. Dikwels skryf die persoon dat hy/sy nie ‘n antwoord vra nie, maar net wil hê dat ek luister. Natuurlik is dit baie gerieflik, want ek is ‘n totale buitestaander en ek ken die skrywers gladnie, en daarom is dit vir sulke persone soveel makliker om hulle hart leeg te praat teenoor my. Elkeen van hierdie briewe ruk my diep in die hart, en ek huil dikwels saam met die skrywers. As ek kan help, gee ek raad, maar dikwels kan ek nie eers raad gee nie.

Wanneer Daniël sy hart uitpraat teenoor God, dan merk ons iets wat

half bekend klink. Hierdie gebed van hom is nie “oorspronklik” nie - ons lees presies dieselfde woorde elders in die Bybel. Het Daniël dan plagiaat gepleeg en iemand anders se woorde gebruik? Daniël het eenvoudig gedoen wat baie predikers vandag ook doen, naamlik om uit die Skrif te bid. Kan jy ‘n beter manier gebruik om jou woorde te vorm? Ek het al baie hoogdrawende gebede in my lewe gehoor - gebede wat kunstig aanmekaargesit is om die hoorders daarvan diep te beindruk. Jesus het ons egter geleer dat ‘n gelowige gebed die een is wat deur die Woord gedra word, en dat die hoogmoedige gebed wat deurspek is met mooi woorde die

een is wat teen die plafon vasslaan. In Jesus se gelykenis is die gebed van die sondaar: “Wees my, arme sondaar genadig!” van onskatbare waarde, juis oor die eenvoud, eerlikheid en Skrifgebondenheid daarvan.

Daniël se aangrypende gebed bestaan uit drie dele: In die eerste deel gaan die oor die verbond wat God met hulle gesluit het. Die tweede handel oor die wet en oor seën en straf, en in die derde deel fokus hy op Jerusalem en die tempel. Die hele gebed is egter ‘n lang en aangrypende skuldbelydenis. Die grootste deel van die gebed kan saamgevat word

in die woorde van Psalm 79:8: "**Moet tog nie die ongeregtighede van vorige geslagte op ons laat neerkom nie**"

In die laaste paar jare het ons diep onder die indruk van hierdie woorde gestaan in Suid-Afrika, waar ons dikwels herinner word aan die sondes van ons voorgeslagte. As ons maar net gaan kyk na die skrikwekkende wreedhede wat gepleeg is deur ons voorvaders - waar die inheemse volke van ons land dikwels gesien is as "probleem-diere" wat gejag moes word. So is die Boesmans uitgeroei en die woestyn ingedryf - nie alleen deur die Blanke nedersetters nie, maar

dikwels ook deur die Swart nasies. Gaan lees gerus maar die reeks verhale van Roger Webster - “At The Fireside”, en jou hare staan regop oor sommige gruwelverhale uit ons geskiedenis. Ja, daar sien ons dat sommige geharde misdadigers selfs heldestatus gekry het. En as dit vandag gebeur, is ons geskok daaroor!

Dit is egter nie net uit die geskiedenis wat die ongeregtighede van ons volk na vore kom nie: Die huidige is in baie gevalle dalk nog meër van ‘n riller. Moord, roof verkragting, rassehaat, gesinsmoorde - ag, hierdie is maar enkeles van die gruwels wat vandag

ons lewens oorheers. Ons as gelowiges kan baie maklik sê: “Maar dis nie óns nie!” Die feit is egter dat ek as mens nie ‘n indiwidu is in hierdie land nie, maar onlosmaaklik deel van ‘n baie groot groep. Die vrome Daniël het saam met die ander onverskillige Jode gely. Daarom bid hy nie vir homself nie, maar vir sy volk as geheel. “Ons het gesondig.....”

Dit het tyd geword dat ek en jy loskom van ‘n persoonlikheids of “ek-godsdiens”. Ons moet terug gaan na die Woord, en die Heilige Gees bid om die skille van ons oë af te haal. Ons het nodig om losgeruk te word van die idee dat ons die

Laaste Christenvolk op aarde" is, en dat ons 'n slag na ons eie sondes sal kyk.

**Gebed:**

**Here, ek bid vir ons land en volk: gee deur U Heilige Gees vir ons die wysheid en krag om U weer as U verbondsvolk te dien en eer. Vergewe ons asseblief die talle gruweldade wat selfs vandag nog voortduur.**

# 22 Hoor tog, Here!

## Daniël 9:15-19

Iemand skryf vanoggend vir my oor die toestand in hulle kerk, waar ouers absoluut geen beheer oor hulle kinders het nie, en dat hulle die erediens totaal ontwrig. In gemeentes regoor die land sien ons hoedat kerke besig is om leeg te loop - al hoe minder mense het die behoefte om ‘n erediens by te woon. Talle gemeentes maak hulle deure toe, en hou op om te bestaan, bloot omdat daar nie meer belangstelling is nie. Ander moet weer met buurgemeentes saamsmelt, anders kan hulle nie die mas opkom nie. Iemand berig nou die dag uit

Australië dat slegs 3% van die land se inwoners nog Christene is - blykbaar is die Suid-Afrikaners daar feitlik die enigste gelowiges wat in die land oorgebly het. Intussen is daar die ontstellende berigte van gerespekteerde teoloë wat totaal die kluts kwytraak en dinge begin verkondig wat totaal teen die grein van die Bybelwaarhede insny. Die kerk is in 'n krisis!

In Daniël se tyd was die kerk ook in 'n krisis - sommer 'n baie groot krisis! Wat doen hy? Hy bid! Na Daniël se uitgebreide skuldbelydenis in vers 5-14, kom die bejaarde ou profeet, en hy lê sy gebedsversoek voor God se Voete. Dit is 'n

aangrypende gebed vir kerkherstel. Hy begin deur terug te gryp na die verlede, en om vir God te vertel dat hy die wonderlike dinge wat God in die verlede vir hulle as volk (kerk) gedoen het onthou. Hy herinner God aan die groot verlossingswerk wat Hy gedoen het - ‘n verlossingstaak wat wêreldnuus geword het, toe God hierdie weerlose volkie uit die magtige hand van die Egiptenare gered het, waar hulle slawe was in diens van die Farao.

Gedurende hierdie magtige reddingspoging, het God tyd gemaak om ‘n verbond wat Hy met Abraham gemaak het te bekragtig op die berg Sinaï. Vandag het die

woord verbond nie werklik vir ons ‘n betekenis nie. In die antieke tye (4000 jaar gelede) het ‘n koning ‘n verbond gesluit met ‘n volk wat hy oorwin het. In hierdie verbond word sekere voorwaardes gestel, maar ook beloftes. Die ondergeskikte moes byvoorbeeld belasting betaal aan die koning, maar hy sal ook beskerming kry van hom teen ander vyande. As die ondergeskikte egter die verbond verbreek, is daar straf. God het hierdie idee gebruik wat al bekend was by die mense, en so ‘n verbond met die volk gesluit. Hy belowe om vir hulle ‘n God te wees, maar die voorwaarde is dat hulle Sy volk sal wees (Hom aanbid). Weier hulle om dit te doen, dan is die straf

die ewige verderf. As hulle egter die verbondsvoorwaardes nakom, is daar groot seën.

Ons mag vandag ook ‘n beroep doen op God, en Hom wys op die wonderlike verlossingsdade wat Hy vir ons gedoen het. Inderdaad het die slawerny van Egipte nie vandag betrekking op ons nie, maar die slawerny van die duiwel, toe ons nog ongelowig was, is ‘n harde werklikheid. Kyk maar om jou, hoe die Moslems vasgevang is in ‘n slawerny-godsdiens. Nog baie erger is die Hindoes met hulle magdom van gode, waarvan die helfte bose magte is wat dreig om hulle te verswelg. Hulle leef in ‘n gedurige

vrees vir demone. Dieselfde geld vir die tradisionele Afrika-godsdiens, waar bose magte en heksery hulle met kettings van vrees bind. Selfs in ons “verligte” Westerse beskawing is die ongelowige ‘n slaaf van sy sonde - dwelms, rook, drank, losbandigheid, dobbel - noem maar op. Jesus se groot versoeningsdaad het ons verlos van hierdie dinge. Die verbond vandag bepaal dat ons in Hom sal glo, en Hom aanbid. In ruil daarvoor gee Hy ons die ewige lewe (en hope ander seëninge). Verwerp ons egter Sy aanbod, is die straf die ewige verderf. Verskriklik!

Daniël se gebed is ‘n aangrypende boetedoening, waar hy bely dat hulle

(God se verbondsvolk) gesondig het, en dat hulle nie God se genade verdien nie. Hy pleit om vergifnis.

My vraag vanoggend is, of dit nie dalk is as gevolg van ons as gelowiges se afvalligheid wat dit so sleg met ons gaan nie? As gelowiges het ons lou geword in ons ywer vir die Here. Ons het oorgenoeg tyd om sepies te kyk en sport, maar ons het nie meer tyd om ‘n erediens by te woon of te bid of die Woord van God in te drink nie. Ons kan reuse paaiemente op luukse motors en huise bekostig, maar kan nie meer bekostig om ons dankoffers vir God te gee nie. Is dit nie dalk waarom ons kerke in

winkelsentrums omskep word nie? Is dit nie dalk waarom misdaad besig is om ons land te verswelg nie? Ons kinders kry nie meer 'n Christelike opvoeding nie - nee ek praat nie van die skole nie, maar van in die huis! Is dit nie dalk waarom ons hier in Ballito in spanning sit en wag vir die Matrieks wat enige dag nou ons dorp gaan binneval nie? Ja, baie van hulle kan hulle nog gedra, maar die oorgrote meerderheid van hierdie kinders gaan hulleself totaal te buite aan drank, en maak dit bitter onaangenaam vir almal om hulle.

Voordat ons na die wêreld gaan vinger wys, moet ons as gelowiges

eers weer na die balk in ons eie oog kyk, want ons is besig om God se verbondsvoorwaardes so stilletjies by die deur uit te gooi.

**Gebed:**

**Saam met Daniël bid ek vanoggend, Here: "Hoor tog, Here! Vergewe, Here! Gee tog ag op ons en tree op! Ter wille van Uself, moenie talm nie, my God. U Naam is oor U volk uitgeroep." (Dan. 9:19)**

# 23 Gabriël kom Aangevlieg

# Daniël 9:20-27

Terwyl Daniël nog besig is om te bid, kom die engel Gabriël daar aangevlieg - sommer so half amper in die verbygaan word dit genoem. Ek sou net daar omgekap het van die skrik. Vir Daniël is dit gebedsverhoring. Nee, dit is nie waarvoor hy gebid het nie - hy het gebid vir sy volk se verlossing en vir die herstel van die heiligdom. Maar God weet beter - hy hoor Daniël se smeking, en Hy gaan selfs so ver om vir Gabriël te stuur om vir Daniël te kom verduidelik.

So dikwels bid en bid en bid ons vir

‘n sekere ding, en dan gebeur daar niks. Het God ooit my gebed gehoor? Verstaan Hy dan nie my nood nie? Hoekom antwoord Hy dan nie? Waarom gee Hy dan nie waarvoor ek vra nie? ‘n Klein seuntjie sal vir sy pa vra: “Pappa, ek wil ‘n windbuks hê”, en die pa weet dat daardie wapen vir die outjie gevaarlik kan wees. Eendag, miskien, as hy baie meer wysheid het, sal hy dit dalk kry. Pa probeer verduidelik, maar hy hoor hom nie eers nie. Die seuntjie kan nie verstaan hoekom Pa so wreed is om nie NOU vir hom ‘n windbuks te gee nie. Ons is eintlik soos klein seuntjies en dogtertjies by God, ons Vader. Hy het soveel meer wysheid

as ons, en Hy het ‘n groot ewigheidsplan. Dikwels antwoord God ons gebed op die een of ander wyse, maar ons gedagtes is so besoedel dat ons nie Sy antwoord hoor nie.

Maar terug by Daniël - Gabriël verduidelik vir hom: God antwoord die ou profeet op ‘n baie besonderse wyse, want Hy het vir Daniël lief. Maar die antwoord wat Daniël kry is dalk nie heeltemal wat hy wou hê nie, en boonop is dit nie ‘n maklike antwoord om te verstaan nie. Daar word gepraat van sewentig tydperke (die Ou Vertaling lees: “sewentig sewetalle”). Wat moet ons hiermee verstaan? Dit is simboliese getalle,

en dit kan op ‘n paar maniere verklaar word. Een daarvan is dat dit die tydperk is van die aankondiging hiervan tot met die herstel van Jerusalem, en tot met die verwoesting daarvan in 70nC. Dit kan ook verstaan word as die herstel wat eindig met die dood van Antiochus Epifanes. ‘n Derde moontlikheid is om eskatologies hierna te kyk. Wat vir Daniël helder en duidelik was, is vir ons vandag ‘n raaisel, en die geleerdes stem saam dat hierdie een van die moeilikste Skrifgedeeltes is om te verklaar.

Hierdie Skrifgedeelte is deur baie mense aangegryp om die toekoms van die kerk, die Jode en Israel te

bereken. Ongelukkig raak mense só op loop daarmee, dat die res van die Woord onderbelig word. Wat maak ons dan hiermee? Natúúrlik is dit deel van die Woord van God, en die blote feit dat God selfs vir Gabriël gestuur het om die boodskap te bring, sê vir ons dat dit baie belangrik is, en dat ons dit nie maar kan weggooi nie. Dit bring ons daarby dat dit een van slegs twee verklarings kan hê, en albei is baie belangrik: ‘n Messiaanse en ‘n eskatologiese verklaring (of dalk albei!) (Eskatologie is natuurlik die bestudering van die toekomstige dinge).

Die Messiaanse model sê kortliks vir

ons: Die sewentig tydperke is simbolies, en dui op ‘n volheidsgetal (tydperk) wat van ‘n besonderse betekenis is vir Israel en Jerusalem. Hierdie tyd kom in volkome vervulling van die koms van die Messias. Daar sou ‘n tydperk wees van verwoesting en ongeregtigheid. Daarna kom weer ‘n tyd van herstel (die tempel en Jerusalem), en na dit alles sal die tempel en stad weer verwoes word (soos dit deur die geskiedenis bewys is). Hierdie is egter slegs die geskiedkundige deel, want midde dit alles skyn die helder lig van die koms van die Messias, die Gesalfde van God wat versoening bring vir die mens se oortredinge. In hierdie tyd word ‘n

blywende geregtigheid tot stand gebring.

Daniël het gebid vir die herstel van Israel en die tempeldiens. Die antwoord op sy gebed het egter sy stoutste verwagtinge oortref. God dink soveel groter as ons nietige mense - selfs groter as die groot profeet Daniël. Hy antwoord Daniël deur hom so ‘n klein kykie te gee in die Goddelike raadsplan met Israel. Dit gaan nie oor die onmiddelike toekoms nie, maar die profeet sien eeue vooruit wat God in die geskiedenis vir sy volk inhou. In slegs ‘n paar woorde word die sluier vir Daniël gelig oor die grootste gebeurtenis óóit in die geskiedenis

van die wêreld. Die omvang van die gevolge van hierdie gebeurtenis is astronomies groot - baie groter as wat Daniël ooit sou kon begryp.

Ons staan op die vooraand om weereens hierdie gebeurtenis - die koms van die Messias - te herdenk. Die ongelowiges vier ook Kersfees. ‘n Hindoe vrou vertel my gister dat hulle gesin ook Kersgeskenke koop, ‘n kalkoen slag en Kersfees vier. Vir my en jou as gelowiges moet dit egter oor iets baie groter gaan as bloot ‘n vakansiedag en lekker eet en geskenke. Dit gaan oor God se liefde en genade. Dit gaan oor God se Geskenk aan jou en my. Het jy al daardie geskenk aanvaar? Indien

wel - hoe beleef jy dit?

**Gebed:**

**Here, dankie dat U Daniël se gebed verhoor het op so 'n wonderbare manier, en dat ons vandag selfs die vrugte daarvan kan pluk.**

# 24 Die Luggeveg Oor Juda

## Daniël 10:1-3

Dit was die 24ste Maart 536 vC. Die tagtigjarige ou profeet Daniël tuur oor die Tigrisrivier. Sy hart is seer, want eintlik wou hy ook saam met sy volk na Juda terug gegaan het, maar sy hoë posisie in die regering het dit verhoed. Daniël sien skaars die jolige klomp mense om hom raak - mense wat nou al vir byna ‘n maand lank feesvier. Nuwejaar is verby, maar die feesgevoel kan maar nie uit die mense kom nie. Hier in Persië word nuwejaar gevier op die eerste Maart. Daniël ril as hy dink aan die partytjies. Alles begin op 1 Maart wanneer die afgod Mardoek deur die

heilige Isjtarpoort gedra word. Bo-op die Tsikkurat (dis nou die tempeltoring) word dan offers gebring aan die gode wat daar in hulle nuwejaarsvergadering die lot van die volgende jaar sou bepaal. Dat mense jou waarlik sulke snert sou glo! En snags hou die Babiloniërs partytjie - vir ‘n volle twee weke lank - nie sommer net partytjie nie: hulle “brandewyn” het gládnie brieke nie!

Vir twee weke lank het die rook swaar oor die stad gehang - rook wat opstyg van meer as ‘n duisend afgods-altare ter ere van Mardoek, die koning van die gode. Die ganse stad het meegedoen, en gesing en

gedans en hulle oorvreet en gesuip soos visse. Die lawaai en geroesemoes het die arme ou Daniël byna gek gehad. Hy het homself in sy kamer toegesluit en getreur ...... en gebid. Buite walm die afstootlike rookwolke van afgodsoffers - in Daniël se kamer styg die heerlike reukwerk van gebed op tot God.

Dit is nie die geroesemoes van die skare wat hom so treurig stem nie, maar die berigte wat hy gehoor het uit sy vaderland, Juda. Daar het dit gladnie goed gegaan met die Jode nie. Dit was ‘n blye dag toe die volk kon terugkeer na hulle geliefde land. Maar die geestelike verval onder

hulle was baie erg. ‘n Volle sewe maande na hulle terugkeer was daar vir die eerste keer weer ‘n altaar om op te offer vir God. Tweehonderd-duisend mense het teruggekeer na Juda - brandarm mense. Hulle was die geestelike kern van die Joodse volk. Die Jode wat nie in ballingskap weggevoer was nie, het intussen geestelik baie agteruit gegaan, en heidense gebruike was aan die orde van die dag. Hulle het nou nie juis oorgeloop van vreugde toe hulle broers uit ballingskap by hulle kom aansluit nie, en daar was dikwels onenigheid en openlike vyandskap, veral toe daar aan hulle voorgeskryf word oor wat dit beteken om God te dien.

Daar is, na baie struwelinge, weer begin bou aan die tempel, wat totaal verwoes was. Die bouwerk was nou al nege maande aan die gang, en Daniël was diep bedroef oor die berigte wat hy hoor - van al die teenstand wat die bouers kry op hulle Godgegewe taak. Gedurige sielkundige aanvalle op die bouers, en dikwels fisiese oorlog teen hulle deur hulle half-heidense mede-Jode, het uiteindelik sy tol ge-eis, en die bouwerk aan die tempel is gestaak.

Daniël ken net een pad as die laste van die lewe so swaar op hom druk. Hy gryp na die magtigste wapen wat hy in die hande kan kry: gebed! Ja, dit is ‘n wapen wat selfs die kleinste

en swakste gelowige met groot krag kan gebruik. Daniël is so ernstig in gebed gewikkel met God, dat hy vir drie weke lank vas en hom verootmoedig voor die Here.

En in hierdie tyd beleef Daniël weereens die ongelooflike krag van gebed. Hemel en hel kan daarmee beweeg word - so moet Daniël uitvind. Daar word aan hom geopenbaar dat 'n gees uit die hel die duiwelse werk in Juda ondersteun. Maar terselfdertyd beleef hy die hemelse wanneer een van die magtigste engele uit die hemel gestuur word om hom te antwoord en die invloed van die helse mag te breek. Tussen hierdie

twee magte ontbrand daar ‘n titaniese stryd om die beheer van Juda.

Waarom Juda? Wat is dan so besonders aan Juda dat die duiwel so verbete daaroor veg? En waarom was dit so noodsaaklik dat die tempel herstel moes word teen alle koste? Maar het jy dan nie geweet dat juis uit die stam van Juda die Messias, die Christus gebore moes word nie? Daar in Juda moes die diens van die Here herstel word, en ‘n tempel gebou word - ‘n tempel wat baie heerliker sou wees as die vorige wat gebou was. Daar moes ‘n tempel wees waar die Seun van God sou inkom en die waaragtige

woorde van lewe sou verkondig. Vir die duiwel was die gebeurtenisse in Juda van lewensbelang, want as hy daar kon oorwin ...... Maar God is baie groter as die duiwel. In Betlehem, in Juda het daar vyfhonderd jaar later ‘n totaal nuwe geskiedenis begin - ‘n geskiedenis wat vooruitgeloop sou word deur die herstel van die tempel.

Vandag stel die duiwel steeds intens belang in dít wat in die kerk gebeur, en hy probeer sy uiterste bes om die kerk onregeerbaar te maak, net soos wat hy in Daniël se tyd gedoen het. Ek en jy is die geestelike kern wat moet bou aan God se Koninkryk. Moenie dat die duiwel

ons bouwerk beduiwel nie!

**Gebed:**

**Here, rondom ons is daar soveel geestelike verval. Maak ons asseblief paraat, en gee ons die moed om die bouwerk voort te sit met ywer.**

# 25 Die Engel by die Tigris

# Daniël 10:4-10

Die somer was aan die kom, en dit het beteken dat dit tyd geword het vir die Persiese koninklikes om hulle jaarlikse verskuiwing te doen. Van Babilon af trek hulle nou die vierhonderd kilometer na Ekbatana. Volgende winter trek hulle weer terug. Daniël het so pas drie weke lank met die Here geworstel, en gebid en gevas. Maar nou is hy reeds op pad na sy somerbestemming. Die reuse kameelkaravaan kom by die drif deur die Tigrisrivier aan, en almal pak af vir ‘n blaaskansie. Hulle het alreeds ‘n honderd en twintig

kilometer agter die blad, en die gryse ou Daniël se tagtigjarige sitvlak is letterlik deurgesit. ‘n Pragtige gesig - die Tigris. Daar lê nog ‘n volle week se reis voor anderkant hierdie mooi rivier.

Skielik kry Daniël ‘n eienaardige gewaarwording - daar is ‘n soort rammeling in die lug - iets onbeskryflik, soos wat hy nog nooit voorheen ervaar het nie. Daniël se hart klop in sy keel. Die klomp bygelowige heidene saam met hom is so vreesbevange dat hulle almal die hasepad kies - net weg van hierdie on-aardse plek. En dan sien Daniël hom - die man met die skitter-wit priesterkleed. Daniël skrik

hom asvaal - dit kan maar net ‘n engel wees. By al die vorige geleenthede het hy slegs engele gesien in ‘n droom of visioen. Maar hier staan die engel voor hom in lewende lywe. Daniël voel hoe die bloed uit sy gesig en kop dreineer - hy voel bewerig. Wat sou dit beteken?

Om die engel te probeer beskryf is absoluut onmoontlik, want hoe kan jy iets beskryf wat jy voorheen nog nie gesien het nie: daardie gordel om sy middel - suiwer, skitterende goud - die héél beste kwaliteit. En die sneeuwit kleed - maar dit is nie die klere wat so besonders is nie - dit is die man sélf. Waar sy liggaam

onder die kleed uitsteek, skitter sy vel soos ‘n kleurvolle edelsteen. Sy arms en bene lyk soos blinkgepoleerde brons. Daniël se mond hang oop, en hy bewe soos ‘n riet. Hy waag dit om die man in die gesig te kyk. Daniël skrik hom buite weste, want die gesig is, om die minste te sê, vreesaanjaend. Sy gesig flikker soos weerlig en sy oë spoeg vuur. Wat ‘n asemrowende heiligheid!

En dan begin die man praat. Sy stem kan nie in menslike taal beskryf word nie - dit is soos ‘n diep dreuning van duisende-der-duisende mansstemme. Dit is die laaste strooi vir die arme Daniël. Hy voel hoedat

sy knieë slap word. Sy kop draai, en hy val daar neer op sy gesig soos ‘n stuk lap. En daar is nie ‘n enkele mens in sig om die ou profeet te help nie, want teen hierdie tyd was sy bygelowige reisgenote al diep in die woestyn ingevlug. Die engel het nader getree en Daniël opgehelp. En daar staan Daniël, bewend soos ‘n riet van angs en aandoening op sy hande en knieë.

Nie een van die mense wat saam met Daniël was het hierdie gesig aanskou nie, want almal het natuurlik weggehol. Waarom? Dit was ‘n heilige oomblik, en God wou alleen praat met Daniël. Daarom het Hy eers die plek "skoongevee", en

ontslae geraak van al die goddelose heidene. Daar is ook ander vrae: Wie was hierdie engel? Daaroor kan ons vandag maar net spekuleer, want Daniël sê nie vir ons nie. Ek dink dat hy só aangegryp was deur die grootheid van die gebeure, dat hierdie detail nie eers by hom opgekom het nie. Party geleerdes sê dat dit Gabriël was; ander wil selfs beweer dat dit "die Engel van die Here", Christus was. Hoe dit ookal sy - dit bly net spekulasies.

Die ander vraag wat opkom, is waarom Daniël dan so beangs was? Ja, Daniël was iemand wat baie naby aan God geleef het. Nogtans is die sonde wat hy sekerlik ook maar

ervaar het, ‘n muur tussem hom en die onbeskryflike heiligheid van God. As hy dan van aangesig tot aangesig met hierdie heiligheid kom, dan is dit een te veel vir sy sondige menslikheid. Hoe diep het ons as mense nie in die sonde verval nie! Adam het nog vreesloos en vryelik saam met God gewandel en verkeer. Die verwydering wat die sonde gebring het is egter so groot dat selfs die heilige Daniël nie eers selfs ‘n ou stukkie van God se glans kan verwerk nie.

Watter wonderlike voorreg het ek en jy nie vandag nie. Jesus het gekom en alles verander. Hy het die skeidsmuur tussen ons en God kom

verwyder. Daardie ondeurdringbare voorhangsel in die tempel wat God van die mens geskei het, het van bo na onder middeldeur geskeur sodat die skeiding vir ewig weg is. Nou is dit nie meer nodig om deur middel van skrikwekkende engele met God ‘n gesprek te voer nie, want Jesus is die Middelaar tussen ons en God. En wat meer is: nou hoef ons ook nie te wag vir spesiale geleenthede om met Hom te praat nie - elke oomblik van die dag is Hy daar, en op enige plek en tyd en situasie kan ons met Hom gesels. Ons hoef ook nie meer ons boeglam te skrik as ons Sy stem hoor nie - die sagte stem van die Heilige Gees praat heeldag met ons. Al wat ek en jy

moet doen om daardie heerlike, soet stem te hoor, is om ingesteld te wees daarop.

**Gebed:**

**Here, dankie dat U nie vandag met ons praat in ‘n skrikwekkende stem nie, en dat ek met U kan gesels.**

# 26 Hemelse Geveg

## Daniël 10:10-17

Die gordyn word vir ons vanoggend so op ‘n skrefie oopgetrek sodat ons kan loer na wat aangaan in die geesteswêreld. Ons dink dat dit slegs hier op vleeslike vlak is waar al die oorloë aangaan. Berigte van ‘n oorlog tussen Moslems en Christene het ons alweer bereik die afgelope paar dae. In Indië heers ‘n terreurveldtog. En so kan ons aangaan. Maar daar heers ook oorloë in die hemel tussen die engelemagte en die magte van die bose.

Toe hierdie engel na Daniël

aangestap kom, het die arme man hom buite weste geskrik, en die engel moes hom kom ophelp. Nadat hy darem weer bewend en wankelrig op sy voete kon kom, praat die engel met hom. Hy noem Daniël op die naam, en die eerste ding wat hy sê is dat Daniël nie moet bang wees nie, en dat God hom liefhet. Wat 'n wonderlike vertroosting: God is nie 'n God van straf nie, maar van liefde. En dan antwoord die engel een van ons kwelvrae - of God ooit ons gebede hoor: Op die eerste oomblik dat Daniël begin bid en vas en verootmoedig het, is sy gebed reeds in die hemel gehoor. Vir my en jou beteken dit vandag dat, al voel dit vir jou dat jou gebed nêrens heen

gaan nie, hoor God onmiddellik as die gelowige Hom in gebed aanroep. Daar is absoluut niks van ons vrae of sugte of blydskap wat God nie onmiddellik hoor nie.

Maar dan kom daar ‘n baie interessante stertjie by, wat ‘n mens eintlik verbaas laat. Daniël se gebedsverhoring moes eers wag vir ‘n volle drie weke, want daar was ‘n saak van lewensbelang wat afgehandel moes word. Vir drie weke is die engel verhinder om sy werk te doen, want die “engel van die Persiese ryk” het teen hom geveg. Onmiddellik wil ‘n mens vra: Maar waarom veg engele dan teen mekaar? Hiervoor moet ons eers ‘n

bietjie terug gaan in die geskiedenis. Die duiwel was eens een van die magtige engele van God. Hy het egter teen God in opstand gekom, want hy wou self die groot heerser wees. Hy het ‘n magdom engele teen God opgesweep, maar toe word hy uit die hemel gesmyt, en saam met hom al sy volgelinge. Wanneer hier dus gepraat word van die “engel van Persië”, dan is hy g’n engeltjie nie, maar ‘n magtige gees uit die hel - met ander woorde, ‘n bose engel. Hierdie geveg tussen die bose engel en God se boodskapper was so geweldig, dat die hulp van een van die magtigste engelvorste, Migael, ingeroep moes word om te kon oorwin.

Die geveg was egter nie net ‘n hemelse geveg nie. ‘n Mens kan aflei uit vers 13 dat hierdie bose engel die Persiese koning wou aanhits om die Joodse volk te vervolg, maar dat hierdie engel by Daniël deur sy optrede kon ingryp in die situasie. Eers nadat die situasie beredder is, kon die engel sy aandag aan Daniël gee. Ons moet onthou dat engele wel hemelse wesens is, maar nie Goddelik nie. Alleen God is alomteenwoordig - engele is skepsele, nes ek en jy, en kan net op een plek op ‘n keer wees.

Die engel sê vir Daniël dat hy gekom het om hom in te lig oor wat met die Joodse volk sou gebeur in die

toekoms. Die Ou Vertaling lees: “aan die einde van die dae” (v. 14). Hier moet ons verstaan dat dit nie handel oor die einde van die wêreld nie, maar aan die einde van die Ou Testamentiese geskiedenis - dáár waar die Ou Bedeling tot ‘n end kom, en alles nuut beding word vir die mensdom met die koms van die Messias. Hy skep met ander woorde vir Daniël ‘n Kersverwagting.

Daniël is sprakeloos - letterlik en figuurlik. Dit is nie van skok of angs nie, maar uit eerbied teenoor hierdie magtige engel. Sy voorkoms alleen was so oorweldigend, en Daniël het maar bitter klein gevoel in die geselskap van hierdie

indrukwekkende bode van God. Sy knieë was lam, en hy was kortasem. Met ‘n aanraking van die engel herwin Daniël weer sy kragte, en eers dán kan hy ‘n paar woorde uitkry. Hy vertel vir die engel hoe verskriklik ontsteld hy is oor die visioen.

Die eindtye waarvan die engel vir Daniël kom vertel het, was vir my en jou die begintye. Ons het nie meer nodig om in vrees en bewing neer te val wanneer God met ons praat nie, want Jesus het die gordyn tussen ons vernietig. Watter wonderlike voorreg het ons nie vandag nie, om nie nodig te hê om deur ‘n boodskapper met God te

kommunikeer nie, maar dat die Kneg van God, Jesus, persoonlik by ons is. Ons kan te enige tyd met Hom gesels sonder om in vrees neer te slaan. Anders as die engel, wat net op een plek kan wees, is Jesus waarlik God, en is Hy dus alomteenwoordig. Dit maak nie saak waar ons is op aarde of selfs in die ruimte nie - Hy is altyd daar, oral gelyk. Dit is gans te veel vir ons klein, beperkte menslike verstandjie om dit te begryp. Ons kan nie eers ‘n engel begryp nie - wat nog van God! Hy vra egter slegs vir ons om te glo - ons het nie nodig om te verstaan nie. Ons moet besef hoe groot die voorreg is wat ons het, en ons moet die geleentheid om met

Hom te kan praat dankbaar aangryp en gebruik.

**Gebed:**

**Here, dankie dat U elke oomblik van die dag beskikbaar is vir my. Help my om meer met u te praat.**

# 27 Oorlog in die Lug

## Daniël 10:18-11:1

Daniël hiperventileer - alles wat hier om hom gebeur is net eenvoudig te groot vir sy verstand om in te neem, en stadig voel hy hoe sy krag uit hom vloei. Dit voel vir hom kompleet asof daar nie genoeg suurstof in die lug is nie. Die engel kom weereens tot sy redding en hy raak aan hom. Dan gebeur die wonderlike: nuwe lewe - nuwe krag stroom sy liggaam binne. "Moenie bang wees nie", kalmeer die engel hom, "jy vir wie God liefhet!" bemoedig die engel hom. Met die woorde: "Wees sterk! Wees sterk!", gee die hemelse wese hom nuwe krag. En skielik is hy

weer die ou Daniël wat nie eers vir ‘n trop leeus bang is nie. Met nuwe moed kan hy luister na die ongelooflike boodskap van die engel.

Daniël moet aanhoor dat die titaniese stryd waarin hierdie engel betrokke was met die helse magte wat die Persiese Ryk probeer manupileer, nie verby was nie. Die engel moes sy geveg onderbreek om met Daniël te kom praat, maar hierna moet hy weer verder gaan veg. Wanneer hierdie geveg verby is, lê daar egter nog ‘n reuse stryd voor, want die bose engel wat in Griekeland verwoesting saai, is volgende aan die beurt. Só erg is

hierdie stryd dat die hulp van die engel-vors Migael ingeroep moet word. Maar in Darius se tyd was die bordjies weer verhang, toe hierdie engel weer vir Migael te hulp moes snel.

Hierdie dinge laat ‘n mens se kop draai - dit klink amper na wetenskapfiksie. G’n wonder dat Daniël so lighoofdig geraak het nie! Hier sit ons rustig en weet van g’n sout of water nie, terwyl daar oorlog heers en verwoede gevegte geveg word in die “ander dimensie”, die wêreld van engele en van die bose.

Die engel lig die sluier so ‘n klein bietjie vir Daniël, wanneer hy vir hom vertel van die dinge wat in “die

Boek van die Waarheid" opgeteken is - dit is die boek van God se ewige raadsbesluit. God het 'n verlossingsplan asook 'n wêreldplan daargestel, alreeds lank voordat die aarde gevorm is. Wat ookal in die geskiedenis gebeur het, en wat vandag op hierdie oomblik gebeur, en wat nog in die toekoms gaan gebeur, staan vas in God se raadsplan. Daarom kan die engel met sekerheid vir Daniël sê wat vir die wêreld voorlê.

In hierdie Skrifgedeelte word die sluier so 'n effe vir ons gelig, oor wat agter die skerms aangaan in die lugruim om ons. Daar is engele wat oor die Kerk van God op die aarde

waak - hulle veg daarvoor! Maar dan is daar ook die bose magte wat probeer om die Kerk van God te verswelg. Hulle is natuurlik die bose engele wat saam met Satan afvallig geword het. Dit is teen húlle wat die engelemagte veg, en die uitwerking van wat daar om ons aangaan, kan ons hier op die aarde duidelik sien.

“Aag, ek weet darem nie so mooi nie”, hoor ek iemand sê oor al hierdie engelemagte en goed, “Is dit werklik, of is dit maar net deel van ou Daniël se drome?” In Gen. 32:1 lees ons hoe Jakob ‘n engele-leërmag teëgekom het by die grens van Kanaän. In 2 Kon. 6 lees ons van die oormag van Arameërs wat

op pad was om die Israeliete by Dotan van die gesig van die aarde af te vee. In vers 17 lees ons dan dat die berge rondom Elisa gewemel het van "**perde en strydwaens van vuur**" - engelemagte wat hulle beskerm het en die ganse Aramese leër verblind het. Die bekendste van engelemagte is natuurlik die een waarvan ons lees in Luk. 2, waar die herders hierdie ongelooflike koor in die hemel gesien het wat hulle hemelse musiek laat weergalm het oor Betlehem se velde. In Mat 26:53 vertel Jesus vir Sy dissipels dat daar twaalf legioene engele gereed staan om in te gryp by die kruisiging, as God dit sou wou hê.

Wat is die aandeel van engele en bose magte in vandag se plofbare wêreldpolitiek? Ons kan maar net raai. Was hierdie magte betrokke in die berugte 11 September-gebeure? En wat van die dinge wat nou in Indië gebeur? Ek dink dat daar ‘n titaniese stryd heers oor Zimbabwe. Mugabe is maar net ‘n marionet wat deur die duiwel beheer word, en dans soos wat die duiwel die toutjies trek, om sy bose plan ten uitvoer te bring. Hy (dis nou die duiwel, en óók Mugabe) gee nie ‘n vlenter om vir al die duisende wat sneuwel in die stryd nie.

Op die aarde kan daar nooit ‘n paradystoestand wees solank die

duiwel bly rondloop soos ‘n brullende leeu nie. Die oorlog duur al duisende jare voort, maar die intensiteit daarvan was nog nooit so erg as juis vandag nie. Die duiwel weet dat sy uurglas besig is om uit te loop - die laaste sandjies verdwyn deur die gaatjie, en daarom veg hy verbete om oorlewing. Die Boek van die Waarheid - God se groot Raadsbesluit - staan egter vas, en daarom is ons as gelowiges se hoop nie verniet nie. Ons weet dat die groot oorwinning op ons wag, en dan sal ons stryd in glorie eindig. Ons kan met groot verwagting uitsien na daardie heerlike dag wanneer die Seun van God - die Leeu van Juda - in glorie op die

wolke verskyn om die finale oorwinning aan te kondig. Eers dan sal die paradys volkome herstel wees.

**Gebed:**

**Here, maak my asseblief sterk en gewillig vir die stryd, en hou my staande teen die aanvalle van die bose.**

# 28 Konings Wik, maar God Beskik

## Daniël 11:2-4

Op my boekrak staan ‘n baie interessante boek, geskryf deur Generaal J C Kemp: “**Vir Vryheid en Reg**”. Dit handel oor die Anglo-Boere Oorlog. Hierdie generaal het gepoog om ‘n baie akurate geskiedenis te skryf oor die oorlog wat totaal die verloop van Suid-Afrika se bestaan verander het. Wat egter baie interessant is, is die Britse koerantberigte wat hy deurentyd in die boek aanhaal, wat ‘n totaal ander prentjie skets as wat die generaal teken. Die feite wat weergegee word, verskil hemelsbreed van mekaar. Dit bring

‘n mens by die uitleg van geskiedenis - twee mense wat na presies dieselfde stukkie geskiedenis kyk, sal dit totaal verskillend oordra, afhangende van uit watter oogpunt daarna gekyk word.

Juis om hierdie rede is die volgende twee hoofstukke van Daniël eintlik baie moeilike hoofstukke om uit te lê, want dit gaan hier oor wêreldgeskiedenis wat die engel aan Daniël openbaar. Daar is egter nie datums of name bygevoeg nie, dus kan ons nie altyd met sekerheid sê dat dit op hierdie of daardie koning van toepassing is nie. Dit is wél gemik op die koninkryke van die

paar-honderd-jaar tydperk na Daniël, maar dit kan net sowel ook gelees word in ons moderne opset - afhangende van uit watter oogpunt jy dit beskou. Hierdie gedagte kan ons dalk opsom in die woorde van Dan. 12:4: "**Baie mense sal oor die gebeurtenisse navraag doen om begrip daarvan te probeer kry.**" Ja, selfs ou Daniël het nie eers mooi verstaan oor wie presies dit gaan nie - lees maar Dan, 12:8.

Wanneer ons hierdie twee hoofstukke lees, moet ons nie onsself blind staar teen die koue, afgryslike feite van die geskiedenis nie. Ons moet 'n bietjie dieper kyk, en dan sien ons dat die geskiedenis

‘n doel het. Dit is nie ‘n grillerige mengsel van noodlottighede en toevallighede nie, maar dit het ‘n onstuitbare gang en ‘n onbuigbare vaste koers. Uit die koue feite leer jy niks, maar wanneer jy na die geskiedenis kyk deur die bril van God se Woord, dan word dit vir jou ‘n openbaring. Dan sien jy dat hierdie afgryslike geskiedenis uitloop op God se Verlossing. Hoofstuk 11 van Daniël vertel die geskiedenis tot met die dood van Antiochus Epifanes, die skrikwekkende, goddelose kneg van die duiwel. En daarna volg hoofstuk 12 wat die wonderlike troos gee van die verlossingswerk van God.

In ‘n paar verse skets Daniël vir ons die wêreldgeskiedenis in ‘n neutedop. Ontleed ons wat die engel sê, dan sien ons die “vierde koning” wat uitstaan bo die ander. Hierdie koning kan ons moontlik identifiseer as Xerxes, ‘n Persiese koning wat ontsaglik ryk was. Maar dit is sy leër wat ‘n mens se asem skoon wegslaan. Hy het oor ‘n tydperk van vier jaar vir hom soldate gewerf oor sy hele uitgestrekte Koninkryk, en uiteindelik ‘n enorme leër saamgestel van twee en ‘n half miljoen manskappe. Hoe hy dit kon regkry om so ‘n verskriklike klomp honger soldate kos te gee, en boonop te beheer, gaan ‘n mens se verstand te bowe. Aan die Westelike

front was daar ‘n Griekse reus aan die ontwikkel, en Xerxes het sy kolossale weermag teen die Grieke laat optrek. Daniël noem nie eers wat die uitslag was nie, want hierdie titaniese onderneming het absoluut niks opgelewer nie. Na hulle nederlaag by Salamis, was Persië se wêreldrol iets van die verlede. Die “vierde koning” kon egter ook gewys het op Darius III, die laaste van tien Persiese konings wat oor ‘n tydpek van 220 jaar regeer het. Wie presies bedoel was, is van minder belang, want weereens gaan dit nie oor die persoon nie, maar oor God se almag en Sy raadsplan.

Die volgende bergtop wat die

profeet sien uitsteek in die geskiedenis, is Alexander die Grote. Soos ons in vorige dagstukkies gesien het, het hierdie Griek die ganse bekende wêreld oorrompel in sy kort drie-en-dertig jaar wat hom op aarde gegun was. Hy het gemaak net wat hy wou, en het Koninkryk na Koninkryk ingepalm op sy gierige, magshonger oorlogs-vraatsug. En toe laat God hom sterf toe hy in die fleur van sy lewe was - ‘n drie-en-dertigjarige jongman.. Nie een van sy twee kinders erf sy wêreldryk nie - albei word vermoor. Twaalf generaals baklei om die beheer van die wêreld oor te neem, en uiteindelik slaag vier van hulle daarin om die ryk tussen hulle vier te

verdeel. Die groot mag van Alexander is gebreek, verdeel, afgewater en verflou.

Die afgelope paar maande het ons gesien hoedat wêreldreuse skielik tot ‘n val kom. Banke en instansies met enorme bates en kapitaal het inmekaar getuimel toe die wêreldekonomie skielik omswaai en hulle ‘n klap gee. Skatryk mense het oornag brandarm geword toe die effektebeurs in duie stort. ‘n Paar jaar gelede (11 September) het ons gesien hoedat ‘n reus onder die geboue binne minute in ‘n puinhoop verander. Die mens raak dikwels verwaand, en sy mags- en geldsug dryf hom tot groot hoogtes, sodat hy

hom bo God verhef. Hy hou egter nie rekening daarmee dat God steeds almagtig is, en dat Hy die Een is wat die geskiedenis bepaal nie.

**Gebed:**

**Here, hou my asseblief nederig, en herinner my elke oomblik daaraan dat ek so baie afhanklik is van U alleen.**

# 29 ‘n Slinkse Troonjagter

## Daniël 11:5-21

Die engel het in ‘n paar woorde vir Daniël die geskiedenis saamgevat tot met die verdeling van die Macedonies-Griekse Ryk. Nou gee hy meer datail oor kleinere ryke wat hieruit voortgevloei het. Hierdie is nie sommer net geskiedenis nie, maar alles loop uit op dinge wat ‘n groot invloed het op die Volk van God - dus geskiedenis met ‘n doel.

Ptolemeus I was een van Alexander die Grote se bekwaamste generaals, en hy het vir hom ‘n ryk opgebou in Egipte (die koning uit die Suide). Een van sy generaals, Seleukos I,

verower weer Babel en vorm die Seleukidiese Ryk in die Noorde. Na 61 jaar probeer hierdie twee ryke kragte saamsnoer, en die Egiptiese koning Ptolomeus II gee sy dogter, Bernice as vrou vir die Siriese koning, Antiochus Theos (die goddelike), wat sy eerste vrou, Laodicea uitskop om plek te maak vir hierdie jong blaartjie. Toe dit nie uitwerk nie, vat hy weer vir Laodicea terug. Haar eer was egter gekrenk, en sy laat vir Bernice, haar troonopvolger-kind en haar hele Egiptiese huishouding uitmoor. Bernice se broer, Ptolomeus III, neem wraak en trek met ‘n groot leër op na Antiochië en vermoor Laodicia. In die proses buit hulle ‘n

reuse fortuin - onder andere meer as 2'000 ton silwer, 2500 afgodsbeelde en hope goud.

Hierna volg oorlog op oorlog tussen Sirië en Egipte, waar daar selfs van olifante gebruik gemaak is as "tenks" in die aanvalle. Tienduisende soldate sneuwel. Uiteindelik kry Sirië die oorhand en bevry in die proses die Jode wat swaar onder die Egiptiese juk gely het. Die Siriese koning, Antiochus, besluit om witvoetjie te soek by die Egiptenare, en gee sy dogter, Cleopatra as vrou vir Ptolomeus V van Egipte. Sy verskuilde agenda was egter dat Cleopatra dan oor Egipte sou regeer, maar dit het nie uitgewerk

nie.

Intussen het die Romeine op die toneel verskyn. Toe Antiochus die Grote die Griekse gebied wou annekseer, het hy hom vasgeloop teen die Romeinse mag. By Magnesia het 50’000 van Antiochus se soldate gesneuwel, en Sirië is gedwing om ‘n reuse oorlogskuld te betaal.

Sirië is geknak, verneder en verarm. Nou was die verhoog gereed vir die Ou Testamentiese Antichris. Nóg die koning van die Noorde, nóg die koning van die Suide kon dit regkry om ‘n wêreldmag tot stand te bring. Albei was verarm en verneder. Uit hierdie puin sou die “Antichris”

verrys. Die res van hierdie hoofstuk in Daniël handel dan ook oor hierdie "veragtelike persoon" (v. 21).

Na die slag van Magnesia het Antiochus die Grote 'n aantal vooraanstaande Siriërs aan die Romeine oorhandig as gyselaars. Een van hierdie gyselaars was sy eie seun, Antiochus IV. Vir tien jaar was hy 'n gevangene in Rome. Terwyl hy gyselaar was, is Demetrius, die seun van die Siriese koning Seleukus IV (Antiochus IV se broer) in 'n staatsgreep gevang en na Rome gestuur om Antiochus IV as gyselaar te vervang. Demetrius was die troonopvolger. Sy pa word intussen vermoor deur sy minister

van finansies, terwyl Antiochus as vry man wegstap. Op pad huistoe hoor Antiochus van hierdie moord op sy broer, en hy begin links en regs vry by ander konings om hom te help om aan bewind te kom. Hy behaal sukses, en bestyg die troon. Dit was ‘n totale onverwagse wending van sake, want iemand wat so lank in die tronk was, sou nooit in aanmerking kom vir die koningskap nie. Sy slinkse streke het hom die troon besorg.

In die volgende aantal verse van Daniël 11 sien ons hoe karakterloos hierdie man se optrede sou wees. Met listige sluheid het hy verbonde gesluit met ander vorste, en dan het

hy daardie vors uit die weg geruim op die mees strategiese oomblik. Hy het met mooi woorde die inwoners van die vrugbaarste dele van die land aan die slaap gesus, en dan het hy die land leeg geplunder. Die buit het hy met uitermatige verkwistende vrygewigheid onder sy aanhangers verdeel om sodoende groot invloed oor hulle te kry. As dit eers gebeur het, het hy hulle in sy mag gehad.

Laat dit 'n mens nie baie dink aan 'n sekere despoot wat op die oomblik heers in 'n land net noord van Suid-Afrika nie? Met slinkse truuks het hy die pragtige Zimbabwe leeg gesuig en homself uitermate verryk. Die

paleis wat hy vir homself gebou het laat Hollywood paleise na pondokkies lyk. Sy eie aanhangers word ingestop met omkoopgeskenke terwyl sy volk doodgaan van die honger. Dit is tóg interessant om te sien hoedat die geskiedenis homself keer op keer herhaal. Die tragiese is dat hierdie leiers nooit leer uit die geskiedenis nie! Soos met so baie voor hom gebeur het, sal Robert Mugabe se dag ook kom. God sien die bose dinge wat hy doen raak.

Op hierdie noot wil ek die dagstukkies oor die boek Daniël vir eers afsluit vir die jaar. DV sal ons in Januarie daarmee voortgaan. Vir môre beplan ek egter iets heeltemal

anders - iets oor Kersfees.

**Gebed:**

**Here, dankie vir die dinge wat ons kan leer uit die geskiedenis. Vanoggend wil ek elkeen in Zimbabwe wat gebuk gaan onder die verskriklike verdrukking aan U opdra in gebed.**

# 30 Konings Konkel

## Daniël 11:21-30

Met ons laaste dagstukkie oor Daniël, sal jy onthou, was die engel besig om vir Daniël die geskiedenis uit te lê. Ons het gesien hoedat alles na ‘n hoogtepunt lei, en dat hierdie nie maar net geskiedenis is nie, maar dat die volk van God direk hierby belang het. Die berugte Siriese koning Antichus Epifanes sit op die troon, maar hy kan vir geen oomblik stilsit nie, want sy magsug brand hom. Daar vêr in die suide is ‘n baie begeerlike land wat hy brand om te oorwin - Egipte. Die ongeluk is dat sy eie neef, die 18-jarige japsnoet Ptolomeüs VI daar regeer

(hy was Antiochus se suster Cleopatra se seun). Egipte het ‘n gedugte leër gehad - baie sterker as dié van Sirië, maar die slinkse Antiochus het nogtans (met die hulp van ’n bietjie verraad) geseëvier. Die gevolg van die nederlaag vir Egipte was dat sy jeugdige koning in ballingskap weggestuur is, en sy broer, Ptolomeüs VII koning gemaak is.

Antiochus was so slinks soos die houtjie van die galg, en hy het die jong balling-koning uitgenooi om te kom gesels. Terwyl die wyn waarskynlik heerlik gevloei het, vertel Antiochus vir die mannetjie dat hy hom graag weer op die troon sou

wou sien, want dis waar hy hoort. Listig smeer hy hom heuning om die mond, maar sy éintlike doel was om volle beheer oor Egipte met al sy fabelagtige rykdomme te verkry. Sluheid en bedrog was aan die orde van die dag, en selfs onder bloedfamilie was daar ’n gedurige gekonkel en gerugstekery. Maar is dit nie presies wat vandag aan die gang is nie? Rondom die konferensietafels van die ganse wêreld (ook Suid-Afrika) floreer valse diplomasie. Kyk maar watter groot rol omkoopgeld in ons eie regering speel - selfs onder die hoogste leiers!

Antiochus het met ‘n groot buit van

Egipte af terug gekeer na sy land. Op sy pad was die klein landjie, Palestina, waar die volk van God woon. Terwyl sy troepe daar deur trek hoor hy van ‘n klein opstandjie daar, en hy besluit om hierdie klomp Jode ‘n les te leer. Die gevolg was ‘n bloedbad in Jerusalem. Die tempel word ontheilig, en die altaar en goue kandelare en tafel met toonbrode word geroof, saam met allerhande kosbaarhede in die tempel. Alles word as buit weggevoer toe hy ‘n paar dae later vertrek na Sirië. Intussen moet hy hoor dat al sy gekonkel niks opgelewer het nie, want die twee Ptolomeüs broers het vrede gemaak.

Twee jaar later suiker Antiochus weer af na Egipte met ‘n verdere veldtog. Hierdie slag het hy hom egter lelik misgis, want hy het nie rekening gehou met die Romeine nie. Rome het ‘n afvaardiging gestuur na Egipte met die eis dat Antiochus onmiddellik die verowerde gebied aan Egipte moet terug gee. Antiochus laat hom natuurlik nie afskrik deur ‘n geblaf nie, maar die Romeinse gesant, Laenas, het hom gekonfronteer. Hierdie nors man het met ‘n staf ‘n kring om Antiochus getrek in die stof, en geknor: “Sê my wat ek vir die senaat moet antwoord voordat jy uit hierdie kring uit loop!”. Antiochus het hom asvaal geskrik en stert tussen die bene die aftog

geblaas. Hy was woedend oor hierdie vernederende nederlaag, en sy woede het hy gaan uithaal op arme Joodse volk wat op sy pad terug was. Maar daaroor gesels ons DV more.

Deurgaans lees ons in hierdie Skrifgedeelte woorde soos “op die bestemde tyd” en “hulle einde is klaar bepaal”. Ons het dit al by herhaling gesien dat hierdie dinge nie maar gebeur nie, maar dat God bepaal wanneer dit mag gebeur en dat God die finale oordeel oor hulle sou fel. Al die gebeure loop op na ‘n geweldige, ongekende klimaks, en die middelpunt van dit alles is die klein, niksseggende landjie wat elke

keer op Antiochus (en die Romeine) se pad is. Die grootste verlossingsplan van alle tye was besig om vorm aan te neem, en God was besig om die grootste en sterkste nasies op aarde te gebruik as blote pionne om Sy groot doel te bereik.

Vandag kan ons die verloop van die verhaal sien, en maar net in verwondering staan oor hoe God alles laat saamloop het. Die tragedie is egter dat ons elke ding wat gebeur vandag bevraagteken. "Waarom laat God dit en dat toe? Kan Hy nie maar ingryp nie? Hoor God ooit ons ernstige gebede?". Uit die geskiedenis wat ons in Daniël

lees, moet dit vir ons duidelik wees dat God vandag steeds nét so in beheer is van alle gebeure as in Daniël se tyd. Kyk ons maar net na die geheelprentjie wat vandag aan die gebeur is, dan kan ons sien dat alles na 'n klimaks loop teen 'n skrikwekkende tempo - die tweede groot klimaks in die geskiedenis van die wêreld. Die eerste het tweeduisend jaar gelede tot uitbarsting gekom met Jesus se koms as Verlosser-Baba. Die tweede wat sekerlik nou op hande is, is die wederkoms van Jesus, wanneer Hy as Verlosser-Koning in volle glorie kom om te kom haal, dié wat aan Hom behoort.

Maranatha! Kom Here Jesus, kom gou!

**Gebed:**

**Almagtige God, ons aanbid U vanoggend as die Een wat oor alles beskik!**

# 31 Afvalligheid

## Daniël 11:30-35

Antiochus was ‘n baie slim en geslepe man. Hy het besef dat die Jode se hele wese draai rondom hulle godsdiens en veral die kerk (tempel), en dat as hy hulle wil onderkry, dan sal hy juis dáár moet begin. Hy gebruik dus sy gladde tong en sy Griekse redeneerkuns, en allerhande mooi beloftes, en so beïnvloed hy die afvalliges in die kerk om hom te help veg teen die kerk. Die duiwel is ‘n geslepe kalant, en selfs vandag gebruik hy steeds dieselfde metodes om die kerk af te kraak: hy gebruik mense binne in die kerk om dit vir hom te doen!

Antiochus stuur ‘n leër na Jerusalem onder bevel van Apollonius, en op die Sabbat val hulle Jerusalem binne - juis op die dag waar die Jode die minste weerstand sou bied. Mans word doodgemaak en vrouens en kinders gevange geneem. Huise is geplunder en verwoes, en selfs die mure om die tempel is afgebreek. Maar toe kom die ding wat seker die seerste maak: die tempel word verander in ‘n tempel vir die Griekse afgod: Zeus Olympios. In Desember 168 vC. word die Joodse erediens verbied, en bo-op die altaar in die tempel word ‘n nuwe altaar gebou vir Zeus. Die duiwel was desperaat, want skaars 160 jaar later sou die

Messias gebore word, en hy wou dit ten alle koste probeer stuit.

As ons die geskiedenisboeke van daardie tyd lees, sien ons die allerverskriklikste dinge wat Antiochus aangevang het met die Jode - hoe hulle koelbloedig vermoor is as hulle afwyk van sy bevele, en hoe selfs baba seuntjies en hulle moeders wreedaardig om die lewe gebring is as hulle durf waag om die babas te besny. Jerusalem en die tempel was verwoes. Maar dit sou nie die laaste keer wees nie - sewentig jaar na Jesus se geboorte word dit herhaal - hierdie keer deur die Romeine, en soos Jesus geprofeteer het, het daar

hierdie slag nie twee stene opmekaar bly lê van hierdie majesteuse gebou nie.

Wat ons in vers 30 lees, is uiters tragies: Antiochus sou kom kers opsteek by die afvalliges van die volk. Totale verwoesting het gevolg op raad wat hy gekry het van Jode. Vandag sien ons ‘n verskriklike tendens van afvalligheid in die kerk. Kyk maar hoeveel mense op ‘n Sondag nog die behoefte het om God te aanbid in die erediens. Kerke loop leeg! Die erediens is die plek waar jy brandstof kry vir die week se aan die gang bly. Dit is die plek waar medegelowiges mekaar versterk en bemoedig. Daarsonder brand jou

geloofsvlammetjie al flouer en flouer, totdat dit naderhand net rook en die kamer vul met ‘n slegte reuk. As jy eers hierdie stadium van afvalligheid bereik het, dan is jy ryp vir die invloed wat die duiwel op jou kan hê, en ‘n geskikte kandidaat om te help met die vernietiging van die kerk. Ek het dit al persoonlik beleef, waar afvalliges met “mooi” argumente alles kom deurmekaar krap het in ‘n gemeente, en dan net weer verdwyn nadat die skade gedoen is.

Daniël se profesie het darem ook ‘n ligpuntjie gehad, want “**die mense wat hulle God ken sal vasstaan**” (v32) en in vers 34 praat hy van “’**n bietjie hulp**” wat hulle sou kry. Daar

was byvoorbeeld die verhaal van die ou Skrifgeleerde Eleásar wat gedwing is om varkvleis te eet. Hy het geweier. Toe bied hulle aan dat hy rein vleis kan kry om te eet, want hulle wou hê dat die ander Jode moet dink dat hy toegegee het. Steeds het die bejaarde ou man geweier, want hy wou nie ander Jode na die verderf lei nie. Uit eie wil het hy na die pynbank gestap om gegésel te word eerder as om vir iemand anders struikelblok te wees. En dan was daar die "**bietjie hulp**" van Mattatias en sy vyf seuns wat in opstand gekom het teen hierdie oormag, en talle heidense altare vernietig het. Judas was hulle leier, en hy het die bynaam van "die

Makkabeër" gekry, omdat hy soos 'n "strydhamer" geveg het. Daar was baie Jode wat by Judas se groep aangesluit het, maar moed verloor het wanneer die oorhand te groot was, en dan weer onttrek het om maar gedweë weer die vyand te volg.

Uiteindelik is die kaf van die koring geskei deur loutering en suiwering. Wanneer dit maklik gaan, is dit nie moeilik om 'n gelowige te wees nie. Wanneer die druk egter toegepas word, is dit slegs diegene wat ernstig is oor hulle geloof wat staande bly. Die vraag aan my en jou vandag as gelowiges is, of ons sal staande bly wanneer dit werklik

begin moeilik raak. As my lewe bedreig word omdat ek ‘n gelowige is - sal ek bereid wees om deur te druk en steeds staande te bly? Daar was die storietjie van die kerk waar ‘n klomp gewapende manne ingestorm het en geskree het dat almal wat nie gelowiges is nie vry kon gaan, maar die gelowiges moet agterbly. Nadat driekwart van die gemeente dankbaar uitgevlug het, sê die een skurk: “Dominee, nou is al die skynheiliges weg - nou kan jy maar preek!” Sou jy een van dié wees wat sou agterbly? Hoeveel is ons werklik bereid om te verduur vir ons geloof in Jesus ons Verlosser?

# Gebed:

**Here, vanoggend wil ek bid vir die talle afvalliges, wat geloof maar net gebruik omdat (wanneer) dit gerieflik is. Werk asseblief in daardie harte, en bring hulle weer terug na U, die enigste ware God.**

# 32 Antiochus, die Epifanes

## Daniël 11:36-39

‘n Week of twee gelede hoor ek iemand klop. Dit was in ons Boshuisie op Marloth Park, en ek is sommer dadelik half vies, want wie sou my dan so vroeg in die môre wil kom spreek? By die voordeur is niemand! Dan sien ek hom: die neushoringvoël wat aan die venster klop. Hy is ook sommer ontsteld. Dan vlieg hy ‘n draai en kom sit voor ‘n ander venster en doen dieselfde. Verwoed pik hy na die glas. Die proses word herhaal in elke venster rondom die huis. Toe kom ek die ding agter: Hierdie voël het so ‘n groot dunk van homself, dat hy hom

verbeel dat hy die enigste een is wat seggenskap hier rond het. En nou is hierdie ander voël skielik hier rond, en hy probeer sy gewig rondgooi. Die ergste is dat elke keer as hy met die ander ou in die venster praat, dan praat daardie ene terug! Sy senuwees is gedaan, want hy wil die grootbaas wees, en skielik word sy baasskap betwis.

Antiochus die IVde het nog ‘n baie groter probleem gehad. In sy Koninkryk het sy onderdane ‘n klomp afgode aanbid. En toe dink hy by homself, dat hy wat Antiochus is, afgeskeep word, en die afgode kry al die aandag. Sy slim plan is om vir homself ‘n tweede naam by te voeg:

“Epifanes”, die geopenbaarde god. Dit was algemene praktyk in sy tyd dat konings hulleself as gode laat verklaar het, maar Antiochus het ‘n stappie verder gegaan en homself bo al die gode verhef. Niemand het tot dusver tot sulke absurde en ongehoorde hoogtes probeer vlieg nie! Argeoloë het geldstukke ontdek waar hy afgebeeld is met ‘n stralekrans bo sy kop en die woorde “**Koning Antiochus, Die Geopenbaarde God**” daarop gegraveer.

In Rome het hy die afgod Jupiter Capitolinus, “die god van vestings” leer ken. Die Grieke noem hierdie selfde afgod Zeus Olimpios.

Antiochus het groot sin gekry in die krag wat hierdie afgod versinnebeeld, en hy het later homself laat uitbeeld met dieselfde gelaatstrekke as Zeus, en homself "Die Oorwinnaar" laat noem. Hy het homself vereenselwig met hierdie grootste van die afgode. Soos ons gister gesien het, het hy dan ook 'n beeld van Zeus in die tempel in Jerusalem laat aanbring. Hiermee wou hy nie alleen die afgod laat heers in die tempel nie, maar het hy homself as heerser in die tempel geplaas. Sodoende wou hy in werklikheid sê dat hy verhewe is bo die Almagtige God.

Antiochus het volgens vers 36

ongehoorde dinge teen die Allerhoogste God gesê. Met sy aksies en dade het hy God gespot en gesmaad. Boonop het hy ook alle dienste aan God verbied. Sou God dit verdra? Inderdaad het God vir Antiochus vrye teuels gegee, en hom laat begaan, want God se tyd vir hierdie arrogante man was nog nie daar nie.

Antiochus het nie alleen die Jode die harnas ingejaag met sy hoogmoed nie: in Sirië het hy die afgode van sy eie mense verag. As hy dan groter as hulle gode is - waarom moet hy hulle dan aanbid? Wat veral seergemaak het, is die liefling-god van die vrouens, Tammoes, wat hy

verwerp het. Die afgod Zeus is die enigste wat hy laat vereer. Vir die Siriërs is dit ‘n totaal nuwe god, en Antiochus gaan uit sy pad om hierdie god met oorvloedige skatte te laat vereer. Natuurlik het dit te doen met die feit dat hy homself met hierdie afgod identifiseer. Diegene wat sy nuwe god aangehang het, het hy beloon met grondbesit en poste in sy administrasie.

Ons het aan die begin gesê dat Antiochus Epifanes beskou kan word as die Ou Testamentiese “Antichris”. Uit wat ons vandag oor hom geleer het, is dit baie duidelik dat daardie beskrywing hom soos ‘n handskoen pas. Hy laat eer homself

as die vleesgeworde Zeus, die god van die Romeinse tempelvesting, en hy eis gehoorsaamheid, selfs van die kerk, wat alleen die God van die tempelvesting van Sion mag (moet) aanbid, en die Seun van God wat in die vlees sou kom, nie baie lank na hierdie gebeure nie.

Vandag het die mensdom steeds die keuse: Kies tussen die Lam en die Dier! Wie gaan ons eer - God almagtig, Skepper van hemel en aarde, of gaan ons toegee aan die mens met sy afgodsdiens van humanisme, grootheidswaan, geldsug en magsug? Op die oog af is die antwoord baie maklik: Natúúrlik sal ons God aanbid - dit is

mos voor-die-hand-liggend! Lees ons egter die Tien Gebooie, dan kom ons agter dat as ons kies om God te volg, dan mag ons Hóm alleen dien, en geen ander gode nie. Dit noop ons om ‘n bietjie te besin oor die afgode wat die lewe ons in oorvloed bied. Alles wat vir ons so belangrik raak dat dit ons lewe oorheers, kan ‘n afgod wees. Vir een persoon is dit dalk drank; vir ‘n ander kan dit kos wees. Iemand se lewe word dalk oorheers deur sigarette, en ‘n ander s’n deur geldgierigheid. Dobbel, seks, pornografie, magsug - noem maar op - al hierdie dinge kan ‘n afgod wees. Kom ons breek vandag met die klein godjies in ons lewe, en dien

God Almagtig alleen.

**Gebed:**

**Here, help my asseblief om ontslae te raak van al die klein afgodjies in my lewe - ek wil U alleen dien!**

# 33 Antiochus se Vlammetjie Geblus

## Daniël 11:40-45

Ons het oor die afgelope paar hoofstukke verstom gestaan oor die arrogansie van die wettelose man wat homself nie alleen as ‘n god gesien het nie, maar homself verhef het bo die ander gode en selfs gedink het dat hy groter as die Almagtige God is. Maar selfs so ‘n verhewe mens kom tot ‘n einde. Wat Antiochus nooit besef het nie, was dat God hom gebruik het, en dat God al die tyd in beheer was.

Antiochus se eie neef, Ptolomeüs, het steeds regeer in Egipte, en toe

hy weer begin tande wys vir sy mags-mal neef in Sirië, laat Antiochus nie op hom wag nie en storm af na Egipte om vir Ptolomeüs op sy plek te sit met ‘n paar seer vuishoue. “Die Pragtige Land”, Israel, word so in die verbygaan ‘n paar lelike dwarsklappe gegee. Dié slag is dit egter nie so maklik om sommer so oor sy jong nefie te stoomroller nie, en dit eindig in ‘n volskaalse oorlog. Egipte het twee bondgenote, Libië en Etiopië, wat hom help veg teen die Siriese oormag. Maar die slinkse Antiochus konkel weereens, soos hy al soveel keer in die verlede gedoen het, en met mooipraatjies draai hy Egipte se bondgenote teen hom, en buit hy in

die proses tallose skatte.

Terwyl hierdie goddelose koning nog besig was om hom te vergryp aan Egipte se skatte, verneem hy van opstande in die Ooste en Noorde, waar die Parte van die Kaspiese Seegebied besig was om Iran aan te val, en die Arameërs in die Noorde terselfdertyd in opstand gekom het teen Siriese juk. Antiochus is blind van woede, en hy stoomroller terug om die ongehoorsame klomp nikswerte ‘n les te gaan leer wat hulle nooit sal vergeet nie. Vir oulaas word Antiochus se paleistente in die Israelse grondgebied opgeslaan naby die berg Sion, op sy woedetog terug na

Sirië. Hierdie keer is sy fokus egter só op die afvalliges in sy Koninkryk gerig, dat die Jode skotvry daarvan afkom.

‘n Kort rukkie later, terwyl hy besig was op Noord van Susa teen die Parte te baklei, word Antiochus siek. Niks kan vir hom gedoen word nie, en hulpeloos en magteloos om teen hierdie siekte te veg, sterf hy. “**Maar dan sal hy aan sy einde kom en niemand sal hom kan help nie**”, profeteer Daniël in 11:45.

Antiochus wou in sy lewe álles wees, álles besit, álles doen wat hy lus het om te doen. Maar één ding wat hy nooit kon regkry nie, was om vir God te kon manipuleer. Toe hy

die dag gesmag het om nog ‘n bietjie langer te kon lewe, het God eenvoudig sy vlammetjie uitgeblus. Ja, die mens wat soos God wil wees, bly altyd totaal hulpeloos in die lig van God. Antiochus het homself die naam “Epifanes” - die verskyning van God - gegee, maar daardie naam kom slegs EEN toe, naamlik die KNEG wat ‘n paar jaar later sou verskyn wanner Hy in die vlees sou kom. Daardie KNEG sou nie alleen kom om te verlos nie, maar aan die einde van die tyd sal Hy weer verskyn, dié slag om diegene te verdelg wat hulleself teen God verhef. Die straf wat op Antiochus Epifanes wag is allerverskriklik.

Die wêreld het ‘n sug van verligting geslaak met die dood van die Ou Testamentiese Antichris, Antiochus. Die duiwel was verwoed, want hiermee is sy planne om die koms van die Messias te keer in die kiem gesmoor. Sy beste handlanger tot dusver is deur een enkele woordjie van God van die aarde afgevee. As ‘n god kon Antiochus dalk vir ewig gelewe het, en nog baie groter bose dinge vermag het op die aarde. Maar die duiwel het nie met God rekening gehou nie. Maar rus sou hy beslis nie, en hy was al klaar besig om nuwe planne te beraam om die grootste gebeurtenis van alle tye te keer. Die Romeine moes help, en as hulle nie kon hond haaraf maak nie,

dan stuur hy 'n Herodus. Maar sy slimste truuk hou hy vir laaste - God se eie kerk! Ja, hy sou nog God se eie mense misbruik om sy doel te bereik!

Die vraag is, of die duiwel sal triomfeer? Hy het so byna-byna reggekry om die geskiedenis totaal te verander tydens Antiochus se regering. Hoe verskriklik moedeloos moes die gelowiges nie gewees het nie! Maar God het op die regte tyd ingegryp. Vandag sien ons hoedat die wêreld rondom ons besig is om te vrot in die sonde. Alles lyk so hopeloos. Met angs sien ons hoedat korrupsie en moord en roof en geweld soos 'n vloedgolf oor ons

spoel. Oral waar jy kyk verwoes nasies mekaar in oorloë. Onmenslike diktators soos Robert Mugabe doen net eenvoudig wat hulle wil, sonder dat enigiemand hulle kan keer. En dan wil ons vra: “Waar is God dan?”.

Watter wonderlike troos is dit dan nie, om ‘n boek soos Daniël te kan lees, en te sien dat God steeds daar is, en in volle beheer is, al lyk dit vir ons anders. Die goddelose het geen mag oor die dood nie, en na die dood kom die oordeelsdag. Ek en jy as gelowiges het alreeds die dood oorwin in Jesus, want vir ons is die dood slegs ‘n deur na die lewe. Vir die oordeelsdag hoef ons geen

vrees te hê nie, want ons is alreeds vrygespreek, en ‘n lewe van glorie wag vir ons.

**Gebed:**

**Dankie Here, vir die heerlike troos wat hierdie boek ons bied. Dankie dat U in volle beheer is!**

# 34 Profetiese Perspektief

## Daniël 12:1-4

Wanneer ons die laaste hoofstuk van Daniël begin lees, dan wil dinge nie heeltemal sin maak nie, want die een oomblik verduidelik die engel nog vir Daniël van die onmiddellike geskiedenis, en die volgende oomblik is hy by die opstandingsdag. Hulle noem dit "Profetiese Perspektief", en dit is iets wat nogal baie voorkom in die Bybel. Jesus vertel byvoorbeeld vir Sy dissipels (in Lukas 21) van die verwoesting van Jerusalem, wat net 'n paar jaar later sou plaasvind, maar in die selfde asem praat Hy van die Wederkoms, wat

tweeduisend jaar later steeds nie gebeur het nie.

Kom ek probeer verduidelik: As jy in die drakensberge is, dan sal jy hier naby jou dalk ‘n heuwel sien, en direk agter hom nog een sien uitsteek. As jy egter gaan ondersoek instel, dan kom jy agter dat die agterste deel van die heuwel dalk baie kilometers verwyder is van die voorste, al lyk hulle amper na een heuwel. ‘n Ander voorbeeld sien ons in die sterre. As jy na die bekende sterrebeeld van die Suiderkruis kyk, dan sien jy twee helder sterre langs mekaar - die “aanwysers” naby hierdie beeld. Een van hulle (Alpha Centari) is die naaste ster aan die

aarde. Hy is 4½ ligjare van ons af weg. Wat ons dus daar sien het alreeds 4½ jaar gelede gebeur. Sy buurman (Beta Centauri) is eintlik gladnie ‘n buurman nie, want hy is 490 ligjare van ons af, en die lig wat ons nou sien het reeds 490 jaar gelede van daardie ster af weggespring. Kyk ons dus na die twee sterre, dan sien ons tegelyk 4½ jaar en 490 jaar in die verlede in. Verstommend né! Net so is twee bekende sterre in die Orion-groep ook amper-bure: Sirius, die helderste ster is 8,7 ligjare weg, terwyl Rigel wat in een van Orion se “bene” is, 880 ligjare ver is.

Op hierdie selfde wyse “spring” die

engel nou oor die tydsgrense, en sê vir Daniël dat "In daardie tyd" daar 'n baie groter hulp gaan wees as die ou klein bietjie hulp wat die Makkabeërs gebied het. Dit gaan kom van die engel Michael, Israel se beskermengel. In die eerste plek sien ons hierdie verlossing wat Michael bied as die redding uit die verkriklike hand van Antiochus. Maar terselfdertyd dui dit ook op die voleinding van die wêreld, en die belofte van die ewige lewe. Hier sien ons, terloops, seker die duidelikste voorbeeld van die opstanding uit die dood en die ewige lewe uit die Ou Testament.

Daar is egter iets ontstellend as die

engel vertel van die opstanding: Ja, inderdaad sal daar gelowiges wees wat sal "**skitter met die glans van die hemel**" (v.3), maar dan sal daar ook die ander wees wat gaan opstaan met 'n bordjie van "**ewige skande en veragting**" (v.2) wat om hulle nekke hang. Daar gaan met ander woorde 'n skeidingsproses wees, en diegene wat in hulle aardse lewe verstandig was, sal groot glorie ontvang, maar die dwases in die lewe sal vir ewig met 'n afgryslike lewe van skande beloon word. Ja, hierdie lewe van glorie sal nie maar net tydelik of vir 'n bepaalde tyd wees nie, maar vir ewig. En so ook sal die dwase se straf ook vir ewig wees.

Op wie is hierdie oordeel van toepassing? In die eerste plek gaan dit hier oor die Jode - die Volk van God - dit is immers oor Daniël se volk waaroor die engel die hele tyd gepraat het. As ons egter die profetiese perspektief in ag neem, dan kan ons hierdie selfde beloftes deurtrek na my en jou vandag. Jesus het immers (in Mat 13:43) dieselfde belofte herhaal, maar dit op alle gelowiges van toepassing gemaak toe Hy gesê het: "**Dan sal die gelowiges in die Koninkryk van hulle Vader skitter soos die son.**"

So kom die openbaring wat die engel vir Daniël gegee het tot 'n

einde. Maar eers gee hy vir Daniël ‘n laaste opdrag: “**Hou die woorde geheim en verseël die boek**”. Dit was tipies van apokaliptiese werke van daardie tyd. Dalk sou ‘n beter vertaling gewees het om te sê dat Daniël die woorde moet bewaar (omdat dit baie kosbaar is).

Ons het reeds by herhaling gesien dat hierdie hoofstuk wat ons so pas afgehandel het gaan oor God se dade van gramskap, maar ook Sy genade, en dat dit nie net vir Daniël se tyd bedoel was nie, maar ook vir ons vandag. Vandag beleef ons die dinge waarvan hy skryf baie intens - dalk nie in dieselfde vorm nie, maar dit is daar. Die kerk word daagliks

geskud soos nog nooit tevore nie. Duiwelse geweld en die leuen is op almal se lippe, en dit lyk asof dit die kerk totaal versmoor. Wetteloosheid is die norm. Maar in die agtergrond kan ons alreeds die basuin hoor weerklink - die basuin wat God se genade en verlossing verkondig. Dalk is dit die klank van die basuin van die aardsengel wat die aankoms van die Seun van God aankondig wanneer Hy in heerlikheid terugkeer as Oorwinnaar. As gelowiges is ons ook opgewonde oor daardie groot dag, net soos die Jode in Daniël se tyd opgewonde gewag het op die geboorte van die Messias. Al die tekens was daar. Al die tekens is vandag reeds hier wat die

wederkoms van die Leeu van Juda aankondig.

**Gebed:**

**Here, in die verskriklike tye waarin ons vandag leef, sien ons hartstogtelik uit na U wederkoms!**

# 35 God se Bepaalde Tyd

# Daniël 12:5-7

Terwyl die bejaarde ou profeet, Daniël nog staan en wonder oor al die dinge wat die engel vir hom vertel het, verander die toneel skielik voor sy oë. Daniël staan by die Tigrisrivier, en weerskante van die groot rivier verskyn twee engele. Bokant die water het die engel in die priesterkleed gesweef. Nou was die verhoog opgestel vir die "laaste bedryf" van hierdie verstommende visioen wat helder oordag voor Daniël afspeel.

Dan praat een van die engele: "Hoe lank sal hierdie onbegryplike

gebeurtenisse nog aanhou?”, vra hy vir die engel in die priesterkleed. “Hoe lank nog....”, daardie tergende vraag wat so dikwels op ‘n mens se lippe is. “Hoe lank gaan hierdie misdaadsituasie in ons land nog aanhou?” en “Hoe lank nog voordat Jesus weer kom?” - Vrae wat ‘n mens snags laat rondrol. Wanneer die engel hom antwoord, steek hy albei sy hande op na die hemel, om hierdeur te benadruk dat dit wat hy gaan sê die absolute waarheid is. Wanneer ‘n eed afgelê is, is slegs een hand opgesteek. Deur albei hande op te steek wanneer hierdie engel nou die eed aflê, wil hy dit benadruk dat dit onteenseglik vasgelê is, en dat niks dit sal

verander nie.

Die antwoord wat die engel gee, laat ‘n mens amper koud, want op die oog af sê dit nie veel nie: “’n Tyd, tye en ‘n halwe tyd”, staan dit in die ou vertaling. In die nuwe vertaling word die woorde gebruik: “Die hele vasgestelde tyd”. Wat belangrik is, is die feit dat daar ‘n bepaalde tyd gaan kom - ‘n tyd deur God vasgestel, wanneer die verskriklike verdrukking van die volk sal ophou. Vir Daniël was dit ‘n wonderlike troos, want hy het gesien hoedat die vervolging en verdrukking dag-vir-dag toeneem. En met ‘n hart wat in sy keel klop, moes hy hoor hoedat dit nog baie erger sou word. Die

troos is dat daar ‘n einde sal kom op God se tyd.

Dieselfde troos kom vandag ook vir my en jou, wat vreesbevange moet toekyk hoe dinge by die dag vererger - dit lyk nie of daar ooit ‘n einde gaan kom aan die dinge wat ons besig is om te beleef nie. Maar op God se bepaalde tyd, soos wat Hy dit Self onveranderlik vasgestel het, sal die einde kom van hierdie verskrikking. Vir Daniël word daar nie ‘n jaartal genoem nie, en ons moet nie eers probeer om die “Tyd, tye en ‘n halwe tyd” te ontsyfer, en daar allerhande berekeninge aan te probeer heg nie. In Daniël se tyd het dit beteken dat God reeds die tyd

bepaal het, en vandag beteken dit presies dieselfde vir ons. Vir Daniël was dit die tyd wanneer Antiochus vernietig sou word, en vir ons is dit die einde van die Antichris. Inderdaad kan ons hieruit neem dat die "halwe tyd" daarop dui dat die einde plotseling en onverwags sal aanbreek, soos dit met Antiochus gebeur het.

Voordat dit egter gebeur, wag daar 'n baie ontstellende ding: Hierdie tyd breek eers aan "Wanneer die gewyde volk se mag heeltemal vernietig is" (v.7b). Nee, dit is nie die volk wat vernietig sou word nie, maar sy mag! Vir Daniël het dit beteken dat die godsdienstige lewe

van die volk totaal verlam sou word. Die tempeldiens en al die persoonlike Godsdienstige rituele van die Joodse volk sou in die kiem gesmoor word. Antiochus het dan ook die tempeldiens totaal lamgelê met sy gruwelike ontering van die tempel, en selfs die ding wat vir die Jode die naaste aan die hart gelê het - hulle verbondsteken, die besnydenis, is met die doodstraf beloon as hulle dit sou toepas.

Met groot belangstelling kan ons vandag sien hoedat die woorde van die engel ook op ons huidige tyd besig is om waar te word. Stadig maar seker is die “antichris” besig om sy wurggreep op die kerk van

Christus vaster en vaster te trek. Een-vir-een word ons Christelike waardes by die deur uitgesmyt. Dobbelary, wat as ‘n gruwel beskou was, en onwettig was in Suid-Afrika, is opgehemel en verander in ‘n winsgewende bedryf. Prostitusie was met afsku bejeëen - nou is dit algemene praktyk, en selfs hulle naam is versag om aanvaarbaar te wees: “Sekswerkers!”. Pornografie word nou alledaags, en Christelike onderrig in skole is onwettig. Godsdiens word vervang deur ander dinge, en dit het op sommige plekke al so ver gegaan dat Christene ‘n rariteit geword het. In Australië is byvoorbeeld slegs 4% van die bevolking nog Christene! Elders in

die wêreld is die Christelike Godsdiens al totaal onwettig, en as ‘n Moslem ‘n Christen word, kan hy selfs met sy lewe boet. In talle lande is die verdrukking van Christene afgryslik, maar slegs enkele berigte word deurgesmokkel na die buitewêreld.

Die wêreld spoed voort teen ‘n verbysterende snelheid na die dag wanneer die mag van die kerk totaal verbreek sal wees. Die troos is egter dat op God se bepaalde tyd, hierdie dinge plotseling en onverwags sal ophou. Dit is met groot verwagting dat ek uitsien na daardie wonderlike dag.

# Gebed:

# Here Jesus, kom asseblief gou!

# 36 Gewaarborgde Oorwinning

## Daniël 12:8-13

Na ons skrywe gister, oor die agteruitgang en verdrukking van die kerk, kry ek ‘n wonderlike bemoedigende briefie van Willie Hanekom uit Perth in Australië (ek is seker dat hy nie sal omgee as ek sy naam noem nie!). Hy sê dat dit wel waar is dat slegs 4% van die Aussies Christene is, maar dat die kerk in Australië aan die brand is. Hulle beplan baie groot dinge, met manne- en vrouekampe. In kort: hy is uiters positief oor die dinge wat daar besig is om te gebeur. Syne is nie die eerste brief wat vertel van die mooi dinge wat daar besig is om

plaas te vind nie! Dit wil lyk asof die Suid-Afrikaanse immigrante ‘n baie positiewe uitwerking op die Aussies het.

Ons het nou gekom aan die einde van die boek Daniël. Ek was aanvanklik baie bang om dit aan te pak, want die profetiese deel van die boek is vir die oningeligte (en dit sluit myself in!) maar baie duister en dikwels totaal onverstaanbaar. Die ongelooflike navorsing van Ds. Ten Haaf wat die boekie “**Gewaarborgde Oorwinning**” geskryf het, het egter vir my ‘n totaal nuwe wêreld laat oopgaan. Terloops, die boek kan van die Internet afgelaai word by

http://www.enigstetroos.org/handleidings.htm Die reeks dagstukkies oor Daniël is ook beskikbaar in PDF formaat vanaf ons webwerf by www.dagstukkie.co.za , en ek beoog om dit ook as ‘n gedrukte boek beskikbaar te stel. Ek sal laat weet sodra dit gereed is.

Ou Daniël kerm by die engel dat hy gehoor het wat die engel sê, maar dat hy dit gladnie verstaan nie: “**Waarop gaan alles uitloop?**”, wil hy weet. Ons het die afgelope paar maande ‘n swetterjoel inligting gekry oor die agtergrond van Daniël se profesieë en die boodskap wat ons daaruit kon kry. Ek skaar my egter nog steeds vanoggend by Daniël en

sy onkunde, want baie van die dinge wat hy geskryf het maak steeds nie mooi sin nie. Moontlik word my frustrasie hieroor saamgevat in die engel se woorde: "**die woorde is verseël en word geheim gehou tot die eindtyd toe.**" (v.9). Daar is baie bespiegel oor die ware uitleg van Daniël se profesieë, en daar sal nog baie boeke daaroor geskryf word. Ons kon dalk 'n baie groter studie oor die boek gedoen het, en gepraat het oor al die verskillende menings. Ons wil tog so graag alles wat God in Sy Woord geopenbaar het ten volle verstaan. Dikwels probeer 'n mens dinge sien in 'n onverstaanbare stukkie wat nie daar is nie, en forseer jy 'n verklaring. Ek

troos my daaraan dat selfs die hoogsgeleerde Daniël nie alles verstaan het nie. Ja, hy wou ook graag ‘n volledige uitleg hê oor presies wat sou gebeur tot met die eindtyd. Dikwels probeer ons self ook delf om die antwoorde te kry, maar soos Daniël is dit beter om te berus by die tekens wat ons sien, en dat ons kennis neem dat God die geskiedenis in Sy wonderbare hande het, en dat alles sal gebeur op Sy tyd.

Ek wil daarom volstaan met wat ek geskryf het, want die doel was nooit om ‘n volledige Bybelstudie van die boek te maak nie, maar suiwer om God se persoonlike boodskap vir

ons uit elke gedeelte te kry.

Aan die einde van hierdie boek moet ons onsself die vraag afvra, wat die boek Daniël dan nou eintlik vir ons beteken het?

Die ongelowige (ook ongelowige kerkmense) lees Daniël, en sien daarin 'n paar mooi stories oor Sadrag, Mesag en Abednego in die vuuroond en Daniël in die leeukuil - klassieke verhale wat almal ken. Die res van die boek is 'n warboel ontstellende en onbegryplike gedagtes wat jy liewer nie eers wil lees nie. "**Nie een van die goddeloses sal verstaan nie**", sê die engel vir Daniël in vers 10.

Vir die gelowige is die boek Daniël egter ‘n reuse troos, want ons kan in al die verdrukking en gruwel en geweld en korrupsie wat ons vandag moet aanskou die wonderlike wete hê: Alles is reeds voorspel, en God is in beheer! Op God alleen kan ons vertrou.

Dit herinner ons aan die woorde van die ou beryming van Psalm 146:

**Salig hy wat in die lewe,**

**sonder hulp en sonder raad,**

**as hom alles wil begewe,**

**vlug tot God, sy toeverlaat;**

**en ook in die swartste nag**

**op die HERE alleen bly wag.**

Die boek Daniël sluit af met die grootste troos van almal, wanneer die ou profeet 'n laaste persoonlike woordjie van die engel kry: "**Maar hou jy aan tot die einde toe. Jy sal te ruste gelê word maar weer opstaan en jou bestemde deel**

**ontvang in die eindtyd.**" (v.13). Hierin is die boodskap ook vir jou en my dat ons moet aanhou met ons werk in die Koninkryk van God. Ons moenie moedeloos raak nie, selfs al lyk dit soms of daar nie vrugte is op ons arbeid nie. Ja, inderdaad wag die dood op ons - dit is die paadjie wat die mens maar loop. Maar die wonderlike verwagting gee ons moed, dat die dood nie die einde is nie, maar die begin van 'n wonderlike, splinternuwe lewe van verheerliking saam met God.

**Gebed:**

**Here, ek loof en prys U vir die wonderlike troos wat ons die afgelope tyd uit Daniël kon put.**